Heer Jan III van Culemborg het 'n nuwe kasteel gebou, nou aan die Ooskant van die stad. Dit is deur die eeue heen steeds weer vergroot en verbou, tot dit in die midde van die sewentiende eeu 'n seer aansienlike vorstelike verblyfplaats was. Jan van Riebeeck moet dit in sy volle prag geken het. Die besoeker moes eers deur een van die twee poorte, wat respektiewelik na die stad en na die veld gelei het, die „voorburg" betree, 'n afsonderlike, met gragte omringde kompleks van geboue, waarvandaan hy kon kom na die ommuurde en met sterk torings verdedigde „nederhof"; vandaar het 'n brug gevoer na die „bovenhof," die eintlike verblyf van die burgheer en sy familie. Dit kan nie genoeg betreur word nie, dat hierdie indrukwekkende gebou teen die einde van die sewentiende eeu in verval geraak het, en in 1735 vir afbraak verkoop is. Sekere dele het nog lank bly staan totdat in 1812 die reste met die grond gelyk gemaak is. Maar nog steeds heet 'n aansienlike straat buite die eintlike stad die „Voorburg," en in die nabyheid word ook nog die fondamente van die ou Nederhof en Bovenhof aangewys.

Die nederige groep huise wat aan die voet van die eerste kasteel geskuil het, was in die jaar 1318 as stad erken. Dit het gragte, mure, poorte en torings gekry. Die oppervlakte het die vorm van 'n langwerpige vierkant gehad, en dit sal omtrent 'n halfuur geneem het om rondom

die hele stad te stap. Vir die toenmalige begrippe was dit ruim, maar 'n groot deel van die ruimte was in beslag geneem deur die markplein. Omtrent in die midde van elke syde was die stadsmuur onderbreek deur 'n poort: in die ooste is dit na die stigting van die nuwe kasteel die „slotpoort" genoem; in die noorde die „hawepoort," omdat die hawe, waaroor so dadelik nog meer, daarheen gelei het; in die weste het die naburige dorpie Goilberdinge sy naam



Die Lanksmeerse of Binnenpoort te Culemborg. Let ook op die vroeg sewentiende eeuse woonhuis regs.

geleen aan die „Goilberdingerpoort," terwyl die suidelike poort, wat toegang tot die markplein verleen het, na die dorpie Lanksmeer die „Lanksmeerse poort" genoem is. Dis net die laaste poort, die sterkste van almal, wat nog bestaan, 'n indrukwekkende bouwerk, wat sy huidige vorm egter eers eeue na die stigting van die stad gekry het. Die ander poorte is in die loop van die negentiende eeu – wat min eerbied vir ou bouwerke geken het – afgebreek as verkeersobstakels: die toenmalige snelverkeer ('n trem wat deur twee perde getrek is!) het daardie offer geëis. Sindsdien het die trem verdwyn maar die poorte kom nie meer terug nie.

Soos die ligging van die markplein in die stadsplan bewys, was die stad veral bedoel as 'n sentrum vir die handel in die produkte van landbou en veeteelt uit die omgewing, die vrugbare Betuwse kleigrond. Dig in die nabyheid het die Lek, een van die vernaamste Ryn-arme, gestroom. Dit was 'n belangrike verkeersader, sowel vir die vervoer van goedere as vir die trek van reisigers, veiliger as wat die landpaaie gewoonlik was. Dieselfde Heer Jan III, wat ons reeds leer ken het as die stigter van die tweede kasteel, het die belang van hierdie verkeer ingesien en 'n hawe gebou. 'n Kanaal met daarlangs 'n dyk het van die Lek tot by die stad gevoer, en aan die Noorde het 'n nuwe stadswyk ontstaan, die hawekwartier.

In dieselfde 14de eeu het Culemborg nog 'n uitbreiding ondergaan. Die aanleiding daartoe was van heeltemaal andere geaardheid. Aan die wesgrens van die gebied van die heerlikheid het die gebied van die magtige here van Arkel begin. In hierdie eeu het een van daardie here sy gebied wil beskerm teen die elke winter herhaalde oorstroming van die rivier, die Linge, wat aan die suidgrens van die gebied van Culemborg verbystroom. Daarom het hy die sogenaamde Diefdyk laat ontwerp, wat tot die dag van vandag bestaan en die grens tussen die teenwoordige provinsies Gelderland en Zuid-Holland vorm. Die gevolg daarvan was dat nou die Culemborgse veld nie voldoende kon afwater nie en elke winter oorstroom is. Daar was drie dorpe in die veld: Lanksmeer, wat sy naam aan die poort gegee het, Pavijen en Parijs. Hierdie drie dorpe moes verlaat word, en ten behoewe van die boere is Culemborg vergroot met 'n tweede langwerpige vierhoek wat teen die suidelike muur aangebou is, maar so dat dit uitspring na die weste en inspring van die ooste af. Wat die rede is waarom die reghoeke nie in mekaar se verlengde gebou is nie, kon niemand my nog verklaar nie.

Vanaf daardie tyd was Culemborg dus dubbel so groot, maar die „Nieuwstad," soos die uitbreiding genoem is, was nie dig bewoon nie. Dit was feitlik, 'n merkwaardige en seldsame verskynsel in daardie dae, 'n boerestad, waar die huise tegelyk ruimte moes bied vir die opberging van graanvoorrade, landbouwerktuie, boerekarre ens., en waar tewens die vee vir die winter gestal moes word. In die somer was die veld droog en het die boere daar hul werk gedoen, maar in die winter het alles stad-toe gekom.

Sodoende het Culemborg reeds in die veertiende eeu 'n dubbele karakter vertoon: In die ou stad met die daaraanverbonde hawekwartier was handel, verkeer en weldra ook industrie die belangrikste bronne van inkomste; in die nuwe stad het die boere gewoon wie se belangstelling by landbou en veeteelt gebly het. Vir die ou stad was die water 'n vriend, vir die nuwe stad 'n vyand. Die ou stad het ver die ruimte ingekyk; die nuwe stad het geen verder interesse as die Culemborgse veld geken nie. Mens sou kan beweer dat hierdie dubbele aangesig van sy geboortestad ook kenmerkend is vir die werk van Jan van Riebeeck, die seevaarder wat 'n land en wêrelddeel begin ontgin het, die koopman wat blykens sy dagregister so sterk persoonlike interesse aan landbou en veeteelt geneem het. Maar aangesien Jan van Riebeeck sy vorming nie in Culemborg, maar grotendeels in Schiedam gekry het, is dit wellig beter om nie te veel na 'n oorsaaklike samehang tussen sy werk en sy geboortestad te soek nie.

Ons moet nog 'n oomblik terugkeer na die geslag van die here van Culemborg. Die laaste heer uit die ou geslag, Jasper van Culemborg, wat in die begin van die sestiende eeu gesterf het, het drie seuns gehad, wat jonk oorlede is, en drie dogters, waarvan die oudste, Elisabet, hom as „vrouwe" van Culemborg opgevolg het. Die laste van die regering is met haar gedeel eers deur haar eerste eggenoot,

Jan van Luxemburg, en na sy vroeë dood deur haar tweede man, Antonie van Lalaing. Die portret van Elisabet met haar twee mans op een paneel word nog altyd in Culemborg bewaar; soos ander ou portrette van Culemborgse heersers is dit ook 'n uitstekende stuk werk, wat nie maar net uiterlike gelykenis weergee nie, maar ook 'n sielkundige uitbeel-



Die stadsaal van Culemborg (1534), 'n juweel van vroeë Renaissance boukuns.

ding van die persone skenk. Dikwels het ek by die beskouing my afgevra of Elisabet die manlike bystand in die regering wel so nodig gehad het: sy maak 'n besonder intellektuele indruk, sodat die gedagte by mens opkom dat sy verreweg die skranderste van die drie afgebeelde vorste is.

Onder die regering van Elisabet het belangrike bouwerke tot stand gekom. Twee is nog altyd te sien. In die eerste plek die stadsaal, 'n juweel van vroeë Renaissance boukuns, wat as jaartal van stigting in sy gewel 1534 vermeld, met daarby die sinspreuk, sinspelend op II Petri 3:10–12, maar ook miskien op die brand wat amper die hele ou stad in 1422 verwoes het: „Igni omnia consumitur," „deur vuur word alles verteer." Dis merkwaardig dat die stad Hoogstraten in België, wat tot die gebied van Antonie van Lalaing behoort het, 'n stadsaal in dieselfde styl besit. Altwee werke word aan dieselfde boumeester, 'n lid van die vermaarde argitekte-familie Keldermans, toegeskryf.

Die tweede stigting van Elisabet te Culemborg is die weeshuis. Sy was kinderloos en het by testament bepaal dat 'n deel van die erfenis bestee moes word aan die oprigting en instandhouding van 'n weeshuis vir ouerlose kinders uit die Culemborgse gebied. Die gebou bestaan nog en hoewel deur verbouings die uiterlike nie meer so sierlik is as die stadsaal nie, bied dit tog skilderagtige hoekies en hou dit die herinnering aan die laaste „vrouwe" van Culemborg tot op die teenwoordige tyd lewend.

Ons sê met opset „die laaste vrouwe": want toe Elisabet na 'n regering van ruim 50 jaar oorlede is, is weldra die heerlikheid Culemborg tot 'n graafskap verhef. 'n Jongere suster van Elisabet was getroud met 'n heer van Palland; haar kleinseun, Floris van Palland, het opgetree as erfgenaam van Elisabet, en aan hom het keiser Karel V in die jaar 1555 die titel van Graaf van Culemborg verleen. In hierdie verband word in Culemborg nog altyd 'n enigsins pikante geskiedenis vertel, waarvan die waarheid moeilik ontken of bevestig kan word. Dit word gesê dat die keiser hom misdra het teenoor 'n niggie van Elisabet, en dat hy, wat altyd groot ontsag vir Elisabet gehad het, dit wou goedmaak deur Elisabet gravin te maak. Maar sy, trots

en sterk van karakter, het daardie verheffing geweier en haar die reg voorbehou om die keiser die gebeurde kwalik te bly neem. Na haar dood het die keiser kort voor sy eie aftrede toe maar haar erfgenaam die geweierde titel van graaf toegeken.

Floris van Palland het hom origens die titel van graaf van Culemborg waardig getoon. Hy was een van die vernaamste leiers van die Nederlandse adel in die eerste verset teen die Spaanse oorheersing. Dit was in sy paleis te Brussel dat die planne gesmee is wat gelei het tot die verbond van die edele. Mede onder invloed van sy Lutherse gemalin is deur hom die hervorming in die graafskap Culemborg ingevoer; van daardie tyd af het die stad 'n Lutherse gemeente, wat tot op die dag van vandag bly bestaan het. In die moeilikste jare van die opstand het Floris I onwrikbaar aan die sy van Oranje gestaan en die jonge staat van die Nederlande sowel as krygsman as ook deur staatsmanwerk die belangrikste dienste bewys.

Sy seun, Floris II, het die voetspore van sy vader gedruk. Hy was 'n troue medewerker van Maurits en Frederik Hendrik, en het die land veral deur diplomatieke arbeid in die buiteland by voortduring uitmuntend gedien, sodat hy by Frederik Hendrik in die hoogste agting gestaan het. Dit moet dan ook betreur word dat hy geen kinders nagelaat het, sodat die besitting, wat van sy begin af Nederlandse vorste gehad het, nou volgens die wette van die erfreg toegeval het aan 'n buitelandse geslag, die Duitse grawe, later vorste, van Waldeck Pyrmont — dieselfde geslag waaruit die moeder van Prinses Wilhelmina voortgekom het.

Die Waldecks het maar selde te Culemborg vertoef, en van Duitse invloed is in die stad en omgewing ook niks te bespeur nie. Die afkeer van die Duitse oorweldiger gedurende die tweede wêreldoorlog was te Culemborg net so sterk as orals elders in Nederland, en ook Culemborg het sy versetstryders gehad. Tog was dit bedenklik dat daar in die tweede helfte van die sewentiende eeu, altans nadat die stryd oor die erfenis in 1678 deur 'n uitspraak van die Parlement (Geregshof) van Mechelen beslis was, 'n Duitse vors oor 'n gebied in die midde van Nederland regeer het.

Gelukkig was hierdie vors, George Frederik, tewens as Veldmaarskalk 'n dienaar van die Staten Generaal van die Verenigde Nederlande. Niettemin moet dit toegejuig word dat die regering van die „Nymeegse kwartier" (die deel van Gelderland wat tussen Ryn en Maas lê) van die geldverleentheid van sy kleinseun gebruik gemaak het om die graafskap Culemborg in 1720 met alle regte te koop. Van daardie tyd af is die graafskap dus weer in Nederlandse hande, maar daarom nog nie deel van Nederland nie. Merkwaardig genoeg het dit bly bestaan as 'n afsonderlike graafskap, maar sonder graaf; die graaflike mag is deur die regeringspersone, die „State", van die Nymeegse kwartier uitgeoefen. Tydens die geesdrif vir Oranje in die jaar 1748 het hulle die graaflike waardigheid oorgedra aan prins Willem IV, die stadhouder; van daardie tyd af tot vandag toe is die prinse van Oranje tegelyk ook grawe van Culemborg, en „gravin van Culemborg" is dan ook een van die titels (langs barones van Breda, markiezin van Vere en Vlissingen, gravin van Buren, ens., ens.) van die teenwoordige Koningin van Nederland.

Dit is egter 'n blote titel. 'n Onafhanklike graafskap Culemborg bestaan nie meer nie. Die omwenteling van 1795 het 'n einde gemaak aan hierdie oorblyfsel uit die middeleeue, en van daardie oomblik af is Culemborg, stad en veld, deel van Nederland en het dit in al die lief en leed van die Nederlandse staat gedeel. Natuurlik kan mens dieselfde ook al reeds in verband met die voorafgaande eeue sê. In regte was die gebied onafhanklik, maar Culemborg was altyd 'n Nederlandse stad, waar nooit 'n ander taal as Nederlands gebesig is nie; dit het kerklik 'n deel van Holland uitgemaak, soos ons reeds vertel het; dit was in sy kulturele lewe soos dit tot uiting kom in bou- en skilderkuns goed Nederlands, en op 'n baie kort tydjie na was sy vorste óf Nederlanders óf wel in Nederlandse diens.

* * *

Die onafhanklikheid van die graafskap het merkwaardige gevolge gehad, waarvan die spore tot die dag van vandag toe opgemerk kan word. Aangesien in Culemborg die provinsiale jurisdiksie van Holland, Utrecht, Gelderland of watter gebied dan ook, geen bevoegdheid besit het nie, was

die stad 'n geliefde toevlugsoord vir mense wat aan die arm van daardie geregshowe wou ontkom. Van die eerste tyd van die stad af aan het daar die reg bestaan om aan bankrot persone en ander mense, wat sonder om misdadigers te wees met die justisie in aanraking gekom het, beskerming te verleen. Dit was 'n sogenaamde vrystad, wat mens in 'n paar opsigte met die vrystede van Num. 35 en Jos. 20 kan vergelyk. Partymaal het ook jongmense wat teen die wil van hulle ouers in die huwelik wou tree, na Culemborg gevlug. 'n Beroemde geval was dié van Jean Theodore de Mortaigne, wat in 1664 Anna Katharina van Orleans geskaak en binne Culemborg gebring het. Die provinsie Holland het in die opskudding van daardie gerugmakende geval in erns daaroor gedink om Culemborg gewapend te beset. Die hele geskiedenis is in die negentiende eeu deur die romanskrywer Van Lennep tot 'n novelle verwerk.

Die teengestelde kon ook voorkom. In die begin van die agtiende eeu het Alida van der Graaff op die troudag self, nadat die plegtighede reeds plaasgevind het, huis en huweliksbed van haar man, Van der Dussen, ontvlug en in Culemborg 'n skuilplek gesoek, wat sy tot haar dood, veertig jaar later, nie meer verlaat het nie. Die huis, waar sy gewoon het, word nog altyd aangewys, maar opvallender is die grafmonument wat die skatryke vrou in die hoof kerk van Culemborg vir haarself laat oprig het: 'n vorstelike praalgraf met oordaad van marmer beeldhouwerk. Sy was 'n sonderling; een van die snaakse bepalings van haar testament het gelui dat die draagbaar, waarop haar lyk na die laaste rusplaas in die graftombe gedra is, in die kerk sou moet bly en nooit weer gebruik sou mag word nie. Twee eeue lank staan nou reeds die swaar eikehoute gevaarte met die opskrif „Alida van der Dussen, 1745" in die kooromgang van die kerkgebou.

Die grawe van Culemborg was altyd besonder verontwaardig as van hulle stad gepraat is as 'n skuilplek vir skelms en geweldenaars. Swaar misdadigers het daar geen asiel gevind nie. Tog is dit opvallend dat twee van die mees voorkomende familiename te Culemborg tot op die dag van vandag die name De Boef en De Beus (die bose) is. Dit is tog wel 'n aanwysing dat heelwat inwoners as nie

heeltemaal brandskoon beskou is. Dit is ook wel beweer dat Culemborg se bevolking nog in die negentiende eeu meer as die van ander stede tot misdade geneig was, maar in die statistieke kom hiervan niks tot uiting nie, sodat ons hierdie blaam op die eer van Culemborg gerus kan wegvee.

* * *

Ek wil nou die leser uitnooi om saam met my 'n wandeling deur Culemborg te maak, sodat ons in die teenwoordige die spore van die verlede kan opmerk en toelig. Ons reken dat ons die stad van die ooste af nader. Moderne fraai landhuise staan daar as wonings vir die mees welgestelde inwoners langs 'n paar skaduryke weë, waarvan die name – Van Pallanddreef, Waldeck-Pyrmontdreef en Oranje-Nassaudreef – aan die ou grawegeslagte ontleen is. En hier is ons op die straat wat ons hierbo al genoem het: die Voorburg; aan die oorkant van daardie grag het die kasteel van Culemborg gelê. Ons laat die tuin waaronder die fondamente sluimer regs lê en passeer 'n ander grag, die ou stadsgrag of liewer die laaste oorblyfsel daarvan, want dit het nou ingekrimp tot 'n smal sloot, waar 'n atleet maklik oorheen sou kan spring. Aan die oorkant was in die ou tyd die Slotpoort, waarvan helaas niks meer oor is nie. Dit het toegang gegee tot die Slotstraat, vir Afrikaanse begrippe 'n beklemmend smalle stegie. Aan die regterkant werp ons 'n blik op 'n tipiese ou gewel: hout balke wat met snywerk versier is, loop dwarsdeur die messelwerk van steen, 'n sestiende eeuse boutrant wat ook elders in Culemborg aangetref word. Jan van Riebeeck moet hierdie huisie alreeds geken het.

Maar ons slaan links af en nader, terwyl ons 'n negentiende eeuse Gereformeerde Kerk verbygaan, die groot Hervormde Kerk. Ongelukkig is die omgewing so met straatjies en stegies toegebou dat dit moeilik is om 'n goeie oorsig van die hele majestueuse bouwerk te kry. Van hierdie kant, feitlik links agter, het mens daar nog die beste gesig op. Ons sien die koor en aan die sykant die ou kapittelsaal, wat nou as konsistoriekamer diens doen. Deur die klein torinkie met sy wenteltrap kry mens toegang tot 'n tweede en derde verdieping wat vir katkisasie en jeugwerk gebruik word. Van hierdie kant kan nie gesien



Koor en bygeboue met traptorinkie van die Hervormde Kerk te Culemborg. Links bo is nog 'n stukkie van die hooftoring sigbaar.

word hoe breed die kerk met sy drie beuke eintlik wel is nie, en ook mis ons die blik op die toring, wat vroeër veel hoër was, maar na die brand van 1654 nie meer tot sy vroeëre hoogte van omtrent 200 voet opgetrek is nie. By dieselfde geleentheid is ook die kerk vir 'n groot deel afgebrand, maar dit is toe in die ou styl herbou. As ons binnetree, sal ons hoog teen die eikehoute gewelwe nog 'n opskrif sien wat die herinnering aan brand en herstel bewaar. Ook verder is dit die moeite werd om in die Kerk rond te stap. Die vloer is vol ou grafstene met opskrifte in poësie en prosa, van die vyftiende tot die end van die agtiende eeu toe. Een van die pragtige ligkrone dra die wapen en naam van Joan van Gaasbeek, een van die latere maghebbers van die „Cabo di Bona Esperanza." Die preekstoel is 'n pronkstuk van houtsnywerk, egter uit die tyd na Van Riebeeck.

Ons verlaat hierdie ou Barbarakerk, die trots van die Hervormde gemeente, en deur een van die kort en smal stegies betree ons die groot markplein. Aan die linkerkant, teen die suide, sien ons die groot poort, die Lanksmeerse,

die enigste wat die stad behou het. Dit verbaas ons nou nie, dat die poort midde in die stad lê, want ons onthou dat aan hierdie kant in die veertiende eeu die Nieuwstad aan die ou stad toegevoeg is. Dis 'n pragtige sware en hoë bouwerk, tegelyk toring en poort. In die toring van die Barbarakerk hang 'n hele paar uitstekende luiklokke, maar die Lanksmeerse poort het sy eie klok, 'n kleine, met 'n klank soos silwer, wat volgens eeue-oue tradisie elke aand om nege uur gelui word; die bevolking noem dit die papklok, omdat dit die sein was vir die pap wat die boere vroeër onmiddellik voor die gang na bed genuttig het. As ons onder die poort deurgaan, sien ons aan die ander kant 'n hele swerm gewelstene aangebring: hulle wys hoe hoog die water geklim het by 'n reeks van oorstromings wat die stad geteister het. Die laaste dateer uit die negentiende eeu; daarna is die afwatering van die Betuwe en die bedyking van die riviere sterk verbeter.

Mooi vertoon onder deur die poort die stadsaal aan die ander kant van die markplein. Wel keer ons daarheen terug, maar ons laat daardie bouwerk nog wat wag; eers gaan ons linksom oor die plein die Herestraat in. Weldra sien ons 'n monumentale poort, die ingang van die Weeshuis, wat versier is met die wapens van Elisabet van Culemborg en Antonie van Lalaing. Ook lees ons daar 'n Latynse vers:

„Ingenuam subolem citius genitoribus orbam
Accipit ac gremio Elisabetha fovet."

Die Culemborgse bevolking, ook al ken party van hulle geen Latyn nie, vertaal hierdie reëls as volg in Nederlandse versvorm:

„Der burg'ren kroost, te vroeg van ouderen ontbloot,
Ontvangt Elisabet en koestert z' in haar schoot."

Die vertrekke van die bo-verdieping van die poort het vroeër huisvesting verleen aan die Latynse skool; teenwoordig gaan die jeug, wat daardie inwyding tot wysheid en skoonheid begeer, tien myl verder na Utrecht.

Die weeshuis bied nie maar net onderdak aan ouerlose kinders nie, maar ook aan 'n versameling herinnerings aan ou Culemborg. Hierdie sogenaamde Oudheidkamer besit 'n reeks van goeie portrette van Culemborgse grawe, ou

prente en tekeninge wat lig werp op die geskiedenis van die stad, en tal van ander belangwekkende oudhede. Maar die beste van alles was tog altyd vir my wat mens die lewende antikiteit sou kan noem: oue instellinge en gebruike in verband met die bestuur en inrigting van die weeshuis. Die bestuurders van die weeshuis, hier protectore en regente genoem, kom nog altyd elke jaar op die sterfdag van Elisabet byeen aan die „grafelike maaltijd," en ledig 'n glas edele wyn op haar nagedagtenis. Merkwaardig is ook die manier waarop die regte van Rooms Katoliek en Protestant hier teen mekaar afgeweeg is: van altwee Kerke word kinders in die weeshuis opgeneem; die huisvader van die inrigting moet 'n ongetroude Protestant, die huismoeder 'n ongetroude Katoliek wees, en hulle mag nie met mekaar trou nie.

Noudat ons tog van die verskillende kerke praat: die Roomse Kerk te Culemborg omvat die helfte van die bevolking en besit 'n grote 19de-eeuse kerkgebou. Die Oud-Katolieke gemeente, wat goeie betrekkings met die Hervormde Kerk onderhou, besit in sy klein bedehuis merkwaardige kerklike oudhede. Verder op in dieselfde straat as die Weeshuis, verrys die Lutherse Kerk, wat helaas vroeg in die 19de eeu so verbou is dat mens nie veel van die ou skoonheid kan herken nie.

Ons slaan egter 'n paar tree eerder links af. In die Goilberdingerstraat, wat uitloop op die plek waar vroeër die gelyknamige poort verrys het, staan ons 'n oomblik stil by 'n paar moderne huise, wat daar gebou is nadat 'n brand in 1937 daar 'n ou geboue-kompleks vernietig het. Volgens die volksmond was daardie ou gebou die geboortehuis van Jan van Riebeeck; teenwoordig wys die mense — wat nou eenmaal altyd êrens 'n plek wil aanwys — 'n ander groot ou huis aan. Ook voor die brand was die gebou al sterk verander en van baie van sy ou luister beroof, maar die kenner kon tog opmerk dat ons hier te doen het met 'n woning soos die gesete burgers en patrisiërs in die tweede helfte van die 16de of die eerste van die 17de eeu laat bou het. Na die brand, toe daar uiterlik nog nie soveel van die mure verwoes is nie, het die skrywer die gebou laat afneem, en sodoende is hy vir sover bekend die enigste wat 'n

portret van die nou nie meer bestaande geboortehuis van Van Riebeeck kan toon. Dis 'n genoeë om daarvan 'n afdruk in hierdie Almanak te bied. Die aandag van die leser



Die vermoedelike geboortehuis van Jan van Riebeeck na die brand van 1937. Die deure en vensters links onder dateer uit die negentiende eeu; die ander vensters uit die agtiende eeu; die mure met hul versiering is nog dieselfde as in die dae van Van Riebeeck.

word gevestig op die spore van die ou bouorde: regs van die deur 'n verhoogde kamer bo die half-onderaardse bergruimtes; spore van beeldhouwerk aan die gewel; gebruik van sandsteen as afwisseling van baksteen.

Nou draai ons om, gaan die Goilberdingerstraat terug, en volg sy voortsetting, die Kattenstraat, tot ons op die hoofstraat uitkom, wat van die Markplein na die hawe voer. Ons gaan egter nie na links, na die rivier nie—hoewel die uitsig op die Lek die moeite werd is – maar na regs. Dig by die markplein is die plek waar vroeër die visverkopers hul tafels gehad het. Daaraan is 'n gruwelike herinnering verbind. In die jaar 1425 is 'n lid van die geslag van die here van Culemborg, Zweder, tot Biskop van Utrecht verkies. Dis bekend dat dit nie maar net 'n geestelike posisie was nie, maar ook groot wêreldlike mag saamgebring het. 'n Neef van Zweder, die proost van Aken, het die biskoplike waardigheid vir homself begeer en 'n poging gedoen om met geweld die bisdom te verower. Van Buren, die stad en heerlikheid van sy familie, uit het hy in die nag na Culemborg getrek en met 'n bende gewapendes die Slotpoort oorrompel. Maar die toegeskote burgers en dienaars van die heer van Culemborg kon hom tenslotte met sy manne oormeester. Toe hy van die poort onder bewaking na die stadsaal gevoer is, het die woedende volk hom aan die hande van sy bewakers ontruk en op die tafels van die visslagters met hul messe in stukke gesny. Die rofheid van die tye het ook hierin tot uiting gekom dat nog eeue later die Culemborgse feeskreet was:

„God zy dank!
De proost van Aken op de visbank!"

Intussen het ons die stadsaal, of soos ons in Nederland sê, die stadhuis bereik. Ons het al van sy stigting gepraat. Onbedorwe het dit die eeue getrotseer en veral na die jongste restourasie pryk dit weer in swierige prag. Die rysige gebou met die slanke pilasters in sy voorgewel en die gelukkige vensterverdeling, met sy trapgewels en lugtige torinkie, is 'n tipiese uiting van die blymoedige lewensvreugde wat die kuns van die sestiende eeu kenmerk. Vermoedelik was dit die bedoeling dat bo die pilasters die beelde van die Culemborgse here sou aangebring word, soos

b.v. ook aan die stadsale van Vlissinge en Vere, wat deur dieselfde argitekte-familie gebou is, gesien kan word. Dis vir my onseker of die beelde ooit aan die Culemborgse stadhuis aangebring is; in ieder geval is daar selfs geen afbeelding van voorhande nie.

Die volksmond beweer dat die voetstuk aan die hoek van die gebou, met die daarbo uitstekende beskutting bedoel is as die plek waar misdadigers vertoon is, die sogenaamde kaak (waarvan ons nog die uitdrukking „aan die kaak stel" het). Vir my persoonlik was hierdie bewering, wat ek ook al in die Afrikaanse pers teruggevind het, altyd baie onwaarskynlik. Dis waar dat ons voorouers kleiner was as wat ons geslag is, maar hulle moet verbasend klein gewees het as hulle tussen daardie voetstuk en die skutdak ingepas het! 'n Paar stukke ysterband wat daar in die muur steek, het my op die gedagte gebring dat daar eerder 'n beeld opgestel is, en wel vermoedelik die beeld van die heilige Barbara, aan wie ook die hoofkerk gewy was. In die jaar 1566 het die beeldestorm in Culemborg met volle krag gewoed en, soos ons vroeër gesien het, is die Hervorming deur Floris van Palland in sy gebied met krag bevorder, sodat die kans groot is dat reeds van dié tyd af die plek sonder beeld gebly het.

Die trap wat voor die ingang van die stadsaal aangebring is, dateer uit die agtiende eeu en vervang 'n ouere opgang. Die styl is heel anders as die van die gebou self, en tog sluit dit nie sleg aan nie. Die wapenskilde van Culemborg met hul drie pilare word deur opsittende leeus vasgehou. Ook inwendig is die gebou die besigtiging werd, en dit herberg 'n argief wat ryk is aan middeleeuse stukke.

Nou ons tog oor argiefstukke praat: die skrywer het probeer om die naam van Jan van Riebeeck uit die doopregister van die Hervormde Kerk te kry. Ongelukkig het egter die deel waarin die naam voorgekom moet hê, spoorloos uit die argiewe van die Hervormde Gemeente verdwyn. Dis wel jammer dat vorige geslagte dikwels so onbegryplik slordig met hierdie waardevolle stukke omgespring het. Teenwoordig beskerm die Hervormde gemeente van Culemborg sy ou argief vol stukke uit die sestiende en sewentiende eeu met groot sorg in 'n brandvrye kluis, maar die voor-

'n Patrisiërshuis in Culemborg soos Jan van Riebeeck daar baie gesien het. Die vensters is agtiende eeus; die oorspronklike vensters moes kleiner wees. Let op die gewelversiering, en die keldervenster wat aan die geboortehuis van Van Riebeeck herinner.

geslag het op hierdie gebied dikwels sy plig versuim.

Ek dink dis nou tyd om ook 'n blik te slaan op die ou patrisiërshuise wat op die Markt en elders nog aan die tyd van die stigter van die Kaap herinner. As kind het hy hulle gesien, en nog kan ons hulle bewonder: toonbeelde van die rykdom, ondernemingsgees en kunssin van die stoere geslag wie se eienskappe ook hy geërf het. In 'n stad soos Culemborg is die verlede in baie opsigte nog lewende werklikheid, in hout en steen 'n boodskap van skoonheid en vroomheid vir die hede.

A. VAN SELMS.

KOMMANDEUR JAN VAN RIEBEECK; GRONDLÊER VAN ONS VOLKSBESTAAN.

TERWYL ons hierdie reëls skryf, staan Suid-Afrika aan die vooraand van 'n uiters belangrike gebeurtenis, die herdenking van die derde eeufees van die aankoms van Jan van Riebeeck en sy metgeselle aan die Kaap op 6 April van die gedenkwaardige jaar 1652, die jaar waarin die eerste boustene vir ons huidige volksbestaan stewig gelê is.

Die belangstelling vir die herdenking is nie tot ons land en volk beperk nie. Berigte, wat van die ou stigtersland tot ons kom, dui aan dat ook daar 'n warm belangstelling heers om die gebeurtenis te vier waardeur die bande tussen die twee lande en hul bevolkings aangeknoop en tot vandag toe die tand van die tyd nie alleen trotseer het nie, maar in baie opsigte versterk en inniger gemaak het.

Naar zee, naar zee het oog gekeerd:
Al wat er groots was in 't Verleden,
Al wat gij groots hoopt van het Heden,
Zie daar geleerd, vereerd, verweerd!
Weer blink' dat blad van uw historie,
Van vrijheid, geestkracht, welvaart, glorie!

Dié digreëls is van die Nederlandse digter J. P. Heye, en is, met betrekking tot die aanstaande herdenkingsfeeste ongetwyfeld van toepassing op die sewentiende eeuse Nederland, vanwaar Jan van Riebeeck gekom het, en op die gees wat daar in dié kringe in Nederland heers wat vandag 'n warm belangstelling vir ons land en volk aan die dag lê.

* * *

Om die betekenis van Van Riebeeck se werk te verstaan, is dit nodig om hom te plaas temidde van sy omgewing, 'n omgewing waarvan die digter tereg getuig het dat dit gekenmerk was deur „vrijheid, geestkracht, welvaart, glorie."

Omstreeks 1650 het die klein landjie aan die Noordsee een van die hoogtepunte in sy dikwels wisselende geskiedenis bereik.

Die gedenkwaardige Sinode van Dordrecht en die uit-

vloeisels daarvan kan moeilik onderskat word, terwyl op staatkundige gebied 'n swaar onafhanklikheidstryd met sukses bekroon was.

Materiële rykdom en kulturele bloei het hand in hand gegaan. Name soos dié van Rembrandt en Vondel spreek boekdele, nie alleen vir Nederland nie, maar vir almal wat die Nederlandse kultuur en sy veelvuldige uitingsvorms bewonder.

Op die gebied van die regswetenskap het die geleerde en veelsydige Hugo de Groot naam gemaak.

Die Nederlandse driekleur het op alle oseane van die wêreld verskyn. In die Verre Ooste was die Oos-Indiese eilanderyk met sy rykdomme, in die weste het Nederlanders die grondslae vir die toekomstige wêreldstad Nieu-York gelê, in die Noordelike Yssee het hulle die begeerde walvisolie gaan haal, terwyl 'n deel van die kusgebied van Suid-Amerika tydelik onder Nederlandse bestuur was.

'n Klein landjie met 'n nog kleiner bevolking het 'n ondernemings- en uitbreidingsgees openbaar soos elke volk dit waarskynlik slegs eenkeer in sy geskiedenis ken.

En van daardie land, uit daardie omgewing, het die toekomstige stigter van die blanke samelewing in ons land gekom. Sonder om sy persoon of sy werk op onnatuurlike wyse te verheerlik of te oorskat, is dit van die grootste belang om hom wel temidde van sy tydgenote en hul prestasies te sien. Op dié wyse kan slegs die belangrikheid van sy optrede en die uitvloeisels daarvan in die regte lig gesien en waardeer word.

Ook dien ons Van Riebeeck te sien as 'n mens, 'n mens met sy goeie hoedanighede, maar ook as 'n mens wat soms op menslike wyse gefaal het.

Tenslotte moet daarop gewys word dat Jan van Riebeeck, sy dit dan ook op uiters bekwame wyse, sy werk in die diens van opdraggewers uitgevoer het.

Al hierdie faktore sal ons by die aanstaande herdenking daarvoor behoed om die mens Van Riebeeck en sy werk meer eer te bewys as menslikerwyse wenslik of bevorderlik vir die waarheidsgetroue weergawe van hom en die resultate van sy werksaamhede aan die Kaap sal wees.

* * *

Die lewensloop van Jan van Riebeeck was soos dié van baie van sy tydgenote wat hul geboorteland vaarwel gesê en die oseane en lande van die wêreld verken het.

Hy is in 1618 in die stadjie Culemborg gebore. Sy vader was, volgens familie-oorlewering, 'n skeepskaptein, terwyl sy moeder 'n burgemeestersdogter was. Verder is bekend dat Jan van Riebeeck se vader in Brasilië oorlede is, terwyl hy sy moeder verloor het toe hy elf jaar oud was.

Die jong Van Riebeeck het vir geneesheer begin studeer, en is in 1639 as onder-chirurg deur die Nederlandse Oos-Indiese Kompanjie in diens geneem.

Na 'n awontuurlike reis het Van Riebeeck in 1640 in Batavia aangekom waar hy sy oorspronklike beroep met klerikale werk verwissel het. Twee jaar later is hy as sekretaris aan 'n geselskap toegevoeg wat met 'n sending na Atjeh belas was.

Kort daarna tref ons hom in Japan aan om hom vervolgens in Agter-Indië te ontmoet. Daar het die jong, bekwame dienaar van die Kompanjie hom aan 'n vergryp skuldig gemaak wat vir meer as een van sy tydgenote onaangename gevolge gehad het. In stryd met die voorskrifte van die Kompanjie, het hy, netsoos ander voor en na hom, handelsware van die Kompanjie vir eie rekening verkoop en die opbrengs daarvan in sy eie sak gesteek. Die gevolg van hierdie ongeoorloofde optrede was sy ontslag, sulks met behoud van sy rang.

Die bewindhebbers van die Kompanjie het in 1651 besluit om Van Riebeeck weer in diens te neem en hom te gelas om na die Kaap te gaan en daar 'n halfwegstasie op te bou ten behoewe van die vlote wat van Nederland na die Ooste gegaan of vandaar teruggekeer het.

Tewens sou die nedersetting 'n verplegingsoord vir siek matrose wees, terwyl die skepe daar vars drinkwater en groente sou kan bekom.

Verowering van die binneland of die stigting van 'n uitgestrekte volksplanting was nie die doel van die opdraggewers nie. Dit sou later 'n belangrike uitvloeisel van die werk word wat deur Van Riebeeck begin was. Vryburgers en hul nakomelinge, amptenare in diens van die N.O.I.K. en gebore verkenners en -swerwers sou die grense van die

nedersetting noord- en ooswaarts verskuif, terwyl verteenwoordigers van later geslagte – van wie nog 'n groot aantal onder die Nederlandse vlag aan die Kaap gebore was – die reusetaak sou uitvoer en volbring om die uitgestrekte binneland ten noorde van die Oranje-en Vaalriviere te verken, tot rus te bring en vervolgens daar tot blywende nedersetting en statestigting oor te gaan.

Dit alles, die ontstaan van ons hedendaagse samelewing en die Suid-Afrikaanse staatkundige ontwikkeling, kan tot die stigterswerk van Jan van Riebeeck en die syne teruggevoer word. Dit was hulle wat die beslissende stoot gegee het vir die groot ontwikkeling wat in die loop van die volgende eeue sou geskied, 'n ontwikkeling wat soms maklik, dan weer ondanks teenslae en skynbare agteruitgang, tot vandag voortgegaan het en ongetwyfeld nog nie as afgesluit kan beskou word nie.

Op die dag voor Kersfees 1651 het die „Drommedaris," die „Reijger" en die „Goede Hoop" uit Nederland vertrek. Jan van Riebeeck was vergesel van sy gade – Maria de la Quellerie – die dogter van 'n Waalse predikant wat hom metterwoon in Nederland gevestig het.

'n Voorspoedige reis het begin en na 'n seereis van ruim drie maande het die opvarendes Tafelberg in die verte sien lê. 'n Dag later het die skepe in Tafelbaai verskyn en teen die aand van die volgende dag het Jan van Riebeeck aan land gegaan om 'n plek te soek waar die fort gebou sou word.

Tereg het die biograaf van Jan van Riebeeck, wyle prof. dr. E. C. Godée Molsbergen, opgemerk: „Iets bijzonders heeft de vier en dertigjarige Commandeur er niet gezien, toen hij dien Zondagavond voet aan wal zette op het wereld-deel, waar hij nog na eeuwen dankbaar als Stichter zou worden herdacht door duizenden in dat land van ontzaglijke uitgestrektheid, Zuid-Afrika. Maar welk sterveling kan op het oogenblik zelf de waarde van een daad zuiver schatten?"

Van Riebeeck het besluit dat die fort naby die „Soete Rivier" gebou sou word. Langsaam het die werk gevorder. In ons geskiedenisboeke kan ons lees van veelvuldige moeilikhede en teenslae, maar altyd weer van 'n Kommandeur

wat die moed nie verloor het nie. Daar was moeilikhede met die inboorlinge, meer as eenmaal gebrek aan voldoende koring en vleis, terwyl ook die skaarste aan werkvolk vertraging veroorsaak het.

Maar aan die ander kant was daar weer dae van vreugde, dae waarvan Godée Molsbergen meer as eenkeer melding maak. Dan was daar weer dae van wyding, soos op 12 Mei 1652 toe ds. Joannes Backerius 'n diens gelei en vervolgens die aanwesiges tot die Heilige Nagmaal opgeroep het.

Op 6 Junie van dieselfde jaar is die eerste blanke baba in die nedersetting gebore, die seuntjie van sieketrooster Wylant en sy vrou. In Oktober 1652 het die Kommandeur 'n eetmaal aangebied, wat uit voortbrengsels van die Kaap bestaan het soos hoenders, ertjies, spinasie en slaai. 'n Paar maande later het siekes vir die eerste keer melk van eie vee gekry en op 13 Januarie 1653 is die eerste koring gedors wat aan die Kaap gesaai was en voorspoedig tot rypheid gekom het.

In Oktober 1653 is die gesin van die Kommandeur met die geboorte van sy seuntjie Abraham geseën, die Suid-Afrikaner wat later Goewerneur-Generaal van Oos-Indië sou word.

Maar dan het dit weer moed en vertroue gekos om teenslae te oorwen. 'n Treffende voorbeeld was 'n gebeurtenis wat op 19 Oktober 1652 plaasgevind het. In die fort het die vergaderdes geluister na 'n preek wat die sieketrooster gelees het om God vir die geboorte van Abraham van Riebeeck te dank. Van dié byeenkoms is deur die Hottentotse tolk Harry gebruik gemaak om al die vee van die blankes te steel. Wraakneming en agtervolging is deur Van Riebeeck verbied en daar moes gewag word tot ruilhandelaars met vee opgedaag het.

Langsaam maar seker het die jong samelewing aan die voet van Tafelberg vaste vorm begin kry.

Dit is interessant om na te gaan hoe Wet en Orde, Kerk en Skool, hul intrede aan die Kaap gedoen het, bewyse dat dit erns met die stigter en sy opdraggewers was om 'n Christelike en geordende samelewing aan die Kaap op te bou, gegrondves op die beginsels wat in Nederland as waardevolle en noodsaaklike vereistes in dié verband beskou is.

Reeds voordat Van Riebeeck en die syne in Tafelbaai aangekom het, was daar maatreëls getref om wet en orde in die jong nedersetting te handhaaf.

Op 8 April 1652 het Van Riebeeck, in sy hoedanigheid as „oppercoopman ende opperhooft wegen d'Edele Heeren Bewinthebberen" van die N.O.I.K. 'n plakkaat uitgevaardig waarin hy allereers melding gemaak het van die opdrag wat hy van Here XVII ontvang het, nl. „om voor haer Edele te bouwen soodanige fortresse ende sterckte als tot bewaringe van Compagnies te nemen possessie 't haren dienste zal nodich gevonden worden."

Daarna gaan hy tot die kern van die ordonnansie oor: die handhawing van wet en orde. 'n Deel van die voorskrifte is vir soldate en matrose bedoel, ander om ruilhandel met die Naturelle teen te gaan, terwyl al die Kompanjiesdienare nog 'n slag aan die inhoud van hul diensvoorwaardes – die Artikelbrief – herinner is.

Dit was die begin van die invoering van wet en orde in ons land. In die tien jaar wat Van Riebeeck aan die Kaap vertoef het, is die aantal wette geleidelik uitgebrei en op dié wyse die grondslag vir 'n orde- en vredeliewende samelewing in ons land geskep.

In die uitvoering van sy gesag is Van Riebeeck aanvanklik deur die sogenoemde Breë Raad en vervolgens deur die Politieke Raad (Raad van Justisie) bygestaan, 'n liggaam waarop later ook Vryburgers gedien het.

Op kerklike gebied is ook spoedig vordering gemaak. Eers het sieketroosters, vir sover hulle daartoe bevoeg was, in die geestelike behoeftes van die koloniste voorsien, terwyl – wanneer daar 'n predikant aan boord van een van die besoekende skepe was – die Sakramente bedien is. Hierdie toestand het tot 1665 bly voortbestaan. In daardie jaar het ds. Johan van Arckel sy arbeid as eerste predikant van die jong volksplanting begin. Hy het die eerste kerkraad ingestel en daarmee die begin gemaak vir die toekomstige kerklike ontwikkeling in ons land.

Ook is 'n langsame begin met onderwys en opvoeding gemaak, 'n taak waarmee aanvanklik agtereenvolgende sieketroosters belas was.

Al hierdie bedrywighede wys op die opregte begeerte

van Jan van Riebeeck en sy opdraggewers om van die nedersetting aan die Kaap 'n gemeenskap te vorm wat in alle opsigte 'n getroue weerspieëling van die vaderlandse samelewing sou word.

Amptenare, matrose en soldate het gekom en gegaan, maar in 1657 het die Kompanjie besluit om grond te verstrek aan oud-Kompanjiesdienare en daardeur die eerste blanke bevolkingselement in die lewe geroep wat tot blywende vestiging in ons land oorgegaan en van die Kaap hul enigste tuiste gemaak het.

Van Riebeeck, sowel as Here XVII, was aanvanklik van gedagte om mense van Nederland te laat oorkom en ouers en kinders vir 'n bepaalde tydperk aan die Kaap te laat vertoef. Dan sou, aldus Van Riebeeck, die kinders „mettertijt heel van Hollant affwennen ende eenemael van deze plaetse haer vaderlant mogen maecken."

Deur die instelling van die Vryburgers het die blanke bevolking aan die Kaap nou 'n tweeledige samestelling gekry. Aan die een kant was dié amptenare en ander Kompanjiesdienare wat na die verstryking van hul dienstyd na Nederland of ander besittings van die Kompanjie vertrek het, aan die ander kant was die blywende bevolkingskern van Vryburgers waarvan die geledere deur natuurlike aanwas en toevoeging van nuwe Vryburgers gegroei het.

Hulle het die begin van 'n nuwe volk — die volk van Suid-Afrika — beteken. Hulle en hul nakomelinge sou die binneland gaan verken, die grense noord en ooswaarts verskuif en die land, in meer as een betekenis van die woord, ontgin.

* * *

Tien jaar het Jan van Riebeeck aan die Kaap gearbei om daarna na die Ooste te gaan om eers te Malakka en daarna te Batavia in diens van die Kompanjie werksaam te wees. Maria de la Quellerie het hom tydens sy verblyf in Malakka ontval, waar haar stoflike oorskot aan die skoot van die aarde toevertrou is.

Jan van Riebeeck, „Eerste Stichter der Colonie aan Cabo De Boa Esperance en oud President van Malakka Iongst Secretaris van de Hoge Regeringe van India," soos dit op sy grafsteen vermeld staan, het op 18 Januarie 1677

te Batavia die tydelike met die ewige verwissel.

Vandag, byna drie eeue na sy aankoms aan die Kaap, het die herinnering aan die Stigter en sy werk en aan sy bekende en onbekende medewerkers, opnuut opgevlam en sprekender as ooit tevore geword. Ongetwyfeld het die grootsheid, van wat uit die werk van sy hoof en hande voortgekom het, sy betekenis groter gemaak as onder gewone omstandighede die geval sou gewees het.

Graag wil ons hierdie kort beskouing met die volgende woorde afsluit, woorde na aanleiding van 'n studie waaruit ons Van Riebeeck uit sy nagelate geskrifte beter leer ken en volgens sy regte waarde leer skat het:

„So sien ons hom aan die Kaap: gasvry jeens vreemdelinge, taktvol in die omgang met sy naaste, versigtig en berekenend waar dit die belange van die Kompanjie geld, altyd ywerig, deurtastend waar nodig, terwyl sy optimisme hom selfs in die haglikste omstandighede nie in die steek laat nie." („Geskiedenis van Suid-Afrika," deel I, bls. 81).

En ver bokant dié optimisme het Van Riebeeck se gevoel van afhanklikheid van die Allerhoogste gegaan.

Die Stigter het, aan die vooraand van sy vertrek na die Ooste, die werk van sy hoof en hande, vol vertroue aan die genadige beskerming van „den Almogenden Godt" opgedra, 'n bede wat na byna drie eeue nog dieselfde absolute geldigheid besit.

J. PLOEGER.

★

JAN ANTHONIE VAN RIEBEECK – GRONDLEGGER VAN 'N VOLK.

AGTERAF bekyk, kom mens onwillekeurig tot die gevolgtrekking dat die Here Sewentien, bewindhebbers van die Hollands Oos-Indiese Kompanjie, kwalik 'n geskikter persoon kon uitgekies het om die stigting van die verversingspos Caep de Boa Esperance – Kaap die Goeie Hoop – te behartig. As mens dit só stel, dan dink jy aan die verskillende eienskappe as mens wat aan die dag gelê word deur die eerste Kaapse Kommandeur, Jan Anthonie van Riebeeck, soos dit veral tot uiting kom in die DAGVERHAAL wat hy noulettend bygehou het, maar ook in die aard van die Afrikaanse kultuur wat sy eerste wortels in daardie verversingspos gehad het.

Wat mens dadelik tref, is die godsdienstige vroomheid van die Kommandeur. Sodra Van Riebeeck voet aan wal sit in Tafelbaai, gee hy hom oor aan 'n roerende dankgebed. Dis moeilik vir die moderne mens en veral vir die moderne seevaarder om jou in te leef in die gemoedstoestand van die outydse matroos wat met elke seereis letterlik die dood as metgesel gehad het. Die vaartuigies was nie net klein en soms erg lomp nie, maar vir beweging was hulle geheel-en-al afhanklik van die wind en seestrome. Windstilte het heel dikwels 'n aaklige dood aan honger en dors as gevolg gehad. Daarby het 'n seereis van Europa na die suidpunt van Afrika gewoonlik van drie tot ses maande en soms nog langer geduur. Diegenes wat na so'n langdurige tog aan skeurbuik, ander siektes, ongelukke aan boord as gevolg van storms of rusie wat spruit uit die bewoning van 'n ingeperkte ruimte, honger en dors, behoue die Kaap bereik het, het met 'n sug van innige dankbaarheid ons wit suiderstrand betree. Dat Van Riebeeck sy gemoed gelug het in 'n dankgebed, is 'n duidelike bewys van die godsdienstige grondslag van sy hele lewe.

Maar sy godsdienssin blyk ook op ander tydstippe. So is dit byvoorbeeld van die heel begin van die volksplanting af vaste gebruik dat die ganse Fortbevolking, met uitsondering slegs van krankes en oortreders wat in bewaring is, saans na ete die godsdiensoefening of „huisgodsdiens" moes bywoon, waar daar voorgelees is uit die Heilige Skrif, gesing en gebid is.

En dan, kenmerkend van die Hervormde lewenshouding, wat neig tot die Ou Testamentiese patriargale kultuur, is die feit dat die Kaapse gemeenskap hulle telkemale in tye van nood, met die Kommandeur aan die spits, in 'n gebed van verootmoediging tot hulle Skepper wend, om ná verlossing, weer dank te betuig. Telkens wanneer die Fortgemeenskap deur 'n slepende siekte geteister word wat heelwat lewens eis of die manne se lewenssappe uitdor sodat hulle nie kan werk nie, of as 'n langdurige droogte die gesaaides en groentes laat verskroei, of as die Hottentotte moedswillig word en die veiligheid van die klein groepie nuwelinge bedreig, bepaal Van Riebeeck 'n biddag en 'n dag van verootmoediging om die genade van die Here af te smeek. Op één tydstip, toe 'n onbekende siekte aanhoudend die Fortgemeenskap gepla het, het Van Riebeeck selfs aan sy wagmeesters opdrag gegee om toesig te hou oor die tafelmaniere van die bemanning; veral moes gelet word daarop dat die manne die gebruiklike tafelgebede handhaaf voor en na die maaltyd, om sodoende deur 'n godsvrugtige lewenswyse genade te verwerf.

En dit is nog altyd, sedert daardie vervloë jare, 'n vaste bestanddeel van die Afrikaner se kultuur: Huisgodsdiens, tafelgebede en biddae asook dankdae in tye van nood en die verlossing wat daarop volg.

As daar enige jare na die bou van die Fort 'n vrye gemeenskap aan die Kaap ontstaan, stel Van Riebeeck 'n soort burgerwag in, en die het op Sondagmores na die gemeenskaplike kerkdiens, wat deur 'n besoekende prediker of die sieketrooster waargeneem is, ingeval om hulle aan inspeksie te onderwerp. Miskien lyk soiets vandag vir ons na ontheiliging van die Sabbatsvrede, maar ons moet onthou dat die Sabbatsviering toentertyd heeltemal anders was as in ons eie tyd. Sondag was byvoorbeeld destyds in Europa, en ook aan die Kaap, trou- en doopdag, en die troues het – op Sondag! – gepaard gegaan met 'n bruilof en die gewone bruilofsvermake, ook danse. Eers later, in die agtiende

eeu, sou ons Sabbatsviering 'n strenger Ou Testamentiese aard aanneem. In ons stamlande is die Sabbatsviering vandag nog anders as by ons – maar dit terloops.

Maar ondanks sy skoling en sy hoë amp, was Van Riebeeck 'n man uit en van die volk. Naas sy godsdienssin was hy 'n grondige en ervare mensekenner en hy het geweet dat die swoegende mens naas sy geloof ook behoefte het aan gesonde afwisseling en egte menslike vrolikheid. Op bepaalde feesdae, soos op Nuwejaar, het hy vir die hele bemanning by die middagmaal ekstra laat skaf met 'n borreltjie vir elkeen. As die bemanning liggaamlik afgerem is deur siektes en hulle moes tog noodsaaklike arbeid verrig ten einde die Fort slaggereed te maak, het hy altyd die manne opgebeur en aangemoedig deur ekstra geregte en 'n ekstra sopie, maar daarby het hy altyd aangedring op 'n hoë besef van jou pligte teenoor jou medemens en jou werkgewers. So het hy dit byvoorbeeld ook as vaste gebruik ingestel dat die eerste Sondag na die koms van die retoervloot uit Batavia, op weg na Nederland, aan die Kaap gevier is as kermis met allerlei kermisvreugde vir die vloot en die Fort se bemanning. Onder later goewerneurs het die kermis van die retoervloot in verval geraak.

Ons leer Van Riebeeck ook ken as beskermer van die Hervormde godsdiens. By geleentheid lê daar 'n aantal Franse skepe in die baai, met priesters aan boord, wat verlof vra om verfrissing te kom soek aan wal. Dit word hulle geredelik toegestaan, maar Van Riebeeck belet hulle nadruklik om enige godsdiensoefeninge in die openbaar of in die geheim vir lede van die nedersetting te hou. Gelyktydig word die ingesetenes ook per plakkaat gewaarsku om hulle ten strengste te weerhou van deelname aan sulke godsdiensoefeninge indien gehou word.

Maar boweal was Van Riebeeck die trouheid self as Kompanjiesdienaar. Telkens en telkens weer soek hy die voordeel van sy meesters. Hy laat robbe slaan om die pelse vir verhandeling na Europa te stuur sodat die Here Sewentien iets tot vergoeding van die uitgawes aan die Kaap kon ontvang. Hy laat orals soek na geskikte grond om groente te saai. Hy laat ondersoek of graan- en vrugtesoorte aan die Kaap wil aard. Hy laat hout uit die bosse in die berge

en baaie kap en hy laat sout raap langs die strand ten einde die duur invoer daarvan oorbodig te maak. Hy laat selfs die klippe van Tafelberg ondersoek, om te sien of dit nie miskien waardevolle erts bevat wat lonend vir die Kompanjie ontgin kon word nie. Die eerste landreise na die binneland word in sy tyd onderneem tot bevordering van die binnelandse handel en met die doel om die pad na die geheimsinnige Monomotapa te ontdek wat dan ryk sou wees aan goud. So sien ons hom orals en altyd planne bedink en uitvoer om sy werkgewers te bevoordeel. As troue amptenaar wat eiebelang volkome op die agtergrond gestoot het, was hy 'n skitterende voorbeeld vir menige goewerneur wat na hom gekom het.

Soos 'n vader het hy verder gewaak oor die wel en wee van die manne wat aan sy sorg toevertrou is. Hy doen al wat nodig is om die veiligheid van die Fortgemeenskap te bewerkstellig waar dit moontlike aanvalle uit die binneland of oor die see geld. Hy plant selfs 'n lang laning wilde amandelbome, waarvan reste vandag nog bestaan, om die Fortgemeenskap te beskerm teen die roofsugtige Hottentotte onder Herrie en sy bondgenote, terwyl hy selfs ondersoek laat instel na die doenlikheid daarvan om die skiereiland deur middel van 'n kanaal oor die Kaapse Vlakte ontoeganklik te maak vir die Hottentotte! En nog meer: wanneer die sjirurg en die barbier by geleentheid albei te siek is om na die lydende bemanning te kyk, skroom die Kommandeur nie om self weer op te tree as arts nie.

Ook nog in ander dinge sien ons hoe van Riebeeck by uitnemendheid 'n leier was, nie net ryk bedeeld met die nodige menslike gawes nie, maar ook ryk in ervaring juis in dié dinge wat nodig sou wees in 'n vreemde wilde wêreld, ver verwyder van die stamland, en ten enemale ontstoke van alle geriewe hoegenaamd waaraan ons voorouers gewoond was in Europa. Ons sien hom die vrugtepitte, wat hy met hom saamgebring het, net soos in die stamlande al op die walle van die watervore langs plant, iets wat ons vandag nog aantref op ons boereplase in die geval van appels en kwepers, en veral vye en granate. Die mure van die eerste fortjie en blokhuisies word opgerig met latwerk wat aan die binnekant opgevul word met los grond. Kalk

word gebrand van moeselskulpe en stene word in oonde gebak; die rosmeule wat hy met hom saamgebring het, word opgerig. Die kruisdoring word in heinings om die tuine geplant. Takskerms word geslaan. Uit die vet van die robbe word traan gebraai. En telkens lees ons dat hy die een of ander praktiese middel aanwend soos hy dit in hierdie of daardie land gesien het tydens sy veelvuldige omswerwinge.

En dan – Jan van Riebeeck was oneindig lankmoedig en geduldig. Ons sou vandag lankal vir Herrie, kaptein van die Strandlopers, sy kop tussen sy ore gesit het, toe onderhandel die Kommandeur nog en skink arak en deel twak en brood uit. As die Vryburgers later 'n klagskrif teen hom opstel, is sy optrede so grootmoedig dat daaruit alleen al sy onskuld van die aantygings blyk. As manne voor hom aangekla staan, het hulle altyd die voordeel getrek van enige twyfel wat daar mog bestaan aan hulle skuld. Hy kon ook streng optree, ja seker, en kwaai strawwe uitdeel in 'n tyd toe barbaarse strawwe doodgewone en alledaagse voorvalle was. Maar, as daar agterna teken is van egte berou, of as daar om genade gevra word vir een of ander veroordeelde, was die Kommandeur altyd genaakbaar en inskiklik.

Een van die treffendste rolle wat Van Riebeeck speel by die vestiging van die nedersetting sien ons seker waar hy die vergunning kry om Vryburgers toe te laat. Elke Vryburger word sorgvuldig gekeur na sy aard en na sy kennis van die besondere soort boerdery wat hy wil aanpak. Toe hy voor die praktiese moeilikheid te staan kom dat daar maar één ploeg aan die Kaap was en die aantal graankwekende boere daardeur noodwendig ingekort sou moes word, vind hy dadelik 'n uiters praktiese uitweg. Slegs 'n beperkte getal kon hulle op graanbou toelê. Ander moes tuinbou aanpak. Nog 'n groep moes hulle toelê op die veeteelt en melkverskaffing. Later, toe die een groep se varke die ander groep se tuine verniel, bring hy orde in die saak deur vas te lê dat varke slegs aangehou mag word anderkant die Liesbeek. Uiteindelik het hy ook vryburgerskap verleen aan bakkers, slagters, timmermans, messelaars, kleremakers en ander geringere handwerkslui wat nodig is vir die

ordelike verloop van die doenigheid van 'n gemeenskap.

Kortom: Ons sien 'n man aan die Kaap land met drie klein skepies. Aan die Kaap bestaan letterlik net ruimte en verder niks. Onvermoeid span hy hom in vir tien jaar lank. En as hy vertrek is daar nie net 'n vesting, huise, kantore, skure, 'n hospitaal, 'n hawehoof, en ander geboue asook tuine en landerye aangelê nie, maar 'n blote verversingspos is reeds omgeskep tot nedersetting met koloniste in die eintlike betekenis van die woord, koloniste wat die nuwe gebied aanvaar as nuwe vaderland. En nog meer: hy het reeds die nuwe volksplanting gesmee tot 'n gemeenskap met 'n samehorigheidsgevoel wat ordelik saamwoon, met geleding in verskillende bedryfsgroepe, en met 'n duidelike Ou Testamenties-Patriargale-Protestantse aard. Na hom sou nog enkele goewerneurs so bewus bouend optree: Ryk Tulbagh, Simon van der Stel. Maar, daar heel aan die begin alreeds, het ons 'n Kommandeur gehad wat baie duidelike spore getrap het in die mollige aarde van Tafelbaai, en wat besonder veel bygedra het tot die ontstaan van 'n nuwe volk met 'n eie aard.

Met reg huldig ons Kommandeur Jan Anthonie van Riebeeck as die grondlegger van ons volk en sy kultuur.

ABEL COETZEE.

DIE STIGTING VAN DIE EERSTE GEMEENTE.

DIE kontinent van Afrika lê daar met sy oer-bevolking as 'n donker kontinent. Maar dit sal nie altyd in die donkerheid gehuld bly nie. Daar sal 'n lig ook oor Afrika opgaan, en die lig begin reeds te skyn. Maar dit is die groot vraag wat se lig dit sal wees: Sal dit die lig van die Kruis van Christus wees of die dwaallig van die Halwemaan van Mohammed? Sal Afrika christelik wees of mohammedaans? Sal Afrika onder Europese of onder Asiatiese invloede te staan kom? Een van die vernaamste wegbereiders van 'n Asiatiese oorheersing in Afrika is die Bolsjewisme. In ons dae word daar in Midde-Afrika samesprekings gehou deur verteenwoordigers van verskillende regerings, ook van ons regering, oor die verdediging van Afrika. Die verdediging van Afrika! Teen wie? Iedereen weet dit. Die magte teen wie dit verdedig word sal, as dit sou seëvier, slegs dien as magte wat dit vir die mohammedanisme sal moontlik maak om te oorheers. Die Kruis of die Halwemaan, die christendom of die mohammedanisme! Aan watter van die twee sal Afrika behoort? As Asië sou wen dan sal die christendom ook in Suid-Afrika verdwyn, en daarmee ook die blanke bevolking. Die redding vir Afrika lê enkel en alleen in die Kruis van Christus. Daarin lê die oplossing van al onse vraagstukke, ook van die naturellevraagstuk. Sal die naturelle Christus volg of Mohammed?

Reeds in die eerste eeu van onse jaartelling is 'n begin gemaak om Afrika vir die Kruis van Christus te wen. In Noord-Afrika en Egipte het daar bloeiende gemeentes ontstaan en 'n Kerk wat van die allergrootste betekenis was vir die ganse Christelike Kerk, 'n betekenis wat hom tot op vandag toe laat geld. Ons kan sê dat die teologie as wetenskap in Afrika begin het. Die groot Noord-Afrikaanse teoloog, Augustinus, was van so 'n betekenis dat tot op die huidige dag met hom rekening gehou moet word. Die Noord-Afrikaanse Kerk het 'n groot bydrae gelewer tot die opstelling van die Nuwe Testamentiese kanon. Ja, dit het

gelyk of Psalm 68 vers 32 in vervulling sou gaan, dat die land van die More, die land van Kus, hom sou haas om die hande na God uit te strek. Maar, hoe anders was die verloop nie. Uit Asië het die mohammedanisme as 'n stormwind oor Noord-Afrika gekom en die Christelike Kerk, die christendom is in die sewende eeu daar weggeveeg. Dit het nag gebly vir Afrika, donker Afrika.

Na duisend jaar is 'n nuwe begin gemaak om Afrika te kersten. Hierdie keer nie van die Noorde nie, maar van die Suide. Dit was toe Jan van Riebeeck die blanke nedersetting aan die Suidpunt gevestig het. God het die blankes nie hierheen gebring om die goudmyne te ontgin nie, nie om vir hulself 'n kultuur te bou wat soos die Toring van Babel tot aan die hemel moet reik nie. Nee, met 'n ander doel is die blankes hier gebring. Met die doel om donker Afrika vir die lig van die Kruis te wen. Sal dit hierdie keer geluk, of sal die lot van die Kerk in die Suide net so wees as die van die Kerk in die Noorde 'n duisend jaar te vore? Die worsteling met Asië, met die Halwemaan, kom naderby. Die Kruis is hier geplant, en die verdere loop van sake is in Gods hand. Die lig sal bly skyn en sal uiteindelik oorwin, maar as ons as draers en uitdraers van daardie lig dit onder 'n maatemmer sit inplaas van op 'n kandelaar, dan sal die kandelaar weggeneem word, dan sal die oordele van God oor die gemeente kom.

* * *

Die stigting van die eerste gemeente aan die Kaap was die nuwe begin om die lig van die Kruis in donker Afrika te laat skyn. Dit is die grotere betekenis van die koms van Jan van Riebeeck aan die Kaap. Op Sondag, 24 Desember 1651 „omtrent de middagh," het hy „in den Name des Heeren" met die drie skepe die Drommedaris, die Reijger en die Hoope onder seil gegaan en die aand 'n uur na sonsondergang „Gode loff" gelukkig en wel in die volle see gekom het en die reis na die Kaap begin. Die doel was om aan die Kaap 'n verversingstasie te stig ten behoewe van die skepe van die Oos-Indiese Kompanjie op hulle heen- en terugreis tussen Holland en Oos-Indië. Dit was die resultaat van 'n remonstransie wat in 1649 deur Leendert Jansz en N. Proot by die Kompanjie ingedien is en waarin op die

belangrikheid van so 'n verversingstasie gewys is. Maar dit was nie alleen die belangrikheid van die Kaap as verversingstasie waarop hulle gewys het nie, maar ook die betekenis wat dit kan hê om vanuit daardie Suidpunt die christelike religie te plant, die christelike religie in sy gereformeerde, sy hervormde vorm, dus nie Rooms nie. Op die wyse sou die nedersetting kon dien „tot grootmakinge van Godes alder heijlighste name, voortplantinge sijnes h. Evangelie" waardeur die handel in die hele Indië meer en meer geseën sal wees, want dan sou die inboorlinge tot die christelike gereformeerde religie gebring word. Die uitslag van hierdie memorie was die vertrek van Jan van Riebeeck met sy drie skepe op 24 Desember 1651.

Die Bewindhebbers het vir van Riebeeck 'n formulier-gebed opgestel wat hy moes gebruik as hy die vergaderings van sy skeepsraad begin. Daarin word gebid dat hulle 'n goeie bestuur oor die sake van die Kompanjie mag uitoefen, dat hulle in die beraadslagings niks anders voor oë mag hê en niks anders mag besluit as datgene wat tot grootmaking en lof van Gods heilige naam mag strek en tot die grootste belang van die Kompanjie, sonder om ooit op eie belang of eie voordeel te let. Prof. E. C. Godée Molsbergen noem dit 'n „mengsel van godsdienst en handelsgeest." Hierdie gebed is dan ook nie deur van Riebeeck self opgestel nie, maar deur ander mense wat dit nodig geag het om hom in die gebed daaraan te herinner dat hy veral eerlik moes wees, en nie privaat handel moes dryf nie. Net so 'n „mengsel van godsdienst en handelsgeest" is die volgende sinsnede in hierdie gebed waarin gesê word dat die skeepsraad in Gods heilige naam vergader om met die advies daarvan „sodanige besluijten te maecken waermede de meeste dienst van de opgemelte Comp. gevoirdert, de justitie gehantshaefft, ende onder dese wilde brutale menschen mogelijck sijnde Uwe ware gereformeerde christelijcke Lere metter tijt mochte voortgeplant ende verbreijt worden, tot uwes H. Naems loff ende Eere, en de welstant onser Heeren Principalen." Maar, uit dit alles spreek tog duidelik, dat die doel nie alleen stoffelike welvaart was nie, maar ook die uitbreiding van die christendom, en wel in sy Protestantse, sy nie-Roomse vorm. Suid-Afrika is as Protestantse land

aangelê, deur 'n Protestantse nasie.

Die Kompanjie het dan ook altyd probeer om die geestelike belange van sy mense te behartig en die Evangelie onder al die nasies met wie dit in aanraking gekom het, te laat verkondig. Op sy koste is predikante en sieketroosters uitgestuur, en is kerke en pastorieë gebou. Met die drie skepe van Jan van Riebeeck het ook 'n sieketrooster saamgekom, Willem Barentz Wijlant. Elke more en elke aand moes hy die gebed doen, en op elke Sondag moes hy boeke vat. Self mog hy wel nie 'n preek maak nie, maar hy moes 'n gedrukte preek lees.

Op 7 Mei 1652, toe van Riebeeck dus net 'n maand aan die Kaap was, het daar 'n skip uit Holland in Tafelbaai aangekom, die Oliphant, met 'n predikant aan boord, ds. Johannes Backerius. Hy was vroeër in Brasilië werksaam, en die kerk het hom by sy vertrek daarvandaan 'n mooi getuigskrif gegee van sy troue dienste en sy vrome lewenswandel, en hy was nou op pad na Batavia. Die skip het tien dae in Tafelbaai oorgelê, en in hierdie tyd het ds. Backerius op Sondag 12 Mei gepreek en die avondmaal bedien. Dit was die eerste offisiële kerkdiens wat deur 'n predikant aan die Kaap gehou is, en ook die eerste avondmaalsviering. Die diens is gehou in 'n gedeelte van 'n huis waarvan die dak nog nie op was nie, en wat op die binneplein van die ou sooifort gestaan het, maar hierdie fort was ook nog gladnie klaar nie.

'n Jaar later, op 20 Augustus 1653, was daar weer kerk, en weer bediening van die avondmaal, terwyl die eerste doopsbediening toe ook plaasgevind het. Die predikant wat voorgegaan het, was ds. Fredericus Frontenius, en die kind wat gedoop is, was die seuntjie van die sieketrooster Wijlant wat op 6 Junie van die vorige jaar in die fort gebore is. Daarna het die predikdiens en die bediening van die sakramente meermale plaasgevind deur predikante wat op skepe was wat in Tafelbaai geland het.

In 1665 het die Bewindhebbers in Holland 'n vaste predikant vir die Kaap benoem. Dit was Johan van Arckel. Hy is in 1640 in Den Briel gebore en is op 12 Mei 1661 as teologiese student aan die Universiteit van Leiden ingeskryf waar hy op koste van die Oos-Indiese Kompanjie gestudeer

het, met die bedoeling dat hy later in Indië predikant sou word. Toe hy op 6 November 1664 proponent geword het, is hy dan ook deur die Klassis Walcheren met die handoplegging geordeen as predikant vir Nederlands Oos-Indië om aan die Kaap werksaam te wees, en in Maart 1665 het hy saam met sy suster Elisabeth van Arckel daarheen vertrek. Die reis was lank en blykbaar ook nie al te voorspoedig nie, want die skip het eers op 17 Augustus Tafelbaai bereik, terwyl daar onderweg dertig persone dood is en tagtig by die aankoms aan skeurbuik gely het, sodat hulle aan die Kaap verpleeg moes word.

Ds. Van Arckel het op 23 Augustus vir die eerste keer die dienste in die ou Fort waargeneem deur tweekeer te preek en ook het hy agt kinders gedoop. Hy het begin om die gemeente te organiseer. 'n Kerkraad is ingestel, wat uit een ouderling en een diaken bestaan het . Die ouderling was Abraham Schut en die diaken Jan Reijniersz. Ds Van



Arckel het die kerkregister aangelê en op die omslag daarvan met duidelike hand geskryf:

Kerken-boek
van
de Caap van goede hope
behelzende
de namen der gedoopten, ledematen der gemeinten, en der gene, die in den echten staat aldaar vereenight zijn: beginnende van de komste van eerste verblijf predikant Joan van Arckel, den 23 Augusti 1665.

(In die handskrif van ds. Van Arckel, Kerkargief, Kaapstad.)

'n Portret hiervan word hier afgedruk. Die nuwe predikant het sy eerste nagmaalsbediening aan die Kaap op 13 September gehou. Dit was op 20 Januarie 1664 vir die laaste keer aan die Kaap gevier, toe dit deur ds. Cornelis Keyserskindt bedien is. Hierdie lang tyd van twintig maande het volgens die dagregister van die Kommandeur 'n geestelike agteruitgang as gevolg gehad, sodat daar nou slegs vier-en-twintig persone aangesit het, hoewel daar tog baie soldate en baie burgers en boere was. Maar toe ds. Van Arckel op 25 Desember van dieselfde jaar weer die nagmaal bedien het, was dit veel beter en was daar die helfte meer aansittendes as die eerste keer.

Maar ds. Van Arckel, die organiseerder van die eerste gemeente in Suid-Afrika, sou nie lank in hierdie gemeente werksaam wees nie, nie eers vyf volle maande nie . Op 2 Januarie 1666 het hy nog deelgeneem aan die steenlegging van die kasteel aan die Kaap. Die Kommandeur het die eerste steen gelê en hy die tweede. 'n Paar dae later het hy siek geword en op 10 Januarie kon hy nie meer in die diens voorgaan nie, die sieketrooster moes 'n preek lees. Twee dae later is hy oorlede. In die dagregister lees ons hiervan die volgende: Dingsdagh 12d. Nadat gisteren vroegh uijtherende brandige koortsen, onse predikant den Eerwaarden Johan van Arckel verlaten en sijn gewoel wat gestilt hadden, is hij alsoo stil liggen gebleven tot dezen morgen toe, uijtstortende troostelijcke woorden aan sijn aansprekers, maer kort daerop hem de spraeck 't eenemael begevende, is hij omtrent acht uuren christelijck ende Godtsalichlijck in den Heere comen te ontslapen, voorwaer



Die eerste doopregister van S.A., 1665.
(Kerkargief, Kaapstad.)

niet sonder overvloet van tranen van alle de omstanders en voornamentlijck van sijn suster daerover uijt te gieten, ten aansien denselven ons allen, in den tijd van omtrent 5 maenden, niet alleen een goet leeraer en stichtelijcke voorganger in alle deughden geweest is, maer hebben hem oock doorgaens bevonden te sijn een wel geleert liefftaligh goedetieren, bermhertigh en sorgdragent jongman voor dese Caepse ingesetene en huijs arme lieden, de Goede God wil zijne ende onser aller zielen (als wij comen te volgen) in Genade ontfangen en dese plaets te sijner tijdt, weder met een ander bequaem en stichtelyk leraer besorgen."

Die volgende dag teen die aand is hy met veel statigheid en 'n groot lykstoet begrawe. Sy graf is op eie versoek in 'n groot timmerloods op die binneplein van die kasteel wat as kerkgebou bestem was, gemaak.

En hoe het daardie teer plantjie van God waarvan ds. Van Arckel die eerste versorger was, nie gegroei nie! Vandag is dit 'n groot boom. Die dag van die planting van die



Die eerste kerk van Kaapstad, ingewy in 1704. Alleen die toring staan nog.



Die eerste kerkraadsnotule, 1665.
(Kerkargief, Kaapstad.)

eerste gemeente in Suid-Afrika was in die oë van die wat dit gesien het, 'n dag van klein dinge. Maar God het dit bestem as 'n dag van groot dinge. Die dag van 'n nuwe begin om Afrika vir die Kruis van Christus te verower.

S. P. E.

Behoed uw Kerk, zet uit, o God! haar palen;
Zij kenn' eerlang geen grenzen meer;
Dat elk in naam van onzen Heer
De knieën voor U buig', en alle talen
Uw lof herhalen.

Blijf door uw trouw ons zwak geloof beschamen;
Ontfermend Vader! d' aard word' één
In uwen Zoon, door Hem alleen!
Breng in uw huis eens al uw kindren zamen
Voor eeuwig: Amen!

DIE NAAM VAN DIE KERK.

ELKE Sondagmore bely ons dat ons glo 'n heilige, Algemene, Christelike Kerk, die gemeenskap van die heiliges. Hierdie Kerk dra nie 'n naam nie; dit is die Kerk van Christus, die liggaam van Christus, en Hy het maar één Kerk, maar één liggaam. As daar meer Kerke was, dan was dit nodig om hierdie Kerke name te gee om sodoende verwarring te voorkom en om telkens as daar van 'n Kerk sprake is, duidelik te laat uitkom watter van hierdie verskillende Kerke bedoel word. Maar omdat daar maar *een* Kerk is, is daar geen gevaar van verwarring nie, en het die Kerk geen naam nie. Daar word in die Apostoliese Geloofsbelydenis wel 'n paar kwalifikasies aan die Kerk toegeken: die Kerk is *heilig,* dit wil sê dit is afgesonderd van die wêreld, dit is *in* die wêreld maar nie *van die* wêreld nie, en daarom is mense waaruit die Kerk bestaan, dan ook vreemdelinge en bywoners van die wêreld en het hulle hier geen blywende stad nie. Die Kerk is algemeen, dit wil sê dit is vir *alle* mense bestemd, afgesien watter taal hulle praat en tot watter volk of ras hulle behoort. Die Kerk bevat al die mense wat deur Christus gered word, en daarom is dit Christelik. Uit die verlore mensdom het Christus hom 'n nuwe mensdom gevorm, en hierdie nuwe mensdom maak die Kerk uit. Maar die mensdom, ook hierdie geredde mensdom, verkeer hier op aarde nog onder die oordele van die sonde en een van die oordele van die sonde wat by die toringbou van Babel oor die mensdom gekom het, is dat dit verskeur is. Die mensdom is 'n verskeurde mensdom, verskeur deur verskillende tale, verskeur in verskillende volke. Maar 'n nasie, 'n volk poog, hoe gebrekkig en onvolkome ookal, in sy nasie-eenheid, in sy taaleenheid tog die eenheid van die mensdom te weerspieël. En in elke volk en nasie moet die Kerk ook 'n eenheid vertoon. Die Kerkhervormers het dan ook nooit bedoel om 'n skeuring in die Kerk te bring nie. Nooit het hulle 'n veelheid van Kerke voorgestaan nie, maar wel 'n

Kerk vir vele. Die Kerk moet die hele volk omvat, en nie net 'n deel nie, die Kerk moet 'n volkskerk wees. Dit was die standpunt van die Hervormers, en is so treffend deur dr. Hoedemaker weergegee toe hy na veel stryd dit ingesien het dat die Doleansie onder dr. Kuyper nie 'n reformasie van die Kerk was nie, maar 'n deformasie, nie 'n kerkopbou nie, maar 'n kerkafbreek, nie 'n herstel van 'n skeur nie, maar 'n teweegbringing van 'n nuwe skeur. Sy standpunt, die standpunt van die Kerkhervorming, het hy op treffende wyse in die volgende twee sinne weer gegee: „De Kerk is voor mij geene Vereeniging, maar de voortzetting van de Kerk uit Israel in de heidenwereld; nationaal zoowel als internationaal. Ik heb het woord gehoord „Gaat heen, onderwijst alle *volken,* ze doopende, en *leerende hen onderhouden alles wat ik u geboden heb.*"

Dit het dan ook nooit ofte nimmer in die gedagte van die sestiende eeuse Kerkhervormers opgekom om hulle van die bestaande Kerk af te skei en 'n nuwe Kerk te stig wat hulle nou die Hervormde Kerk genoem het, of die Gereformeerde Kerk, of met watter naam ookal. Soiets was onverenigbaar met hulle kerklike opvatting. Calvyn beklemtoon dit op verskeie plekke in sy Institusie, sy bekende uiteensetting van die Christelike leer, dat soiets ongeoorloof en sondig is. In 1543 het hy 'n „ootmoedige vermaning" aan keiser Karel V gerig en daarin sê hy met nadruk: „Ons is nie van die Kerk afgeskei nie en ook nie van sy gemeenskap vervreemd nie." Vir die Hervormers was daar maar een ware sigbare Kerk. En daardie Kerk was nie 'n bloot menslike vereniging wat op die *wil* van die gelowige mens rus nie, op die *wil* van hulle wat *vrywillig* by die Kerk aansluit nie. Nee, die Kerk was vir hulle 'n goddelike instelling, die moeder van die gelowiges waarvan mens hom nie mag afskei nie. Soiets as 'n „vrywillige beginsel" het die Kerkhervormers nie geken nie, net so min as 'n pluriformiteit van die Kerk. So 'n pluriformiteitsbeginsel loop op verskeuring en verbrokkeling uit, dit stel die abnormale as die normale, dit wil die sondige toestand tot 'n sondelose toestand maak.

Dit het vir die Kerkhervormers nie om 'n hervorming

van die Kerk as instelling gegaan nie, maar in die eerste plek om 'n hervorming van die kerkleer. In die Middeleeue veral het daar baie dwalinge in die kerkleer ingesluip en hierdie dwalinge was deur die Kerk gewettig, en nou was dit die Kerkhervormers te doen om aan die hand van en in ooreenstemming met die Heilige Skrif die Kerk van hierdie dwaalleer te suiwer en te reinig; om die verkeerde bouwerk aan die gebou van die Kerk af te breek en dit goed te herbou; om die Kerk van die Heer heel te maak wat afgebreek was soos Elia op die Karmel die altaar van die Heer wat afgebreek was, weer heelgemaak het; om die vervormde Kerk te hervorm. Hierdie hervorming het hom dan ook nie openbaar deur 'n nuwe kerkvorm aan te neem nie, maar deur 'n geloofsbelydenis op te stel. Dit was die *leer* van die kerk wat gesuiwer moes word van die Roomse *dwaalleer*. Die belydenis of leer het uit die aard van die saak 'n groot invloed op die kerkorganisasie gehad. Die inrigting en regering van die Kerk moes van sodanige aard wees dat dit vir die Kerk moontlik was om wat in die belydenis geleer word, in die praktyd van die Kerk te beleef, en daarom moes dit op die duur tot die invoering van 'n nuwe kerkorde kom, 'n kerkorde in die breedste sin, want vir die Kerkhervormers het die kerkorde sowel op die kerkbestuur of kerkregering as op die openbare erediens betrekking gehad. Daarom is 'n hervormde kerk dan ook nie 'n nuwe kerk nie.

In Duitsland is die Geloofsbelydenis in 1530 opgestel en in Junie van dieselfde jaar by die Ryksdag van Augsburg ingehandig en daar voorgelees as 'n getuienis van die geloof wat deur die Evangeliesgesindes van daardie land bely word, en daarom word gepraat van die Augsburgse konfessie. Dit het die belydenis van die Kerk in Duitsland geword, maar die Kerk daar het nie 'n bepaalde naam gekry nie, daar is gepraat van die Kerk van die Augsburgse konfessie of van die Lutherse Kerk, bedoelende alleen om daarmee die leerstellige karakter van die Kerk uit te druk. In Frankryk is die belydenis in 1559 opgestel, die ontwerp daarvan was van Calvyn. In Frankryk is van „réforme" gepraat, van „églises réformées," nie as eie naam nie maar om uit te druk dat die gemeentes „réformées" was, nie

nuwe gemeentes nie, maar gemeentes wat van die Roomse dwaalleer gesuiwer was. In Nederland is die beskouings van Calvyn in verband met die Avondmaalsleer gevolg en nie die van Luther nie, en daarom het die Kerk hom daar meer na die Franse Protestantisme gewend en nie na die van Duitsland nie. Toe in 1568 te Wesel en in 1571 te Emden gepoog is om 'n kerkorde op te stel, is die kerkorde van die Franse Kerk gevolg, en daarvan is daar dan ook onder hierdie Franse invloed gepraat van die religie, en dan van gereformeerde religie. As egter die Hollandse woord godsdiens gebruik is, is van hervormde godsdiens gepraat. Maar nóg die woord gereformeerd, nóg die woord hervormd is as eie naam gebruik. Die woorde gereformeer en hervormd is nie 'n benaming waarmee 'n bepaalde *soort* aangedui word nie, dit is nie van dieselfde aard as Calvinisties of Lutheraans nie, maar dit wys op 'n *aksie,* op die *handeling* van die Reformasie of kerkhervorming. Dit sien op 'n *voortgaande daad,* voortgaande tot op die huidige dag. Die Hervorming was dus nie 'n daad wat net eenmaal, in die sestiende eeu, plaasgevind het nie, maar 'n voortgaande daad, voortgaande van die sondeval tot nou toe, dit is 'n voortdurende stryd teen die dwaalleer wat altyd in die gemeente van die Heer wil insluip.

Die Hervormdgesindes in Nederland het nie enkel en alleen vryheid van godsdiens begeer nie. Hulle wou ook nie 'n bepaalde godsdienstige gesindte naas ander godsdienstige gesindtes in die staat wees nie, maar hulle het geëis dat die owerheid die gereformeerde religie of die hervormde godsdiens sou erken as die enigste religie of godsdiens van die enigste Kerk in die land. Die beroemde kerkhistorikus en kenner van die Nederlandse kerkreg, dr. H. G. Kleyn, het dit as volg saamgevat: „Nooit heeft men zich voorgesteld dat de Hervormde Kerk iets anders zoude zijn dan Volkskerk, de eenige die als de *ware* Kerk aanspraak mocht maken op de openbare uitoefening. Maar dit veronderstelt, dat dan ook alle Nederlanders tot deze Kerk behooren (al wil men de onwilligen uit beginsel niet dwingen zich bij haar aan te sluiten)." Die Hervormde Kerk was met sy gereformeerde religie dan ook nie 'n nuwe Kerk nie. Dit was die historiese voortsetting van die Kerk wat in die sewende

eeu in Nederland veral deur middel van die sendeling Willebrord geplant is. Hierdie Kerk was die enigste Kerk wat in die land deur die Owerheid geken en erken was en dit het geen naam gehad nie, doodeenvoudig omdat naas hierdie Kerk geen ander Kerk in die land mag bestaan nie sodat 'n eienaam nie nodig was nie, want alleen as daar twee of meer van dieselfde soort is, word 'n eienaam noodsaaklik om sodoende verwarring te voorkom. Hierdie Kerk is in die sestiende eeu hervorm, dit wil sê van die onbybelse Roomse dwaalleer gesuiwer, en dit het in die sestiende, sewentiende en agtiende eeu ook nie 'n eienaam gehad nie, want dit was nog altijd die enigste Kerk van die land wat deur die Owerheid erken is. Soms is van hierdie Kerk gewoonweg gepraat as van die „publicque" Kerk, soos in Skotland van die hervormde kerk as van die „established" Church gepraat is. En as van gereformeerde of van hervormde Kerk gepraat is, dan was „gereformeerde" en „hervormde" nie deel van die naam van die Kerk nie, maar is met die benamings bedoel dat die religie van die Kerk gereformeer is, dat sy godsdiens hervorm is, dat dit die Roomse dwaalleer uitgeban het.

Toe die Remonstrante deur die Sinode van Dordrecht in 1618/1619 veroordeel is, het hulle die Remonstrantse Broederskap gestig en die offisiële naam van die plaaslike gemeentes van hierdie Broederskap is *Remonstrants Gereformeerd.* Maar hierdie Remonstrants Gereformeerde gemeentes is net so min as die Doopsgesinde gemeentes deur die Vadere erken.

So het die toestand gebly totdat onder invloed van die Franse Rewolusie in 1796 'n algehele verandering teweeg gebring is toe op 18 Augustus van laasgenoemde jaar bepaal is dat daar voortaan geen „heersende of bevoorregte kerk" sal wees nie. Die Hervormde Kerk, die historiese voortsetting van die Kerk wat in die sewende eeu deur Willebrord in Nederland geplant is, is met die ander kerklike gesindtes gelyk gestel. Al daardie gesindtes is deur die Owerheid ook as Kerke erken, sodat daar nou verskillende Kerke was, en om verwarring te voorkom, het elkeen sy eie naam gehad, ook die ou historiese Kerk wat deur die Kerkhervorming van dwaalleer gesuiwer is. En die naam van

hierdie ou historiese of vaderlandse Kerk was *Ned. Hervormd,* die naam wat dit tot vandag toe nog dra. Dit was hierdie historiese Kerk wat in 1652 met die koms van Jan van Riebeeck na Suid-Afrika oorgeplant is.

Dit is meermale duidelik gesê dat die vestiging van die Hollandse nedersetting aan die Kaap 'n baie goeie geleentheid bied om die ware godsdiens, die christelike godsdiens soos dit van die Roomse dwalings gesuiwer is, dus in sy gereformeerde vorm, in sy hervormde gestalte onder die heidene te verbrei. Maar 'n selfstandige onafhanklike Kerk met 'n eie organisasie, 'n eie kerklike bestuur of regering, is hier nie gebring nie, net so min as wat hier 'n onafhanklike Staat in die lewe geroep is. Staatkundig het die nedersetting deel uitgemaak van die Republiek van die Verenigde Nederlande en dit is deur die Oos-Indiese Kompanjie bestuur wat sy volmag van die Nederlandse Staat gehad het. Die Kaap was 'n buitebesitting van Nederland, of, om dit nou maar met 'n hedendaagse begrip op konkrete wyse uit te druk: die Kaap was die „bosveldplaas" van Nederland. En wat die Kerk betref geld dieselfde. Die gemeentes aan die Kaap was buitegemeentes van die Hervormde Kerk van Nederland en hulle het onder die geestelike versorging van die Klassis (= Ring) van Amsterdam geval. 'n Selfstandig georganiseerde Kerk was hier nie, net so min as 'n selfstandig georganiseerde Staat. Net soas in Holland voor 1796 maar een Kerk erken is, die Kerk wat vandag as die Nederlandse Hervormde Kerk bekend staan, maar wat vóór 1796 nie 'n eie naam gehad het nie omdat daar maar een erkende Kerk was, net so was daar in die Kaap ook maar een erkende Kerk en dit was 'n organiese geheel van die Hervormde Kerk van Nederland en dit het ook nie 'n eie naam gehad nie omdat dit die enigste deur die owerheid erkende Kerk was. Die Roomse Kerk is nie geduld nie, en om dieselfde rede het dit lank geneem voordat daar aan die Kaap 'n Lutherse gemeente mog kom, en daarom ook was daar 'n verset teen die Hernhutter-sendelinge in die agtiende eeu.

So het die toestand gebly tot 1804 toe die Kommissaris-Generaal, J. A. de Mist, op 25 Julie van daardie jaar bepaal het dat voortaan „alle kerk-genootskappen gelijke bescher-

ming der wetten" sal kry, en toe hy sy „Kerken-order" vir die hele kolonie uitgevaardig het om die kerklike regte en voorregte te bepaal. En, dit spreek dan ook boekdele dat dit nie die ou erkende Kerk van die sewentiende en agtiende eeu was, die Kerk wat deur Jan van Riebeeck in die Kaap geplant is, wat om die vasstelling van die regte en voorregte gevra het nie, maar dit was die Lutherse gemeente wat kennelik ook in die regte en voorregte van die ou Kerk wou deel, en daarmee gelyk gestel wou word. De Mist het dan ook dieselfde gedoen wat in Holland in 1796 gedoen is deur al die kerke te erken as gelykes, ook die Roomse Kerk. Daar was dan ook nou net soos in Holland nie meer een bevoorregte Kerk nie, maar meer kerke, en van hulle is gepraat as van Kerkgenootskappe. Die Kerk het nou 'n vereniging geword, 'n genootskap wat as sodanig deur die owerheid by die wet erken moes word en — dit is belangrik — wat nou 'n eie naam moes hê. Die Suid-Afrikaanse Kerk dra dus van 1804 'n eie naam, en hierdie naam was *Nederduitsch Hervormd*. Geen mens kan dit ontken nie.

Die kerkorde van De Mist het hierdie *groot* voordeel gehad dat dit moontlikhede aan die Kerk gegee het om homself te organiseer. Toe ek op 2 Julie 1920 aan die Universiteit van Utrecht tot Doctor in die Godgeleerdheid gepromoveer het, was die tweede stelling wat saam met die proefskrif ingehandig is: „Eerst na de Kerken-Orde van Mr. J. A. de Mist van 1804 kan van een georganiseerde Zuid-Afrikaanse Kerk gesproken worden."

Die Kerk het van die bevoegdheid wat artikel 46 van die Kerkorde van De Mist hom gegee het om homself te organiseer, gebruik gemaak, en op 2 November 1824 is op grond van hierdie artikel 'n Algemene Kerkvergadering in Kaapstad gehou. Dit was die eerste Algemene Kerkvergadering of Sinode wat ooit in ons land saamgekom het. Hierdie gebeurtenis is honderd jaar later in November 1924 met reg deur die Sinode van die Kaapse Kerk op luisterryke wyse gevier, en wyle ds. Jac. Van Belkum het die Ned. Hervormde Kerk van Afrika met die geleentheid verteenwoordig. Hierdie eerste Algemene Kerkvergadering van 1824 het ook die eerste kerkwet wat ooit in Suid-Afrika



ALGEMEEN REGLEMENT

VOOR HET BESTUUR DER

Nederduitsche Hervormde Kerk,

IN ZUID-AFRIKA,

ONTWORPEN IN DE ALGEMEENE KERKVERGADERING,

Gehouden binnen de Kaapstad, op den 2 November, en volgende dagen van het Jaar 1824.

EERSTE AFDEELING.

ALGEMEENE BEPALINGEN.

ART. 1.

HET BESTUUR DER HERVORMDE KERK wordt uitgeoefend, GEMEENTELYK, RINGSWYZE* en SYNODAAL.

ART. 2.

De Leden der Kollegien, waaraan dit onderscheiden bestuur, volgens na te melden bepalingen, wordt opgedragen, stemmen altyd hoofdelyk.

* Er zyn drie Ringen, de *eerste* bestaande uit de Kerken van de Kaapstad, Stellenbosch, Paarl, Zwartland en Somerset; de *tweede* uit die van Tulbach, Zwellendam, Caledon, George en Worcester; de *derde* uit die van Graaff-Reinet, Uitenhagen, Cradock en Beaufort.

Die oudste kerkwet van Suid-Afrika.

vervaardig is, opgestel. Die titel van hierdie kerkwet was: *Algemeen Reglement voor het bestuur der Nederduitsche Hervormde Kerk, in Zuid-Afrika.* Hierdie naam, Nederduitsch Hervormd, het die offisiële naam van die Kaapse Kerk gebly totdat in November 1842 die Sinode besluit het om in die kerkwet die naam Hervormd te verander in Gereformeerd. Maar ook na hierdie tyd kom die naam Nederduitsch Hervormd nog meermale op offisiële kerklike stukke voor. So was die offisiële benaming van die proponentsformulier wat ieder Kaapse predikant moes onderteken, tot in die jaar 1873 *„Acte van Ondertekening van Aankomende Predikanten der Hervormde Kerk in Zuid-Afrika,"* en daarin kom voor dat die ondertekenaar beloof dat hy hom „aan de verordeningen door de Synode der Hervormde Kerk in Zuid-Afrika gemaakt" sal onderwerp. Dus, waar die naam in die Kaapse kerkwet in 1842 van Hervormd in Gereformeerd verander is, daar het die Sinode dit in 1873 in die ondertekeningsformulier van die nuwe predikante ook van Hervormd in Gereformeerd verander.

Toe die Voortrekkers in 1836 die Kaapkolonie begin verlaat het, was die offisiële naam van die Kaapse Kerk dus *Nederduitsch Hervormd,* en hierdie naam het ook op die attestate en bewyse van lidmaatskap wat sommige van hulle saamgeneem het, voorgekom.

In Transvaal vind ons dat op die eerste kollektelys wat in 1841 uitgestuur is om geld in te samel vir die bou van 'n kerk op Potchefstroom, die Kerk „Hervormd" genoem word. Maar veral na die naamsverandering in die Kaapkolonie in 1842 is die name Hervormd en Gereformeerd afwisselend gebruik, terwyl die Kaapse predikante wat die Voortrekkers vanaf 1848 besoek het, dus ses jaar na die naamsverandering, uitsluitend die naam Gereformeerd gebruik het. Maar onder die bevolking self het die naam Hervormd bly voortleef, waarvoor ons verskillende bewyse kan gee. Toe ds. Van der Hoff in 1852 in die Kaap kom, het hy die naam Gereformeerd daar aangetref en het dit toe self ook in die eerste jare gebruik. Maar toe die Grondwet in 1855 opgestel is en in 1857 en 1858 deur die volk self op verskillende volksvergaderings wat deur kommandant-generaal M. W. Pretorius en assistent-kommandant-gene-



BESLUITEN

VAN DE

DERDE ALGEMEENE KERK-VERGADERING

DER

Nederduitsche Hervormde Kerk,

In Zuid-Afrika,

Gehouden binnen de Kaapstad, op den 3den November 1829, en volgende Dagen.

KAAP DE GOEDE HOOP:
GEDRUKT BY DEN GOUVERNEMENTS DRUKKERY.

1831.

Besluite van die Algemene Kerkvergadering van 1829.

raal T. F. Dreyer gehou is, bekragtig is, is daarin die staatskerk „Nederduitsch Hervormd" genoem, ja meer, alleen die naam Hervormd is daarin gebesig en die naam Gereformeerd kom nie daarin voor nie. Dit is belangrik veral as in gedagte gehou word dat hierdie Grondwet met hierdie naam op verskillende volksvergaderings bespreek, behandel en goedgekeur is. En die eerste kerkwet van Transvaal wat deur die Volksraad bekragtig is, dra die naam „Reglementen voor de Nederduitsch Hervormde Kerk in de Zuid-Afrikaansche Republiek."

Na die afskeiding onder ds. Postma in 1859 was daar dus nie meer een Kerk nie, maar twee kerke, en het dit gebiedend geword om een enkele naam te gebruik ten einde verwarring te voorkom, en die naam was Nederduitsch Hervormd.

In 1866 het daar 'n tweede afskeiding gekom, onder ds. F. Lion Cachet. Hierdie kerkskeuring het met groot bitterheid gepaard gegaan. Hy het as vernaamste middel om rekrute te werf 'n laster-veldtog teen die Hervormde Kerk op tou gesit. Een van die onderdele van hierdie laster-veldtog was die bewering dat die naam Hervormd 'n onwettige naam is, dat dit liberaal is, net soos die hele Hervormde Kerk onwettig en liberaal is. En toe het die ou Transvaalse bevolking juis op die naam Hervormd baie klem gaan lê, en dit met krag gehandhaaf. En so het deur die optrede van ds. Cachet die naam 'n „kwessie" geword, 'n twisappel.

In Natal is die twee name Hervormd en Gereformeerd ook deurmekaar gebruik. Prof. Besselaar het in 1927 'n lys van nie minder as twaalf name gegee wat in die Natalse argief vir die Kerk daar voorkom, dit wil sê twaalf verskillende kombinasies waarin die Kerk soms Hervormd en dan weer Gereformeerd genoem word. Tot in 1863 kom die naam Hervormd nog in briewe van ou Voortrekkers in Natal voor, wat bewys dat die naamsverandering wat in 1842 in die Kaap gemaak is, eers geleidelik die naam Hervormd op die agtergrond gedring het. Ook in die Vrystaat was dit die geval. Die Vrystaatse predikante het alger na 1842 daar gekom en het dus van die staanspoor af die naam Gereformeerd gebruik, maar onder die bevolkings het die

naam Hervormd tot in die sestiger jare bly leef, totdat dit op die lang duur terug gedring is.

S. P. E.

Het leven is: een krijgsbanier,
door goed' en kwade dagen
gescheurd, gevlekt, ontvallen schier,
kloekmoedig voorwaarts dragen!

Men tuimelt wel en wonden krijgt
men dikwijls, dicht' en diepe;
't en vlucht geen weerbaar man, die strijdt,
of hem de dood beliepe!

Het leven is: geen vreed alhier,
geen wapenstilstand vragen.
Het leven is: de kruisbanier
tot in Gods handen dragen.

GUIDO GEZELLE.

PREDICATIE
OVER.
JESAIA 45: 1-8.
GEDAAN
TER GELEGENTHEID
Dat Zyn Hoog-Welgebore Geſtrenge de Heer Baron
GUSTAAF WILHELM VAN IMHOF is aange-
ſtelt tot Hoog Edele Gouverneur Generaal
van Neerlands INDIEN en de onderhorige
LANDEN.
DOOR
Hun Hoog-Mogende, de Heeren STATEN GENERAAL
der Zeven Vereenigde NEDERLANDSCHE Provin-
tien en daar de onderbehorende LANDSCHAPHEN.
EN
De Edele Groot Agtbare Heeren BEWINT-HEBBERS ter Camere van Se-
venthiene der NEDERLANDSCHE INDISCHE gewet-
tigde Maatſchappye.
EN
Zyn Hoog-Edele Hoog-Welgebore Geſtrenge aan CABO DE GOEDE HOOP
geluk' ig over NEDERLANDT, met het Schip den HERSTELDER is aange-
komen, en aldaar voorgeſtelt in die Aanzienlyke Staats-bedieninge
den 16 January 1743.
DOOR
WILHELM VAN GENDT, Bedienaer des Godlyken Woords te STELLENBOSCH aen CAPO
DE GOEDE HOOP in AFRICA, den 10 February 1743.
Tot NYMEGEN,
By JAN DE ROEVER, Boekverkoper op de Markt in de Groote Bybel.
Anno 1743.
PORT. № 93."

Preek van ds. W. van Gendt, 1743.

DIE OUDSTE GEDRUKTE SUID-AFRIKAANSE PREEK.

VAN die preekwyse van onse ou sewentiende en agtiende eeuse predikante weet ons nie veel nie. Daar is te weinig preke van hulle bewaar gebly. Wel weet ons dat daar onder hulle goeie kanselredenaars was en met name noem ons hier ds. Johannes Petrus Serrurier wie se vader predikant van die Hollandse gemeente in Hanau was, terwyl sy een broer predikant in Den Haag was en twee ander broers in Amsterdam en hyself in die jare 1760–1804 predikant in Kaapstad. Die oudste gedrukte preek wat voorhande is, is die van ds. Wilhelm van Gendt wat op 10 Februarie 1743 in Kaapstad gehou is oor Jesaja 45 vers 1–8, by die geleentheid toe baron Gustaav Wilhelm van Imhof as Goewerneur-generaal van Oos-Indië in die Kaap as Kommissaris-generaal sy werk aanvaar het.

Ds. Van Gendt is in 1686 gebore. Hy het in die teologie gestudeer en het in 1714 predikant geword van die garnisoensgemeente Schenkeschans. Van hier is hy na die Hervormde gemeente Harderwijk beroep waar hy op 14 Maart 1723 sy intreepreek gehou het oor Psalm 68 vers 12.

Harderwijk was in daardie dae 'n belangrike gemeente met drie predikantstandplase asook 'n universiteit. Ds. Van Gendt was 'n man van studie en sal hom in die universiteitstad tuis gevoel het. Hy het verskillende geskrifte die lig laat sien waarin hy hom laat ken het as iemand „die onvervalscht zijnde in de Lere, aan de rechtzinnige waarheit vasthoudt."

In 1737 het hy hom by die Amsterdamse Klassis aangemeld wat toe juis besig was om predikante vir 'n paar vakante gemeentes aan die Kaap te soek. Die Klassis het hom op 7 Oktober beroep en aan die Kaapse kerkraad van sy koms berig gestuur en gewag gemaak van sy „talent, dat al vrij groot is." Maar die gesondheidstoestand van sy vrou was op daardie tydstip egter van so 'n aard dat dit aan hom toegestaan is om sy vertrek 'n paar maande uit te stel. Sy is egter kort hierna, op 12 Desember 1737, oorlede. Op 12 Februarie 1738 het hy op Hardewijk sy afskeidspreek ge-



A P P R O B A T I E.

DE ondergeſchr: door de E. Claſſis van Nymegen gecommitteert tot het viſiteren van Theologiſche Boeken, hebben de Predicatie over Jeſ: 45 1-8, opgeſtelt door den Wel Eerw. zeergeleerden Heer Wilhelm van Gendt, Bedienaar des Godlyken Woorts te Stellenboſch aan Cabo de Goede Hoop in Africa, met behoorlyke oplettentheit gelezen, en daar in niets gevonden, 't welk met de gezonde Leere van onſe, naar Gods H. Woorts hervormde Kerk, of de daar in aangenomene Formulieren ſtrydig is. Weshalven dezelve approbeeren om ter Drukpers over- en vervolgens uyt-gegeven te worden. Wenſchende aan den Auteur de Heeren allerdierbaarſte zegeningen.

R: toe Laer V: D: M:
Neomagenſis.

Gysb: In de Betouw V: D: M:
Neomagenſis.

NYMEGEN den 11 Octob: 1743.

MAATSCH. NEDERL. LETTERK. LEIDEN.

Drukfouten dus te verbeteren:
Pag. 14. Reg: 4. van boven ſtaat Doroaſter lees Zoroaſter.

Approbatie of goedkeuring om die preek van ds. Van Gendt te kan laat druk.

hou oor Efese 6 vers 10 en 11. Teen die einde van die jaar het hy in Suid-Afrika aangekom en op 3 Desember het hy die kerkraad van Stellenbosch ontmoet en sy werk as predikant daar begin. Mens kry die indruk dat hy 'n rustige en arbeidsame predikant was, bekwaam en wakker. Ook in Suid-Afrika het hy 'n man van studie gebly, en in 1740 het 'n boek van hom verskyn onder die titel „Middel ter vergelijking tusschen de Evangelische, die zich onderscheiden door den naam van Gereformeerden en Luthersche" waarin hy wou aantoon dat die verskil tussen die leer van Calvyn en Luther nie so groot was nie en hulle volgelinge mekaar behoort te vind.

Op 16 Januarie 1743 het hy in Kaapstad gepreek oor Jesaja 45 vers 1 tot 8 by geleentheid toe baron Van Imhof in die Kaap offisieel sy amp as Kommissaris-generaal aanvaar het. Dit was dus met 'n plegtige staatsfunksie. Hierdie preek is gedruk en ons gee die titelblad daarvan fotografies weer. Dit is die eerste gedrukte preek van 'n Suid-Afrikaanse predikant. In daardie dae het die predikante verbasend lank gepreek, en 'n kerkdiens het al gou van twee tot drie uur geduur. Die preek van ds. Van Gendt sou, wanneer dit in die Kerkalmanak afgedruk word, minstens drie-en-twintig bladsye beslaan, dus meer as driekeer so lank as 'n hedendaagse preek. Voor in die preek vind ons die „Approbatie" van die Klassis Nymegen. In daardie dae kon 'n predikant nie 'n geskrif uitgee nie voor en aleer dit goedgekeur is deur die kerklike outoriteite wat moes verklaar dat daar niks in is wat met die kerkleer in stryd is nie. In hierdie „approbatie" word dan ook verklaar dat die klassis Nymegen hierdie preek „met behoorlijke oplettendheid" gelees het, „en daarin niets gevonden, 't welk met de gezonde Leere van onse, naar Gods H. Woorts hervormde Kerk, of de daar in aangenomene Formulieren strijdig is." Ons gee 'n fotografiese afdruk van die hele „approbatie" op 'n afsonderlike bladsy weer.

Ds. Van Gendt is in 1745 oorlede.

S. P. E.

DS. FRANCISCUS LE SUEUR

DIT is jammer dat daar net van enkeles van ons ou predikante uit die agtiende eeu afbeeldings bestaan.

Van die sewentiende eeuse is daar geen enkel portret van oor nie. Daardie ou predikante staan sover van ons af. Hulle kleredrag was anders as die van ons dae. Hulle preekwyse was anders. Hulle taal was anders. Hulle hele optrede, hulle maniere was anders. Geslagte het gekom en geslagte het gegaan, en in die drie eeue van ons volksplanting was alles aan 'n verandering onderworpe. Niks op aarde is blywend nie. Maar wat ook al verander, Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. En die Evangelie van Jesus Christus bly dieselfde, want dit is nie van die aarde nie, maar is die Woord van die Ewige. Hoe alles vanaf die sewentiende en die agtiende eeu af tot nou toe dan ook aan 'n verandering onderworpe mag gewees het, die Evangelie wat daardie ou sewentiende en agtiende eeuse predikante aan 'n verloregaande wêreld gebring het, is dieselfde Evangelie wat vandag nog onder ons verkondig word, die blye boodskap van Gods genade in Jesus Christus. Daardie ou sewentiende en agtiende eeuse predikante het die grondslae van die christendom in ons land gelê. Ons erken dan ook dat ons die geestelike nasate van daardie ou Hollandse predikante is, hulle wat die oorplanters was van die Hervormde Kerk van Nederland in Suid-Afrika. Die Hervormde Kerk van Nederland wat ons Moederkerk is. Ons verheug ons immer wanneer bande met daardie ou Moederkerk versterk word.

Die eerste van die ou predikante van wie 'n afbeelding bekend is, is ds. Franciscus le Sueur. Ons druk dit hier af en deel een en ander oor hom mee.

Ds. Franciscus le Sueur het uit 'n Hugenote-familie gestam wat in die sewentiende eeu in Holland gekom het, en waarvan 'n paar lede predikante by die Waalse gemeentes was. (Dit is die Franssprekende deel van die Nederlands Hervormde Kerk). Maar ons moet ook hier waarsku teen gefantaseerde aansprake van sommige Hugenote-afstammelinge op hoë Franse adeldom en markisate. Sy ouers het in Nederland in die provinsie Gelderland gewoon waar hy in 1700 gebore is. Hy het aan die Universiteit van Leiden in die teologie gaan studeer en is daar op 28 Oktober 1720 as student ingeskryf. Op 2 Oktober 1726 het hy voor die Klassis Tiel sy proponentseksamen afgelê en hom beroepbaar gestel as predikant in die Nederduits Hervormde Kerk. Solank as wat hy op 'n beroep moes wag, het hy in die dorpie Ooyen gebly waar sy ouers waarskynlik woonagtig was. In 1728 het hy hom by die Klassis Amsterdam vir diens in die Indiese Kerk aangemeld, en op 4 April 1729 is hy deur die Klassis peremtoir ge-eksamineer, dit is die eksamen wat elke proponent in daardie dae in Nederland moes aflê nadat hy sy eerste beroep ontvang en aangeneem het. By hierdie eksamen, so staan dit in die ou stukke van



Die vader van ds. F. le Sueur.

daardie tyd opgeteken, het hy baie blyke gegee van sy grondige studies, sodat die Klassis hom vol verwagting met die handoplegging georden het en die Kaapse Kerk met sy benoeming gelukgewens het. Kort hierop het hy na die Kaap vertrek waar hy hartelik verwelkom is, en op 16 Oktober 1729 het hy vir die eerste keer daar gepreek en sy diens aanvaar. In die daaglikse omgang was hy waardig en deftig en hy het met seën gearbei. Maar sy belangstelling het nie alleen by die Kaapstadse gemeente gelê nie, maar hy het ook sy aandag geskenk aan die geestelike welvaart van die bewoners van die buitedistrikte, en in die tweede helfte van die jaar 1730 en die eerste drie maande van 1731 het hy selfs die dienswerk in Drakenstein en in Stellenbosch tydelik waargeneem. Ook het hy die noodsaaklikheid ingesien dat die verskillende gemeentes meer voeling met mekaar moes hou en in 'n organiese verband geplaas moes word, en daarom het hy hom beywer vir die oprigting van 'n klassikale vergadering aan die Kaap. So 'n klassis het dan ook begin en het in 1746 sy eerste vergadering gehou. Maar die tyd was vir so iets nog nie ryp nie. Die Kaapse gemeentes kon nog nie vir hulleself sorg nie, en was nie by magte om self sy eie predikante te eksamineer en tot die Heilige diens toe te laat nie, en die versorging van die Amsterdamse klassis kon beslis nie gemis word nie, en daarom is die oprigting van 'n afsonderlike klassis aan die Kaap wat dus 'n nuwe Klassis van die Nederlands Hervormde Kerk sou wees, in Nederland dan ook met reg nie goedgekeur nie. Die Kaapse gemeentes het egter wel die reg gekry om jaarliks in 'n gekombineerde vergadering saam te kom om gemeenskaplike belange te bespreek en te behandel, maar hierdie gekombineerde kerkvergaderings het nie die bevoegdheid van 'n klassis gehad nie.

Ds. le Sueur het agtien maande na sy aankoms in die Kaap, op 2 April 1730, in die huwelik getree met Johanna Swellengrebel, 'n suster van Hendrik Swellengrebel wat op daardie tydstip lid van die Politieke Raad was en van 1739 tot 1751 Goewerneur van die Kaap was. Die huwelik was ryklik met kinders geseën, en die afstammelinge word nog veelvuldig in Suid-Afrika gevind.



Ds. Franciscus le Sueur.
(Kerkargief, Kaapstad.)

Ds. le Sueur het aan graweel gely en het gemeen dat hy hom uit die aktiewe diens moes onttrek, en daarom het hy in 1744 die plaas Ekelenburg van sy skoonvader op Rondebosch gekoop en daar gaan woon. Nadat sy opvolger bevestig was, het hy sy dienswerk neergelê, en op 11 September 1746 sy afskeid van die gemeente geneem met 'n preek oor Efese 3 vers 14 tot 16. Hy het 'n lewendige belang in die ontwikkeling van die kerk en die geestelike lewe van die gemeente bly stel, en het meermale gehelp om in die dienste te voorsien, veral in 1749 toe daar drie vakatures was. Ook het hy die Gekombineerde Kerkvergaderings bly bywoon. In 1757 is hy oorlede.

S. P. E.

(Met dankbaarheid vermeld ons hier dat daar 'n boek van ons in die pers is wat die lewensbeskrywings van al ons sewentiende en agtiende eeuse Suid-Afrikaanse predikante bevat, met die afbeeldings wat daar van hulle bestaan.)

———

Saaier, saai! Dis God's gebod,
al verdroë vrug en blare,
al verslaat die hael die are.

Saai die sade van gedagte,
laat die oes aan nageslagte,
net soos die wat rus in d' graf
ons ook eens hul gawe gaf.
Ons mag die ook nie behou:
ander harte vra dit nou;
liefde gewe is genot, —
delg die skuld, dis God's gebod.

Val daar saadjies op die stene,
vlieg die voëls daarmee hene
mag dit in die dorings val,
saaier, saai! en sê: „ek sal!"

DIE VIERINGS VAN DIE EERSTE EN DIE TWEEDE EEUFEESTE TER HERINNERING AAN DIE KOMS VAN JAN VAN RIEBEECK.

DIT was op Saterdag 6 April 1652 dat Jan van Riebeeck se skip, *De Drommedaris,* met 'n ander skip, *De Goede Hope,* in Tafelbaai geanker het. 'n Derde skip, *De Reijger,* het nog buite die baai gebly. Die volgende dag, 7 April, het Jan Van Riebeeck aan wal gegaan en 'n plek uitgesoek om sy fort te bou, en die plek wat hy gekies het is vandag bekend as die Parade in Kaapstad. Dit was 'n dag van klein dinge. Van klein dinge, net soos 31 Oktober 1517 ook 'n dag van klein dinge was toe Martin Luther sy vyf-en-negentig stellings aan die deur van die slotkerk van Wittenberg geslaan het. Maar tog, daardie sagte hamerslae is die hele wêreld deur gehoor, en word vandag nog gehoor, sodat daardie dag vandag bestemd is as die dag waarop die seëninge van die Kerkhervorming herdenk word. Luther self het die betekenis van sy daad nie besef nie. Vir hom was dit 'n akademiese disputasie. Maar wat het nie daaruit gegroei nie! Daardie dag was in die oë van die mense maar 'n dag van klein dinge, omdat die oë van die mense die groot dinge wat daarin verborge gelê het en wat op Gods tyd daaruit te voorskyn sou kom, nie kon sien nie. Daarom het die profetiese woord (Sagaria 4 vers 10) vir ons die waarskuwing om die dag van klein dinge nie te minag nie.

So was dit ook 'n dag van klein dinge toe Jan van Riebeeck op 6 April 1652 sy skip in Tafelbaai laat anker het, 'n dag van klein dinge toe hy op 7 April aan wal gestap het en die plek vir sy sooifort uitgesoek het. Maar wat het daar nie uit daardie klein dinge te voorskyn gekom nie! Self het hy daar nie die minste besef of vermoede van gehad nie. En tog, die grondlegging van daardie ou sooifort was die grondlegging van die Hollands-Afrikaanse nasie wat daarmee in Suid-Afrika geplant is.

Op 6 April 1654, twee jaar na sy aankoms in Tafelbaai, het Van Riebeeck daarby stil gestaan hoedat „Godt de Heere alle die saecken tot den dach van heden met veele

segeningen, wel ende gewenscht heeft laeten succederen ende voltrecken," en het daarom besluit om in die toekoms hierdie dag, die 6e April, „tot Godes eere met danckseginghen te vieren ende voor altijt tot een vast blijvenden danck- ende bededach in te stellen, ten eynde daer bij des Heeren weldaeden, aen ons bewesen, bij ons naecomelingen noyt vergeten, maer altijt tot Godes eere, ter gedachtenisse in memorie gehouden mogen worden."

'n Jaar later, 5 April 1655, het Van Riebeeck hierdie dag dan ook as 'n „danck- ende bededagh" laat hou. Daar was op een van die skepe wat 'n paar dae vantevore uit Holland aangekom het, 'n predikant aan boord, ds. Hermanus Busschof. Sy vader, ds. Bernardus Busschof, was in die jare 1613-1639 'n bekende Hervormde predikant in Nederland. Hyself was in die jare 1642-1653 predikant van die Hervormde gemeente van Zoelen en van 1652-1654 van die Hervormde gemeente van Kuilenburg, die geboortestad van Van Riebeeck en die gemeente waarin hy gedoop is. In 1654 is hy deur die Klassis van Amsterdam as predikant na Indië gestuur, en was as sodanig in 1655 werksaam op Formosa en van 1658 tot aan sy dood in 1674 in Batavia. Hy was dus die eerste predikant onder wie se leiding die gedenkdag van die koms van Van Riebeeck in 'n kerkdiens gevier is. Ons vind nog meermale melding gemaak van die onderhouding van hierdie jaarlikse dank- en bededag, maar helaas, dit het al spoedig as sodanig opgehou.

In 1752, honderd jaar na die koms van Van Riebeeck, was die Goewerneur wat in die Kaap aan die hoof van sake gestaan het, Ryk Tulbagh. Hy was 'n goeie man, vroom en godsdienstig, en is in 1699 te Utrecht, Nederland, gebore. In 1716 is hy in diens van die Oos-Indiese Kompanjie aangestel in 'n ondergeskikte pos aan die Kaap. Deur sy goeie gedrag en troue pligsvervulling, terwyl hy sy kennis met die lees van allerhande nuttige boeke aangevul het, het hy steeds hoër en hoër geklim, totdat hy in Februarie 1751 as Goewerneur aangestel is. Hy was 'n vader vir die bevolking wat hom dan ook Vader Tulbach genoem het. Dit was op sy voorstel dat die Politieke Raad op 21 Maart 1752 besluit het om Saterdag 8 April, die dag waarop honderd jaar gelede die Kaap in besit geneem is, as 'n dankdag te vier en

aan al die predikante van die verskillende kerke op te dra om op daardie dag dankdienste te hou, en aan hulle gemeentelede vooraf hiervan kennis te gee sodat hulle kan weet om kerk toe te kom, „en den Alderhoogsten met Eenparige herten te dancken voor alle groote weldaden en zeegeningen gedurende zoo een Lange Reex van jaaren, aan dit Land en dies Inwoonderen beweesen, en Sijne Goddelijke Majesteyt wijders af te smeeken, dat 't hem dog behaagen moge dit Land met dier ingeseetenen verder onder de Magt der Maatschappye voor alle Rampen en Onheylen in genaade te bewaaren."

In al die gemeentes waar daar 'n predikant was, is daardie dag dan ook 'n kerkdiens plegtig gevier. In Kaapstad was daar 'n groter feesviering. In die more het ds. P. van der Spuy die kerkdiens gehou en „een treffelijke dank predicatie" gehou. In die middag is met al die kanonne van die kasteel sowel as van die batterye en „redouten" langs die strand „losgebrand" terwyl die Hollandse, Engelse, Franse en Deense skepe wat aan die rede in die baai gelê het, ook hulle grofgeskut laat hoor het. Die Goewerneur het die amptenare wat daarvoor in aanmerking gekom het, die vernaamste persone uit die burgery en die hoofde van die verskillende skepe op 'n groot maaltyd onthaal.

Van ds. P. Van der Spuy plaas ons hiernaas 'n portret. Hy is op 23 November 1722 aan die Kaap gebore en was die eerste gebore Suid-Afrikaner wat predikant geword het. Sy vader, Melt van der Spuy, was 'n Rotterdammer van geboorte en is op 14 Julie 1716 aan die Kaap met Maria van der Poel getroud. Petrus was die derde kind uit hierdie huwelik. Aan die einde van 1730 toe hy dus nog maar nouliks agt jaar oud was, het sy vader hom vir sy opvoeding na sy familie in Rotterdam gestuur. Hy het hom daar vir die Universiteit voorberei en op 9 September 1740 is hy te Groningen as student in die Teologie ingeskryf. In September 1744 is hy in Leiden as teologiese student ingeskryf waar hy ook nog 'n jaar gestudeer het. Sy begeerte was om na sy geboorteland terug te gaan en daarom het hy hom vir die proponentseksamen by die Klassis Amsterdam aangemeld, wat hom dan ook op 4 Oktober 1745 as kandidaat tot die Heilige Diens beroepbaar gestel het, en op 11 Janua-



Ds. Petrus van der Spuy.
(Kerkargief, Kaapstad.)

rie 1745 het die Klassis hom met die oplegging van hande as predikant vir die Kaap georden. Die bewering dat hy in Nederland ook in die medisyne gestudeer het, is hoogs onwaarskynlik en moet van die hand gewys word. Hy het spoedig na sy ordening skeep gegaan en het op 17 Augustus 1746, na 'n afwesigheid van meer as vyftien jaar, weer sy voet op sy geboortegrond gesit en vyf dae later het hy in Kaapstad gepreek. Sy teks was Genesis 31 vers 3: „En de Heere zeide tot Jacob: Keer weder tot het land uwer vaderen, en tot uw maagschap, en Ik zal met u zijn." Hy is benoem as opvolger van ds. Le Sueur in Kaapstad waar hy predikant was tot 1753 toe hy na Drakenstein verplaas is. Maar daar in Drakenstein het hy 'n lydensweg gehad. Daar was meermale baie twiste in daardie gemeente, en ds. Van der Spuy kon ten slotte daar nie meer teen nie, want dit het hom ook fisies oorweldig, sodat hy in Maart 1781 op sy aansoek sy emeritaat ontvang het.

Ds. Van der Spuy was al die tyd nog ongetroud, en eers op 19 Januarie 1783, dus byna twee jaar na sy aftrede toe hy reeds oor die sestig jaar oud was, het hy in die huwelik getree met Maria Elisabeth Aleda. Sy is op 21 Julie 1748 deur hom in Kaapstad gedoop en daarna het hy skertsent aan die vader van die dopeling gesê dat hy die kindjie vir hom as vrou moet grootmaak. En hierdie skerts het waarheid geword. Daar is vier kinders uit hierdie huwelik gebore, maar die moeder is reeds in 1791 oorlede. Ds. Van der Spuy het hierna nog agtien jaar geleef, totdat op 4 Maart 1809, toe hy reeds meer as ses-en-tagtig jaar oud was, ook vir hom die rus aangebreek het.

Die eeufees-preek wat hy in 1752 gehou het, is in druk verskyn en die titelblad daarvan word hier afgedruk. Dit is lank want in daardie dae was die mense breedsprakig. Die teks was Psalm 147 vers 12, 13 en 14: „O! Jerusalem, roemt den Heere: O! Sion, looft uwen Godt: want hij maakt de grendelen uwer poorten sterk, hij zeegent uwe kinderen binnen in u: die uwe landpaalen (in) vreede stelt, hij verzadigt u met het vette der tarwe." Die preek is lank en uitgerek soos dit in daardie dae toe die lewe nie so gejaagd was nie en die mense baie tyd gehad het, gebruiklik was. As dit in die Almanak oorgedruk moes word, sou dit ongeveer

DANK-ALTAAR,

GODE TER EERE OPGERICHT;

OF

EENE PLEGTIGE

REDENVOERING,

TER GELEGENTHEID

Van 's Ed. Comps Hondert Jaarige Posseſſie
des GOUVERNEMENTS van

CABO DE GOEDE HOOP,

In eene Verklaaring, en Toepaſſing van
Pſ. CXLVII. vers 12, 13, en 14.

Uitgeſprooken den 8. April des Jaars 1752.

DOOR

PETRUS VAN DER SPUY,

Bedienaar des H. Euangeliums aan
CABO DE GOEDE HOOP.

Te UTRECHT,
By GYSB. TIEME VAN PADDENBURG,
EN
ABRAHAM VAN PADDENBURG,
Boekverkopers, 1753.

drie-en-twintig bladsye beslaan. Ook vind mens 'n paar Latynse aanhalings en ook Hebreeuse woorde daarin. Die gedrukte uitgawe is aan goewerneur Ryk Tulbagh en die Politieke Raad opgedra. 'n Gedeelte uit die toepassing van die preek word hier afgedruk:

Roept ons niet deze dag tot dankzeggen, dat ons gansche leven niet moet eindigen? hebben wij nu niet zo wel oorzake om God te roemen en te loven als eertijds Israël? waarlijk! onze zegeningen overtreffen ze veelzints:

1. Heeft God ons niet bewaart tot op dezen dag? mogen wij niet roemen dat God de poorten, en grendelen van dezen uijthoek heeft sterk gemaakt? Want van dien tijd af, tans uijtmakende een kring van hondert jaaren, dat de beroemde Maatschappij van deeze Landen bezit genomen heeft, heeft God haar, in hunne bezittinge, bevestigt, hare grenspalen beschermt, en van tijd tot tijd dezelve versterkt met vastigheden. Ik zoude het bestek van een Leerrede te buiten gaan, indien ik mij zoude uijtlaten in eene breedvoerige beschrijvinge van de gesteltheid dezes uijthoeks, zo voor, als na dat de E. Maatschappij daar van posessie gehad heeft; alleenlijk ben ik genoodzaakt te moeten zeggen, dat dezelve allereerst door de Portugeeschen wierd ontdekt, die denzelven den „Stormhoek" noemden; dog na dien tijd wierd door hunnen Vorst dezen hoek het „hoofd van goede hoop" genaamt, om de hoop die Koning Johannes de tweede hadde van Indie te zullen ontdekken, toen zijne Schepen dezen hoek te boven steevenden. Wanneer de Nederlanders in den Jaare 1600 eene Compagnie hebben beginnen op te richten, deeden zij hunne Scheepen wel bestendig aan dezen uijthoek landen, maar egter hadden zij hier geen vastigheid of sterkte. Op dusdanige wijze agtervolgden zij dezen uijthoek aan te doen, tot op den Jaare 1650, wanneer haare gewone Jaarlijkze Retourvloot aldaar aanquam, om zig van nodige leeftogt te verzorgen. Terzelver tijd bevond zig op deze Vloot Jan van Riebeeck, die, als Wondheeler, in dienst der Maatschappij varende, de nuttigheid der wilde gewassen aan deze Zuijdhoek ontdekt had, oordeelende dat dit aangenaame oort, met geringe moeite tot groot voordeel van de

Maatschappij, tot eene schoone Ververzingsplaats konde aangelegt worden. Zijne gedagten, zijne Heeren en Meesters ontdekt, en de nootwendigheid van deze onderneminge aangeweezen hebbende, besloten zij na rijpe overweginge, dezen uijthoek in bezit te nemen, en zonden in den Jaare 1651 in den Maand December den voren gemelden van Riebeek, als Hoofd van de eerste Volksplanting, met eenige Schepen herwaarts, welke alhier aanlande op den 6 April des volgenden Jaars 1652, en op den 8 van dien Maand nam men het bezit van dezelve: men leide alles aan dat tot vastigheid, en sterkte van dezelve konde dienen, om een gerusten en vasten eigendom te hebben, hoewel alles in het vervolg van tijd, tot grooter en meerder volmaaktheid is gebragt geworden. Zo dat wij dan mogen zeggen, dat God tot hier toe de grendelen onzer poorten heeft sterk gemaakt, en het zelve omheint heeft door zijne nooit volpreeze zorg, en liefde.

2. Hoe zijn ook de Kinderen van dit Land zedert die dagen gezeegent binnen onze Muuren? begon, niet na verloop van weinig tijd dit Tafel-dal te naauw, en te klein te vallen, om aan zo veel Inwoonders onderhout te verschaffen; die dienvolgens genoodzaakt wierden zig verder uijt te breiden, en de naastgelegene Dalen, en Valeien te bezetten; zo dat ze nauwelijks meer de naam van een Colonie voeren mag? Zo zijn onze honderden geworden, tot duijzenden, en onze duijzenden tot tien duijzenden vermenigvuldigt. Hoe gezegent zijn ook de Kinderen dezes Lands in voorspoed? wat rijkdommen zijn er bij veelen overgebleven? wat overvloed is er van allerleij voorraad? plasregens van zegeningen heeft God op ons uijtgestort, en hij doed het ons welgaan in dit goede Land, waar in wij wonen.

3. Heeft God ook onze Landpalen niet in vrede gestelt? geen vijand heeft tot dezen tijd toe onze ruste, nog vrede gestoort. Indien ooit Gods Kerke in den mond heeft moogen hebben de woorden uijt den CXXIV Psalm, zo moogen wij het doen op dezen dag, in opzigte van zo eene merkwaardige verlossinge, als de Heere onlangs aan ons heeft te wege gebragt, welke nooit uijt onze

gedagten behoorde te gaan: 't was Jehovah, die bij ons geweest is, mogen wij nu zeggen, ja 't was Jehovah die bij ons geweest is, als de menschen tegen ons opstonden: doe zouden zij ons levendig verslonden hebben, als haren toorn tegen ons ontstak. Doe zouden ons de Wateren overlopen hebben, een stroom zoude over onze Ziele gegaan hebben. Doe zouden de Wateren van alverdervende vijanden, over onze Ziele gegaan zijn: die ons van onze Goederen, Godsdienst, en Vrijheid zouden berooft hebben. Maar Jehovah zij eeuwig gelooft, die ons in hunne handen niet heeft overgegeven tot een roof: en dat onze Ziele ontkomen is, als een vogel uijt den strik des Vogelvangers, die reets bezig was om zijn net en strik toetehalen: dog God zij gedankt, die strik wierd gebroken: de toeleg der vijanden is nog tijdig ontdekt, en verijdelt geworden, door middel van eene onzer Bondgenooten. En dus zijn wij het op eene wonderbare wijze ontkomen: in allen dezen is de hand des Heeren met ons, en tegen onze vijanden geweest. Men mag op dit geval wel toepassen het geen den Heidenze Digter Claudianus zegt tot den Keizer Theodosius, als hij den Tijran Eugenius versloeg onder eene, begunstiging van Weer en Wind (1),

O nimium dilecte Deo, cui militat AEther,
Et conjurati veniunt ad classica Venti.

En waarlijk wij zouden ondankbaar zijn, indien wij niet erkenden en opmerken, dat onze hulpe in dezen geweest is in den name des Heeren, die Hemel en Aarde gemaakt heeft. Dit is van Jehovah geschied en het is wonderlijk in onze oogen.

4. Maar eindelijk mogen wij ook zeggen, dat wij verzadigt worden met het vette der Tarwe. Zo dat de algenoegzame God, ons met Israël doet rijden op de hoogten der Aarde, dat wij eeten de inkomsten des velts: hy doet ons honing zuijgen uijt de Steenrotsen. Deut. XXXII. vers 13. Ende olie uijt de keijen der Rotzen: boter van Koeien, en melk van klein Vee, met het vette der Lammeren, en der Rammen, die in onze Velden weiden, met

1 Vide Augustin: Lib. V. Cap. 26.

het vette der nieren van Tarwe: ende het druijven bloed, reinen Wijn, hebt gij gedronken, vers 14. God maakt deze plaatze tot een Koorenschuur van de vetste Tarwe, en dat in zo een overvloed, dat niet alleen wij, maar zelfs andere Landen daar door gespijzigt worden. Wie kan hier klagen van gebrek? geeft ons God geen overvloed van alles? en in die overvloed van alles het beste? alles, wat de Lugt onderhout, alles, wat de Zee in haren schoot teelt, en queekt, alles, wat de vrugtbaarste Landen kunnen voortbrengen, word ons in overvloed toegeworpen. Zo dat God ons geplant heeft aan eenen vetten heuvel. Welgelukzalig zijt gij dan, O Caaps Israël! wie is u gelijk? gij zijt een volk verlost door den Heere, den Schilt uwer hulpe, ende die het Swaart is uwer hoogheid: daarom zullen zig uwe vijanden u geveinsdelijk onderwerpen, ende gij zult op hare hoogten treden. Deut. XXXIII. vers 29.

Wat is er nu billijker als dat wij met Jerusalem, en Sion, onzen mond doen overlopen met Gods lof? dat is immers het einde van God in alle zijne werken; God zal anders zijn zeegeningen afbreken, en in zo veele vloeken verwisselen. Zijn wij dan begeerig 't schrikkelijke van Gods toorn, het verderffelijke van zijn oordeelen te ontduiken, dit Land, en deszelfs Inwoonders in salvo te behouden, geeft dan den Heere uwen God de eere zijns's naams, eer hy als een verbolgen Rigter van zijn Hemeltroon zal steigeren, en het voor onze oogen door zijn oordeelen zal donker maaken. Wat doch zoude het weezen, als de Heere ons verliet, als hij onder ons zijn genaderijke woning opbrak? Treed dan den Heere uwen God te gemoed als een Koninglijk Priesterdom, met volvrolijke herte, met juichende lippen, en met het heffoffer des lofs, voor zo veele groote en menigvuldige zeegeningen aan dit Land, en deszelfs Inwoonders bewezen. Want wat weldaden zijn 'er dog te noemen, die God niet in een ruijme mate over ons heeft uijtgestort? Wat een goed Land heeft de Heere ons niet gegeeven, om te bewoonen? Wat vrede en overvloed heeft hij deze Landen niet geschonken, wanneer andere Landen en Kerken zijn verschrikt geworden, door ontzettende ge-

rugten des oorlogs? Wat geschiedenis kan ons zulk eene verbazende aaneenschakeling van goedertierentheden uijtleveren, dan die met welke wij zedert onze grondlegginge tot nu toe, zijn overladen geworden? God heeft hier zijn genaderijke inwoning genomen, wij zijn na zijn name genoemt, hij is onze God, wij zijn Volk en Eijgendom, hij onze Koning, wij zijn Onderdanen; daar benevens zien wij de deuren van Gods Heiligdom steeds voor ons geopent, de zuijvere Evangelie-leer zegepralen over 't Anti-christendom. En is zulk eene goedertierentheid niet overdubbeld waardig, dat wij ons tot in alle eeuwigheid daar over zouden verwonderen? Wat kan aandoening op onze herten verwekken, en die doen wegsmelten, zo dit het niet doet?

Laat ons ook met Jeremias, Klaagl. III. vers 40, onze wegen onderzoeken, en doorzoeken, en inzonderheid, wederkeeren tot den Heere. Geen twijfel, of wij zullen alle veel vinden te verbeteren. Hier aan dan met allen ernst zonder uijtstel gevallen, alle onze zonden moeten, zo 't mij geoorloft is in deze vreugdetijd van tranen te melden, daar door uijtgewischt worden. Volgen wij het voorbeeld van den Man Gods Esra, met te betuijgen: mijn God, ik ben beschaamt ende schaamroot, om mijn aangezigte tot u opteheffen, mijn God: want onze ongeregtigheden zijn vermenigvuldigt tot boven ons hooft, en onze schult is groot geworden tot aan den hemel. Esra, IX. vers 6. Laat ons op deeze schuld beleidenis, den raad van Daniël gegeeven aan Belzazar behagen: breek uwe zonden af door geregtigheid, en uwe ongeregtigheden door genade te bewijzen aan de elendigen, of 'er verlenginge van uwe vrede mogte wezen. Dan IV. vers 27. Eijndelijk laaten wij allen God Almagtig, wiens wegen en werken volmaakt zijn, smeeken, dat hij bevestige, 't geene hij onder ons gewrogt heeft, en 'tzelve nog tot grooter en meerder volmaaktheid brengen! en wij hebben, na zulke blijken van zijn gunste jegens ons, geene redenen om te twijffelen of hy is gereed om dit voor ons te doen, indien wij Gods genadige inzigten met deze zeegeningen, niet verwaarloozen en te leur stellen, Maar indien wij ook in dezen

dag niet willen bekennen het geene tot onze vrede dient, dan zullen wij zelf de oorzaak van ons verderf zijn, en ons bloot leggen voor de straffen des Hemels, dat God genadiglijk verhoede! Zo wij in tegendeel nog leeren willen regt, en geregtigheid te betragten, zo kunnen wij staat maaken dat God zijn Kerk bewaaren zal als zijn oog-appel, en de tortelduijve van zijn eige Zoon, aan het wilt gedierte des velts niet overgeven. Dan zal God ons altijd met zijne gunsten omhelzen; en om zijns naams wille dit Land, en desselfs Inwoonders bestendiglijk zegenen, en stellen tot een toneel van zijne wonderen! Hy zal zijn vuur en haardstede onder ons bewaren, ende ons eindelijk vrede gegeeven hebbende, die in eeuwigheid bevestigen voor ons en onze nakomelingen! Wij zullen gerustelijk blijven wonen onder onze Wijnstok en Vijgeboom, en het goede zal nooit van ons geweert worden.

In 1852 is die Tweede Eeufees ter herinnering aan die stigting van die Kaap gevier. Die Sinodale Kommissie van die Kaapse Kerk het die verskillende gemeentes opgewek om hierdie fees kerkelik en godsdienstig te vier, en hieraan is in ruime mate gehoor gegee. In Kaapstad self het die oudste predikant, Abraham Faure op Dinsdag 6 April die Eeufees-redevoering gehou. Hy is op 29 Augustus 1795 op 'n plaas in Stellenbosch gebore. In 1814 het hy na Engeland vertrek waar hy twee jaar lank op Gosport aan 'n inrigting van die Londense Sendinggenootskap gestudeer het waar sendelinge vir hierdie genootskap opgelei is. In 1816 het hy na Holland gegaan waar hy aan die Universiteit van Utrecht verder in die teologie gestudeer het en op 20 Augustus 1817 is hy deur die Provinsiaal Kerkbestuur van Utrecht as predikant geordeen. Op 20 Junie 1818 het hy na sy terugkoms sy eerste preek in Suid-Afrika gehou. Later is hy met Miss Isabella Caldwell, 'n dogter van 'n offisier in die Britse leër, getroud. Van 1818 tot 1822 was hy predikant op Graaff-Reinet, en van 1822 tot 1867 in Kaapstad toe hy emeritus geword het. Op 29 Maart 1875 is hy oorlede. Hy was 'n bekwame en ywerige persoon en het baie geskryf. In 1824 het hy *Het Nederduitsch Zuid Afri-*



Dr. Abraham Faure, predikant te Graaff-Reinet 1818, Kaapstad 1822, emeritus 1867, oorlede 1875.

kaansch Tijdschrift opgerig en in 1843 *De Honigbij* wat in 1849 deur *De Kerkbode* vervang is. In 1862 het die Rutgers College in New Brunswick, Amerika, hom die eregraad van Doctor in die Teologie verleen. Dr. Faure het wel die Hollandse taal help bevorder, maar die koers wat hy ingeslaan het was die van 'n Engelse Suid-Afrika en 'n verengelsing van die Kerk. Met die Groot Trek het hy dan ook nie veel simpatie gehad nie, en toe hy in 1843 die Voortrekkers in Natal besoek het, was sy optrede sodanig dat dit nie juis geslaag het nie. Hy het van die kansel vir die Engelse koningin gebid en die mense probeer tevrede maak met die Britse vlag, waardeur hulle geen vertroue in hom gestel het nie.

Sy redevoering met die Tweede Eeufees op 6 April 1852 is in druk uitgegee en is baie waardevol vir die Kaapse kerkgeskiedskrywing. Vir ons dae is dit ook lank, maar dit is tog die helfte korter as die Eeufeespreek van ds. Van der



REDEVOERING

BIJ HET

TWEEDE EEUW-FEEST,

TER

HERINNERING AAN DE VESTIGING

DER

CHRISTELIJKE KERK, IN ZUID-AFRIKA,

GEHOUDEN IN DE GROOTE KERK, IN DE KAAPSTAD,

OP

DINGSDAG DEN 6 APRIL, 1852,

DOOR

ABRAHAM FAURE.

UITGEGEVEN OP EERFARIG VERZOEK EN VOOR REKENING DER GEZAMENLIJKE LEDEN VAN DEN EERWAARDEN KERKERAAD DER GEREFORMEERDE KERK, KAAPSTAD.

KAAPSTAD:
VAN DE SANDT DE VILLIERS & TIER, KASTEELSTRAAT,
N. H. MARAIS, LANGESTRAAT.

1852.

Spuy 'n honderd jaar tevore. Ds. Faure se teks was Psalm 68 vers 32b: „Moorenland zal zich haasten zijne hand tot God uit te strekken." Die inhoud van die preek is dat Moorenland, d.i. die Suide van die wêrelddeel Afrika wat deur die afstammelinge van Cham bewoon word, in dieselfde geestelike seëninge as die Noorde sal deel. Van daardie Moorenland, daardie Suidelike deel van Afrika, is die Suidpunt wat deur ons bewoon word, die verste afgeleë gedeelte. Eers behandel die prediker twee punte:

I. Betreurenswaardig is die toestand van het land alwaar de Kerk des Heeren niet is geplant.

II. Groot daarentegen is het voorregt tot die Kerk te behooren.

En dan gaan hy oor om die planting en wasdom van die Kerk in ons land dankbaar te herinner. In breë trekke skets hy die groei en die ontwikkeling van die Kerk in Suid-Afrika, en aan hierdie historiese oorsig word in die gedrukte preek nie minder as 102 byvoegsels tot opheldering geplaas nie. Dit is veel langer as die preek self want die preek bevat 34 gedrukte bladsye, terwyl hierdie byvoegsels nie minder as 55 bladsye beslaan nie. Dit bevat baie kosbare aantekeninge uit die argiewe en bewys dat hy 'n diepgaande studie, vir sover as wat dit in sy dae moontlik was, gemaak het. En daarom is hierdie „Tweede Eeuw-feest" redevoering vandag nog baie belangrik, nie alleen as 'n kosbare stuk Africana nie, maar ook nog as historiese bron wat die geskiedskrywer nie mag verwaarloos nie. Dit was dan ook vir 'n lang tyd vrywel die enigste handleiding om iets te wete te kom van die geskiedenis van die Kerk in Suid-Afrika gedurende die sewentiende en agtiende eeu, totdat dr. J. J. Kotzé, predikant van Kaapstad, in 1888 die „Beknopte Geschiedenis van de Nederduitsch Hervormde Kerk aan de Kaap de Goede Hoop, sedert de stichting der volksplanting in 1652 tot 1804" wat dr. J. de Wet, die vader van Mevrou Koopmans-de Wet, in manuskrip-vorm nagelaat het, laat druk het. Ds. Faure het aan die slot van sy redevoering die dure plig van die gemeente teenoor die Kerk gewys om „haren bloei en wasdom getrouw te behartigen," en dat ons „den bloei der kerk krachtdadig moesten bevor-



Ds. Tobias Johannes van der Riet, predikant te Mosselbaai 1845, Oudtshoorn 1856, emeritus 1880, oorlede 1 September 1881.

deren, sodat „geheel Moorenland de handen tot God moge uitstrekken."

Verder is daar nog 'n ander gedrukte preek voorhande wat met die Tweede Eeufees gehou is, en wel 'n „Leerrede gehouden aan de Mosselbaai op Dinsdag den 6 April 1852 door T. J. van der Riet v.d.m. ter Gedachtenisviering van het Twee-honderdjarig bestaan der volksplanting aan de Kaap de Goede Hoop." Ds. Van der Riet is op 15 Januarie 1818 in Kaapstad gebore. Hy het in Leiden in die teologie gestudeer en was van 1845 tot 1856 predikant te Mosselbaai en van 1856 tot 1879 te Oudtshoorn, toe hy sy emeritaat gekry het. Op 1 September 1881 is hy oorlede. Die leerrede wat hy op 6 April 1852 gehou het, is in druk uitgegee. Sy teks was Josua 4 vers 19 en 20: „Het volk nu was den tiende der eerste maand uit de Jordaan opgeklommen en zij legerden zich te Gilgal, aan het Oost-einde van Jerigo. En Jozua rigtte die twaalf steenen te Gilgal op, welke zij uit de Jordaan genomen hadden." In die eerste deel van sy Eeurede het hy by die verlede stilgestaan en die aandag op

LEERREDE

GEHOUDEN AAN DE MOSSELBAAI

OP

DINGSDAG DEN 6 APRIL, 1852,

DOOR

T. J. VAN DER RIET, V. D. M.,

TER

GEDACHTENISVIERING

VAN HET

TWEE-HONDERD JARIG BESTAAN DER VOLKPLANTING

AAN DE

KAAP DE GOEDE HOOP.

KAAPSTAD:

GEDRUKT BIJ VAN DE SANDT DE VILLIERS & TIER,
No. 62, Kasteelstraat.

1852.

enkele hoofsake van die geskiedenis gevestig, en in die tweede deel het hy die blik op die toekoms gewerp en afgevra hoe dit oor honderd jaar later, in 1952, gesteld sal wees. Die grense van die land, het hy gemeen, sal waarskynlik nie meer verder uitbrei nie, want dit is reeds te uitgestrek. Maar die invloed van die bevolking op die beskawing en godsdiens van die naburige stamme sal verder en verder noordwaarts verbrei, terwyl binne die grense van die land meer welvaart, meer beskawing en meer christendom aangetref sal word. En die getal gemeentes sal in 1952 wel vyfmaal, ja, tienmaal meer wees. Hoe weinig het hy iets vermoed van al die oorlogsrampe waarin Suid-Afrika gedompel sou word!

★

Dit is bekend dat die Tweede Eeufees in 1852 in Kaapstad en elders gevier is, maar dit is minder bekend dat daar op 6 April van daardie jaar ook 'n groot feesviering in die Voortrekkerkerkie te Pietermaritzburg gehou is. Een van die aanwesiges het 'n uitvoerige verslag van die verrigtings gemaak, insluitende 'n letterlike afskrif van die preek wat by die geleentheid deur ds. Döhne gehou is. Die handskrif beslaan 63 bladsye en is deur my in 1913 te Amsterdam, Holland, vir 'n geringe prys gekoop. Die gemeente was in 1852 vakant en toe het die kerkraad ds. J. L. Döhne uitgenooi om die feesrede te hou, waartoe hy ingewillig het.

Ds. Jacob Ludwig Döhne is op 9 November 1811 te Zierbergen in Hessen Cassel, Duitsland, gebore. Sy teologiese opleiding het hy in Berlyn ontvang waar hy op 1 Augustus 1835 georden is. Hy is toe na Suid-Afrika waar hy op verskillende plekke as sendeling werksaam was. In 1847 het hy ds. Lindley as predikant te Pietermaritzburg opgevolg. Hierdie gemeente het toe hoegenaamd in geen organiese verband met die Ned. Geref. Kerk van die Kaapkolonie gestaan nie, en nóg ds. Lindley, nóg ds. Döhne is ooit in die Kaap gelegetimeer of was ooit lid van die Kaapse Kerk. Inteendeel, eers in die jaar 1846 het die Kaapse Kerk besluit om die lidmaat-attestate van die mense wat in Pietermaritzburg deur ds. Lindley aangeneem is, te erken. Of die attestate van die aannemelinge van ds. Döhne erken is, weet ons nie, maar vermoedelik sal dit wel die geval



H. d. L.

De Ondergeteekende, Predikant der Nederduitsche Hervormde Gemeente in de Kaapstad, Kaap de Goede Hoop, getuigt hiermede, dat het Bondzegel des H. Doops, blykens aanteekening in het Doop Register dezer Kerk geschied, is toegediend geworden op den vyftienden dag der Maand February van het Jaar onzes Heeren Een Duizend Acht Honderd en Achttien aan het Kind, genaamd

Tobias Johannes, get den 15 January

Waarvan Vader is Johannes Wendly van der Riet

Moeder Maria Sophia Hendrina Herold

Getuigen Den Wolbeerwaarde Heer Tobias Johannes Herold

Joffr. Louisa Adriana Hoorn

Lieve William Nicolai van der Riet

Cornelia Sophia Johanna van Schoor

H. G.

Kaapstad, Kaap de Goede Hoop,

den 8 Augustus, 1871

Doopseël van ds. T. J. van der Riet, uitgereik 1871.



Ds. Jacob Ludwig Döhne, sendeling onder die Soeloes, in 1847–1849 predikant te Pietermaritzburg, in 1871 gelegitimeer by die Herv. Kerk, in 1879 oorlede.

wees. Ds. Döhne het in 1849 weer sy werk onder die heidene opgeneem. In 1871 was hy predikant van 'n blanke gemeente in Natal wat nie in verband met die Natalse Kerk gestaan het nie, en in 1872 was daar sprake dat die Hervormde gemeente van Utrecht hom sou beroep. In die kerkraadsnotule van 12 Mei lees ons: „Er wordt kennis gegeven dat de WelEerw. Heer Döhne de dankzeggingsleerrede heeft uitgesproken, en de gelegenheid wordt aangenomen om hem te verzoeken de documenten van zijn status aan de vergadering te toonen. De WelEerw. Heer komt binnen en toont zijne documenten die in orde bevonden worden." Ds. Döhne is toe as predikant van die Ned. Hervormde Kerk gelegetimeer, en het die formulier vir aankomende predikante onderteken. Van 'n beroep het egter niks gekom nie. In die kerkraadsnotule van 17 Februarie 1873 lees ons: „Inzake den heer Döhne, die beroepbaar is in de

Feestviering gehouden in de Nederduitsche Hervormde Kerk te Natal, op Dingsdag avond den 6 April 1852, by welke gelegenheid de volgende aanspraken gedaan worden.

De Heer Marquard opstaande sprak tot den volgenden inhoud:—

Geliefde Broeders en Zusters in den Heer!

Het doel onzer tegenwoordige zamenkomst is u bekend: "De gedachtenisviering van de vestiging der naburige moeder Volkplanting door de aankomst van eenige Hollanders onder de aanvoering van den braven Dr. Johan Van Riebeek aan de Kaap de Goede Hoop, en de invoering van de Christelyke Godsdienst in het Zuiden van dit Werelddeel op den 6 April 1652, dus twee eeuwen geleden."

Zeer gepast en treffend werden wy dezen morgen reeds daartoe opgewekt door onzen geliefden vorigen Leeraar, en steeds in ons belangstellenden vriend den WelEerwaarden Heer Döhne, ook nu weder hier tegenwoordig en gereed, om ons verder behulpzaam te zyn.

gemeente als predikant, wordt aangetekend dat de meerderheid liever een predikant uit Holland wil beroepen." Ds. Döhne is in 1879 oorlede.

Ds. Döhne het in die voormiddag van 6 April 1852 vir die gemeente opgetree. Sy teks was 1 Kron. 16 vers 34-36: „Looft den Heer, want Hy is goed, want zijne goedertierenheid is tot in eeuwigheid. En zegt: Verlos ons, O God, des heils, en verzamel ons, en red ons van de heidenen, dat wij ons uwes roemen.

Geloofd zij de Heer, de God Israels van eeuwigheid tot eeuwigheid! En al het volk zeide Amen! en het loofde den Heer!"

Die strekking van die feesrede was om te wys op die baie seëninge wat God aan die volksplanting geskenk het. Daar is wel ook droefheid by dit alles, omdat die gemeente nog nie kon slaag om 'n herder te kry nie „om de kudde te bewaren" terwyl Rome die vervolger van die voorgeslagte van die Afrikaander, tal van geestelikes na Natal stuur. Hy het gewys op die opkoms van die protestantisme en die oorplanting daarvan na Suid-Afrika, sodat die Kerk hier te lande ongeveer 100,000 siele en 40,000 lede tel, terwyl onder die heidene ook gearbei word. Dit is stof om te dank.

In die aand was daar 'n groot samekoms in die Voortrekkerkerkie waar die woord gevoer is deur J. D. Marquard, 'n onderwyser aldaar, J. N. Boshof, die latere Vrystaatse Staatspresident, en W. Campbell, predikant van die Presbiteriaanse Gemeente. Van die toespraak van Boshof neem ons die volgende merkwaardige woorde oor: „als Hollandsche Volksplanters hebben onze voorvaders de eer gehad de werktuigen in Godshand te zijn, om de Hervormde Godsdienst naar het zuider punt van Afrika over te brengen en aldaar te stichten: en wij hunne nakomelingen, hebben het eerste gebouw voor dezelfde dienst den Heer in deze plaats gewijd (en waarin wij ons thans feestvierende vereenigd vinden) mogen stichten.

Veertien jaren geleden, toen ik mij voor het eerst op reis begaf, om het land van Natal te bezien, zag ik dit geheele land woest, onbebouwd en onbevolkt, behalwe eenige legerplaatsen van de toen pas aangekomen Emigranten. Drie jaren daarna, toen ik mij met mijn huisgezin hier ter

Leerrede
gehouden
te Pietermaritzburg, Port Natal
door
J. L. Döhne. V.D.M.
ter gedachtenis-viering van het twee honderdjarig bestaan der Volkplanting aan de Kaap de Goede Hoop, op Dingsdag den 6 April 1852.

Inleiding.

Waarde Geloofsgenooten, mannen, broeders, vrienden, bekenden en onbekenden, en allen die hier tegenwoordig zyt: — Genade zy met u en vrede van God onzen Vader, en onzen Heere Jesus Christus. Amen.

Door den Eene Kerken raad dezer Gemeente verzocht en vriendelyk uitgenoodigd geworden zynde, om op dezen dag voor deze Gemeente alhier eene Leerrede uit te spreken, heb ik zulks gaarne niet willen weigeren. De plegtige gelegenheid, welke ons heden hier te zamen vergadert, zal, vertrouw ik, aan u allen wel bekend zyn. Het is de belangryke gebeurtenis van welke de Hoog Eerwaarde Synodale Commissie, de

woon kwam vestigen, werd dit Godshuis reeds opgerigt, en thans mogen wij er verscheiden andere tellen door Protestanten uit onze Engelsche en Schotsche medebroeders gebouwd, behalwe die door de Hollandsche Emigranten, zoo in de Souvereiniteit als over de Vaal Rivier, op verscheidene plaatsen reeds voltooid: zoodat, onaangezien vele onaangename gebeurtenissen, in het politieke vele woelingen, onlusten en oorlogzuchtige bedrijven, de weg voor het Koninkrijk Gods niettemin steeds meer en meer gebaand wordt."

Die presbiteriaanse predikant, W. Campbell, het 'n lang maar besonder hartelike en warme toespraak gehou. Hy het in Maart 1851 in Pietermaritzburg aangekom, en omdat sy gemeente nog geen eie kerkgebou gehad het nie, het hy sy dienste aldaar – hy moes ook op ander plekke preek – in die Voortrekkerkerkie gehou. Teen die einde van sy redevoering het hy o.a. gesê: „het verschaft mij het grootste genoegen in die werkzaamheden dezer vergadering deel te mogen nemen, aangezien de strekking, die dezelve hebben, om een geest van eendragt onder de verschillende afdeelingen en leden der Ware Kerk te verwekken.

„Ik zoude niet aldus deel kunnen of durven nemen in den arbeid der leden en aanklevers van eene afvallige en anti-christelijke Kerk, hetzij van het Pauselijk, of van het Puseyistisch geloof; doch ik stem ook in het geheel niet met diegenen, die met zulk eene partijdigheid bezield zijn, dat zij uit hunne gemeente sluiten of bannen al de leden van eene andere sekte, als onwaardig om Gods Kerk te betreden, en in Gods beloofde genade te deelen. De gevoelens van een der apostelen komen met de mijnen beter overeen, want hij zeide: „Van nu aan kennen wij geen mensch naar het vleesch." – Met mij zal het nimmer onderzoek waardig zijn of een Christen van dit of dat land komt, of tot deze of gene kerk behoort. Hij moge Episcopaalsch, Wesleyaan, of Congregationalist wezen, of een Lid der Hollandsche Hervormde Kerk, of van de Presbijteriaansche, vermits hij een ware gelovige, een lid van Christus verborgen lijve zij, dan zal hij mij altijd als een broeder wezen, en om Gods wille zal ik hem als zoodanig liefde toedragen. – En terwijl er eenige schepsels zijn, die altoos gereed zijn, om het zaad van tweedragt onder hunne medemenschen te strooijen, en



Rev. William Campbell. Van 1851–1873 predikant van die Presbiteriaanse gemeente, Pietermaritzburg.

om de rust onzer zamewerking te verstoren, zal ik mij immer beijveren, om zooveel het mij doenlijk wezen zal, gevoelens van eendragt en broederliefde onder de Christenen op te wekken en aan te kweeken. Laat het insgelijks uwe betrachting zijn, om zulk een geest te voeden en te bevorderen, opdat de ons omringende heidenen daarover verbaasd mogen staan, en dat de loutere blijkbaarheid onzer nauwe en liefderijke eensgezindheid hen schrik mogen inboezemen. Laat ik u inzonderheid smeken, om al uwe pogingen aan te wenden, om die broederlijke liefde voor het oog der Naturellen te vertoonen, opdat zij daardoor den waren Geest des christendoms mogen leeren, en gedwongen worden van ons te zeggen: „ziet hoe lief zij elkander hebben," en gaat eens na, welk een kostelijk ding het is, en hoe fraai het staat, aldus in broederschap een eenigheid te leven!

„Staat mij nu ten slotte nog toe een woord te zeggen. Zoo gijlieden door de plegtigheden van dezen dag herinnerd geworden zijt aan de eerste aankomst uwer voorvaders in de Kaapsche Kolonie en aan het land, waarin zij het leven ontvingen, instede van voortaan naar dat land terug te zien, of naar eenig ander plek dezer aarde, als of dat ulieden vrede en waar geluk konde toebrengen, tracht veeleer, gelijk Abraham, uwe blikken hemelwaarts naar een ander oord te rigten, en laat uwe vurigste wenschen zijn, in die stad en in die woning te worden toegelaten, waarvan de Bouwmeester en grondlegger God is.

„En het is mijne hartsbegeerte, als ook het onderwerp van mijn gebed voor ulieden en voor al de leden en aanklevers van de andere afdeelingen of portiën der ware Kerk, waarvan onze Gemeente is te zamengesteld, dat gij allen gereinigd, geregtvaardigd en zalig mogt worden in den naam des Heeren Jezus, en door den Geest onzes Gods, opdat gijlieden opgenomen wordt als onderdanen van den Vorst der Rust in dat Rijk, alwaar sommige uit elke landstreek en van elk gezin, en volk en spraak vereend zullen zijn en in dezelfde taal hetzelfde gezang zullen aanheffen, om *Hem* met opregte dankbaarheid te loven, „die hen gereinigd had van hunne zonden met zijn eigen onschatbaar bloed, en tot Koningen en Priesters gemaakt had in de liefde van Zijnen Goddelijken Vader."

in meer gevoeld; — dat wij dan God bidden, dat hij meer getrouwe arbeiders in zijnen wijngaard uitzende, opdat ook wij en andere gemeenten, die nog daaraan verstoken zijn, spoedig geholpen mogen worden. Laten wij ook de handen aan het werk slaan, en, zoo veel als wij kunnen, daartoe behulpzaam zijn; waartoe wij ook in den brief van de Synodale Commissie uitgenoodigd worden. Zoo mogen wij haast ook in deze gewesten de ware vreze Gods zien bloeijen, en het heil voor ons wakkrooit onder 's Heeren zegen bevorderen, en de waarheid zien triumpheeren, die waarheid, die ons vrij maken zal van de slavernij der zonde — nu en voor altoos. — Zingen wij. Psalm XIX v. 5.

De Eerw. Heer McCampbell, door den Heer Döhne in de bijeenkomst geïntroduceerd zijnde, sprak dezelve aldus aan: —

Waarde Broeders en Zusters, 't is mij hoogst aangenaam zulk eene gelegenheid te vinden, om mij met ulieden te vereenigen ter herinnering van den gedenkwaardigen dag der eerste landing van uwe voorvaders in Zuid Afrika. Het genoegen dat ik maak als een Christelijke Minister in mijne medewerking hierin, ontstaat

En nou, na driehonderd jaar, word die dag van klein dinge van April 1652 weer herdenk. Dit was alleen in die oë van die mens 'n dag van klein dinge. In werklikheid was dit 'n dag van groot dinge, groot vir die koms van die koninkryk Gods in Moorenland. Moorenland wat hom haas om „zijne handen tot God uit te strekken." Suid-Afrika is aangelê as protestantse land, met die doel om die hervormde godsdiens, die gereformeerde religie hier te verbrei en nie die van die afgodiese pousdom nie. Maar, hoe word die eerste nie deur die laaste bedreig nie. Rome het geen deel en mag geen deel hê aan hierdie driehonderdjarige fees nie. Dit is die dankfees van die Protestantse Kerk.

—S. P. E.

★

Ja, wij gedenken, blij van zin,
De wondren van uw magt en min
Sinds overoude dagen.
Ons Vaderland hebt Gij behoed
Voor 's vijands driesten overmoed
En 's drijvers geeselslagen;
Niet onzer, Heere! was de magt,
Die toen zijn val bewerkte;
Gij spraakt, — verbroken was de kracht
En onzer was de sterkte.

Bewaar, o Heer! ons volksbestaan!
Zie ons dan in ontferming aan
En deel uw heil ons mede!
Weer van ons vaderland het leed;
Laat ons, wat ook ons volk misdeed
Den zegen van den vrede!
O! zie in liefd' op ons dan neêr
En blijf ons trouw beveilgen;
Maar wil vooral, uw naam ter eer,
Ons volk in Christus heilgen!

DINK AAN JULLE VOORGANGERS.

Heb. 13 vs. 7.

DRIEHONDERD JAAR gelede het die eerste Nederlanders in Suid-Afrika geland. Hierdie Nederlanders, Jan van Riebeeck en sy geselskap, was almal lidmate van die Nederlandsche Hervormde Kerk, die groot protestantse Kerk in Nederland. Ons land is met lidmate van die Hervormde Kerk aangelê en gedurende die drie eeue wat verby is, het die Nederlandsche Hervormde Kerk groot en weldadige invloed uitgeoefen op Kerklike en Staatkundige gebied in Suid-Afrika.

Ons volk en die Hollandse-Afrikaanse Kerke se geskiedenis kan nie losgemaak word van Nederland nie. En deur al die eeue heen het veral die Ned. Herv. Kerk van Afrika die band met Holland vasgehou. Ons Kerk het nooit sy wortels wat in Nederlandse grond geanker is, probeer uitruk nie. Daarom is ons Kerk so beginsel- en tradisievas. Hy wyk nie maklik af van die ou beproefde paaie, waarop ons voorgangers gewandel het en rus gevind het vir hulle siele nie. Die band met Holland het verhoed dat die Metodisme van die Angel-Seksiese wêreld ingang in ons Kerk gevind het. Die prediking in ons Kerk het Christo-sentries gebly en het nog nooit oorgeslaan na die Antropo-sentriese prediking soos dit in die Metodistiese kringe aangetref word nie. Christus en nie die mens staan in die middelpunt. En omdat ons Kerk nog altyd afkerig gestaan het van die Metodisme, daarom het hy sy konserwatisme behou. Die baie nuwe dinge, die baie seremonies wat 'n uitvloeisel is van die Metodisme het geen ingang by ons Kerk gevind nie. Ons Kerkmense bly nog by hulle deeglike opvoeding. Die gebruik van kelkies by die viering van die Heilige Nagmaal, wat niks anders as 'n teken van hoogmoed is nie, staan die Hervormde mense afkeerig van — die Metodistiese bidure, bekeringsdienste, die afsondering van bepaalde Sondae vir bepaalde doeleindes, het dwarsdeur die jare in die Ned. Herv. Kerk geen byval gevind nie. Die Ned. Herv. Kerk het die Hollandse-Afrikaanse Kerk gebly en het nie 'n Angel-

Saksiese Kerk geword met Afrikaans as taalmedium nie. Die geestelike swaard van Sir Harry Smith het in die Herv. Kerk nog nooit die oorwinning behaal nie. Dit kan ook nie gebeur nie, danksy die weldadige invloed van die lang ry predikante uit Nederland wat hier met soveel toewyding gearbei het en dank sy die feit dat baie van ons predikante in Holland opgelei is en sommiges nog steeds hulle studies daar afrond en danksy die feit dat ons opleiding in Pretoria aansluit by die Teologie van die vasteland van Europa en ons professore aan die Nederlandse Universiteite gevorm is. As ons terugkyk op die geskiedenis van ons Kerk, dan is dit vir ons 'n behoefte van die hart om te dink aan ons voorgangers wat die Woord van God hier verkondig het. Hulle het die geriewe en voordele van die Europese beskawing prysgegee om pionierswerk te kom doen. Hoeveel moes hulle nie ontbeer nie? Die hitte van die dag en die koue van die nag het hulle verduur. Geen opoffering was vir hulle te groot nie en geen inspanning te veel nie. Met ongerieflike voertuie moes hulle lang afstande aflê – alle huislikheid moes hulle prysgee.

Ons dink aan ds. Dirk van der Hoff, die eerste predikant van die Transvaalse Voortrekkers. Met Potchefstroom as standplaas moes hy die hele Transvaal bedien. Hy het die Herv. Kerk georganiseer. Sy toegewyde arbeid het geseënde vrugte gedra. Hy kan sonder teenspraak die grondlegger van die Kerk genoem word–hy was die regte man op die regte plek.

Maar nie alleen op die Kerklike gebied nie, ook op Staatkundige gebied was ds. van der Hoff 'n kragfiguur. Hy was die ongekroonde president van die Z.A. Republiek. In Staatsaangeleenthede het hy 'n leidende aandeel gehad en was die vernaamste raadgewer van die Staatsmanne van sy tyd. Ons dink aan ds. G. W. Smits, die man van Rustenburg en Witfontein. Met sy eie wa en span rooi Afrikaner osse het hy getrek van die een plek na die ander om die Woord en Sakramente te bedien. Die ou mense het hom liefgehad. Die Here het die werke van sy hande bevestig.

Ons dink aan ds. N. J. van Warmelo, die profetiese figuur. Die geskiedenis van Soutpansberg is die geskiedenis van ds. Van Warmelo. Hy was 'n troue, toegewyde dienaar

van die Kerk. As skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering het hy groot invloed uitgeoefen. Die mislukte Kerkvereniging van 1886 het sy dood gekos. Hy is van verdriet oorlede omdat hy hom in die nuwe kerk nie tuis gevoel het nie. Waar sou die Herv. Kerk vandag nie gestaan het nie, as ds. van Warmelo die beroep na die konsulentsgemeente Witfontein aangeneem het?

Ons dink aan ds. M. J. Goddefroy, wat na die ontwrigting van 1886, in Holland gehoor gegee het aan die dringende roepstem uit die Transvaal. Kom oor en help ons. Die herorganisasiewerk van ds. Goddefroy kan nooit oorskat word nie. Dit is reusewerk wat hy gedoen het. Ds. Goddefroy, die gevierde prediker en die geleerde met sy vaardige pen, se betekenis vir ons Kerk kan nooit oorskat word nie. Sy nagedagtenis moet deur ons in ere gehou word.

Ons dink aan ds. Jac. van Belkum, een van die grootste en bekwaamste manne oor wie se dienste ons Kerk beskik het. Hy het ons Kerk getrou gedien; hy het gedoen wat sy hand gevind het om te doen. Daar het 'n weldadige en geseënde invloed van hom uitgegaan. Ds. Van Belkum was 'n profeet gewees. Sonder die offisiële steun van die Kerk het hy begin met die uitgawe van die „Hervormer" en die Kerkalmanak. En sy geloof en vertroue is nie beskaam nie. Vandag nog bou die Kerk voort op die hegte fondamente wat hy gelê het. Tot in die jare van sy gryse ouderdom het hy die Kerk met ywer, toewyding en groot bekwaamheid gedien. Hy was een van die sterk pleitbesorgers vir 'n eie teologiese opleiding. Hy wou landseuns as predikante in ons kerk hê. Ds. Van Belkum het geweet wat hy wou en gedoen wat hy gemeen het wat reg is. Hy het reg deur see gegaan en het vir niks en niemand gestuit as hy daarvan oortuig was dat hy in belang van sy Kerk gehandel het. Die geskiedenis sal die bewyse lewer dat ds. Van Belkum die spil was waarom die Kerklike gebeurtenisse vir 'n lang tyd beweeg het.

Ons dink aan ds. L. E. Brandt, wat vir baie jare die hoogste posisie in die Kerk beklee het, nl. Voorsitter van die Alg. Kerkvergadering en sy Kommissie; die man wat so baie gedoen het, veral in sy jonger jare. Sy ywer was aansteeklik; sy optrede waardig, sy verskyning aristokraties.

Ons dink aan prof. Dr. P. J. Muller, die vurige redenaar, die groot geleerde. Jammer dat hy nie langer in ons land kon bly nie. Hy het daadwerklik 'n begin gemaak met die opleiding van landseuns as predikante. Hy is een van die fondamentlêers van die daaropvolgende groei en bloei van die Kerk.

Ons dink aan ds. A. J. Barger. Kan ons hierdie beminlike persoonlikheid ooit vergeet? Om hom te ken was om hom lief te hê. Daar is seker min mense wat so baie vriende en so min vyande gehad het as ds. Barger. Hy was 'n hoogstaande vriend, 'n toegewyde herder, 'n prediker wat 'n diep indruk gemaak het. As skriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering, het hy die Kerk baie jare trou en met ywer gedien. Die hele Kerk het getreur toe hy op sy jeugdige leeftyd deur 'n skielike dood weggeneem is. Hy word nog altyd gemis.

Ons dink aan baie Hollandse onderwysers. Wat het hulle nie alles gedoen in belang van die onderrig en opvoeding van ons volk nie? Vir hierdie mense was dit 'n voorreg om te dien. Hulle invloed was groot, hulle werk van blywende betekenis.

Ons dink aan al die Hollandse amptenare. Die geskiedenis veral van Transvaal, kan nie van hulle losgemaak word nie. Met raad en daad het hulle hulle aangenome land getrou gedien. Neem uit die verlede alles wat goed is en bou daarop die toekoms. Hierdie goeie raad van een van die grootste seuns van ons volk, kan nie gevolg word nie, as ons die mense vergeet wat in ons volksgeskiedenis so 'n groot plek ingeneem het. Veral moet ons dink aan ons voorgangers wat aan ons die Woord van God verkondig het.

J. J. P.

Brakpan.

DIE NUWE KERKWET.

MET geleentheid van die jongste Algemene Kerkvergadering is tydens die aandsittings die nuwe Kerkwet deur die Algemene Kerkvergadering in behandeling geneem en goedgekeur om na publikasie in die gemeentes van ons Kerk van krag te word. Reeds met die vergadering in 1948 is opdrag gegee aan die Regskommissie om die bestaande wet van die Kerk grondig te hersien en die nodige te doen om die leemtes wat daarin bestaan aan te vul en aan die vergadering in 1951 voor te lê. Spoedig daarna het die Regskommissie met sy opdrag begin. Op voordrag van die Regskommissie het die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering besluit om sy Moderamen by die Kommissie te voeg om die Kerkwet te hersien, sodat in totaal agt lede hieraan gewerk het gedurende die afgelope drie jaar. Aanvanklik is die bestaande Wet as grondslag geneem, maar al gou is daartoe oorgegaan om 'n geheel nuwe wet op te stel, omdat gevoel is dat die bestaande, selfs met omwerking, nie aan die gestelde doel sou beantwoord nie.

Die Nederlandse Hervormde Kerk het ook in die jare na die oorlog die taak van die opstel van 'n nuwe Kerkorde aangepak, en die Wetshersieningskommissie van ons Kerk het met dankbaarheid gebruik kon maak van die konsep wat toe reeds deur die Kerk in Holland opgestel is, aangepas aan die omstandighede en toestande in ons Kerk. Die kommissie het baiekeer vergader en soms het die bespreking van een enkele artikel 'n hele voormiddag in beslag geneem. Die werkwyse was dat elke lid 'n bepaalde gedeelte vir sy rekening neem om tuis te verwerk en op die vergadering is die opgestelde stukke dan bespreek en in die finale vorm goedgekeur om so voor die Algemene Kerkvergadering te lê. Die werk tuis en die besprekings in die vergaderings was uiters leersaam en met groot vreugde het die Kommissie die taak wat aan hom opgedra is kon volbring en dit aan die Algemene Kerkvergadering in Maart j.l. ter goedkeuring voorgelê.

Die vraag kom vanself op: waarom moes die bestaande

wet dan deur 'n andereen vervang word, waarom kon die ontbrekende maar nie net aangevul word nie?

Jarelank al het die gevoel reeds bestaan dat die Wet nie beantwoord aan sy doel om *Kerk*wet te wees nie. Die ou Wet het ook tot stand gekom onder invloed van die Kerkwet van Holland. Die staatkundige owerheid in Holland het in 1816, na die ontwrigting wat die Napoleontiese oorloë met hulle meegebring het, 'n inrigting, reglemente aan die Kerk gegee, wat nie 'n Kerkorde genoem kan word nie. Die Synode van die Nederlandse Hervormde Kerk het meer die karakter gedra van 'n bestuur, as van 'n verteenwoordigende orgaan van die Kerk. Die Synode het die Kerk *bestuur*. Vanselfsprekend het ook ons Kerkwet die spore van die Reglemente van 1816 gedra vgl. Art. 8 van die bestaande Wet: „Die bestuur van die Nederduitsch Hervormde Kerk word uitgeoefen deur . . ." So ook Art. 10: „By die Algemene Kerkvergadering berus die hoogste wetgewende regsprekende en besturende mag."

Ook in die Nederlandse Hervormde Kerk was daar jarelank pogings in die rigting van reorganisasie en kerkherstel, byna 100 jaar lank. Ons dink hier aan manne soos Gunning en Hoedemaker, wat deur alles daaraan vasgehou het dat die Kerk geroepe is om te *bely* in plaas daarvan om te bestuur. Hierdie verset teen die Reglemente van 1816, het bly voortduur en het in die jare van die Duitse besetting van Holland vrugte gedra. Dit het daarop uitgeloop dat in Desember 1950 die nuwe Kerkorde deur die Synode, wat toe bestaan het uit 90 lede in plaas van 19 soos onder die Reglemente van 1816, aanvaar is en in Mei van hierdie jaar het die Kerkorde in werking getree.

By ons en in ons Kerk was die toestande en verhoudinge gelukkig anders as in Holland. Hier was daar nie die strominge, rigtinge en partye wat dit onmoontlik gemaak het om 'n nuwe Kerkorde te kry nie. Toegegee moet word dat daar onder ons en in ons Kerk wel die was wat besware gehad het teen die bestaande Kerkwet. Die besware het hierop neergekom dat die nadruk te veel geval het op *Wet* in plaas van Kerk, dat die Wet te veel 'n administratiewe doel beoog, met verwaarlosing van die geestelike en 'n teveel juridiese karakter dra. Die Kerk het eintlik nie 'n

wet nie maar 'n leefreël.

Nou kan 'n mens die nuwe Kerkwet op tweeërlei wyse beoordeel. Mens kan dit lê naas jou eie vasgegroeide gevoelens en verlangens, en alles wat nie daarmee ooreenstem gaan afkap en snoei totdat daar baie min van oorbly. Mens kan gaan staan naas die wet, jou in die gedagtewêreld daarvan verplaas en jouself afvra in hoeverre is daarin geslaag om die Kerk 'n inrigting te gee dat die Kerk weer belydende Kerk kan wees. En 'n Christus-belydende Kerk moenie vra na die insigte of menings van die mense nie, dit doen 'n genootskap of politieke party, maar die Kerk het uitsluitlik te lewe by die waarheid van God.

Waarin bestaan nou die verskil tussen die ou en die nuwe Wet? Daar is eerstens die uiterlike verskil. Die nuwe bestaan uit 24 kort artikels en verder uit bepalings waarin die lewe en werk van die Kerk verder gereël word. As ons 'n vergelyking sou maak met die landswette, dan sou ons kan sê die eerste deel is die grondwet van die Kerk, die bepalings is die gewone wette, wat van tyd tot tyd van krag word. Die bepalings mag egter nie in stryd wees met die Wet nie, net so min as die gewone staatswette strydig mag wees met die grondwet van die land. Die geheel van die Wet en die Bepalings noem ons dan die Kerkwet. Onnodig is dit om te sê dat die Kerkwet nie die krag het van 'n Belydenisskrif nie, veel minder nog dat dit die gesag sou dra van die Wet van die Heer. Die Kerkwet is vatbaar vir verandering, vir verbetering, vir uitbreiding of vir inkrimping. Dit is 'n lewensreël wat geld vir die Kerk in 'n bepaalde tyd en onder bepaalde omstandighede, in een sekere situasie dus.

Innerlik is die verskil tussen die oue en nuwe nog meer opvallend. Besondere nadruk val in die nuwe Wet op die *belydende* karakter van die Kerk. Reeds in die aanhef, die eerste artikel van die Wet, kom dit tot uiting. Die Kerk, as hy waarlik Kerk wil wees, kan nie anders as om belydende Kerk te wees nie. Ons lees – „Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, ooreenkomstig sy belydenis openbaring van die een heilige algemene Christelike Kerk . . .". Die Hervormde Kerk het nie met die Kerkhervorming as nuwe Kerk begin nie. Dit gaan verder terug. Om iets te kan

hervorm, d.w.s. anders te vorm moet die iets tog daar wees. Daar was 'n Kerk wat hervorm is. Die Kerk is ook in die teenwoordige tyd verbind met die een heilige algemene Christelike Kerk en ons glo en bely dat die Nederduitsch Hervormde Kerk daarvan 'n openbaring of verskyning is. Dit bely ons Sondag na Sondag, wanneer ons as gemeente saamkom.

In Artikel XI wat as opskrif dra–Van die Belydenis– daar lees ons: In dankbare gehoorsaamheid aan die Heilige Skrif as bron van die prediking en as enige reël van die geloof, doen die hele Kerk in sy amptelike vergaderinge, in gemeenskap met die belydenis van die Vadere, in die besef van sy verantwoordelikheid vir die hede en in die verwagting van die koms van die Here Jesus Christus, belydenis van die openbaring van die Drieënige God . . . .".

Die Kerk doen belydenis. Die Kerk bely. Nie dat die Kerk slegs 'n belydenis het nie, 'n soort wapen of skild, wat veilig in die brandkas gebêre is, sodat dit veilig is vir skendende hande of geeste nie, wat op bepaalde tye uitgehaal en tentoongestel word nie, of wat hy gebruik om andersdenkendes tot bepaalde opvattings te dwing of uit die gemeenskap uit te ban nie, maar *bely* word hier gesien as 'n aktiewe daad, 'n handeling van die Kerk ook nou en hier. Waar bepaalde belydenisskrifte as absolute norms en maatstawwe gehanteer word, daar loop dit gewis en seker uit op ketterjag. Belydenis is altyd ook belydenis van sonde en wie waarlik, wie eg bely, wag hom daarvoor om so maklik as regter oor ander op te tree, dog laat dit oor aan Hom wat sondaars altyd op 'n vir ons mense wonderlike en vreemde en dikwels vir ons mense aanstootlike wyse vryspreek.

Die Kerk bely egter nie willekeurig nie. Daar is kontinuïteit in die bely van die Kerk, dit geskied in gemeenskap met die belydenis van die Vadere. Daar is die Heilige Skrif, die bron van die prediking, die enigste reël van die geloof. Daar is die belydenis van die Vadere, wat ons as erfdeel gekry het. Daar is die teenwoordige situasie waarin die Kerk hom bevind. Daar is die toekoms, die verwagting van die koms van die Heer. Die bely is een lang weg, van verlede deur die hede na die toekoms. Op daardie lang weg bely die Kerk elke keer weer, elke keer opnuut. Die

Kerk is op pad en bly slegs Kerk, as en solank hy bely.

Dit sou ons die eerste opvallende *nuwe* in die Kerkwet wil noem.

Nou hierby sluit aan die Apostolaat. In Artikel IX lees ons: „As Christus belydende Kerk (weer die *belydende*) in die wêreld, vervul die Kerk sy apostoliese opdrag in gehoorsaamheid aan die bevel van Christus – Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat ek julle beveel het – Mattheus 28:19 – deur die voortdurende arbeid aan die kerstening en reformasie van die volk en deur die evangelisering van Jood en heiden, sodat alle volke die verlossing wat in Jesus Christus is, kan verkry met die ewige heerlikheid."

Wat word nou bedoel met die vreemde woord Apostolaat wat nou in die nuwe Kerkwet gebruik word? Dit is afkomstig van 'n Griekse werkwoord wat *wegstuur* beteken. Ons woord Gesant hang daarmee saam. 'n Gesant word na 'n vreemde land gestuur om sy eie land daar te verteenwoordig. In die Nuwe Testament het die gesante of apostels 'n besondere opdrag en 'n volmag. Van die woord apostel kom dan weer die woord apostolaat. Met die gebruik van die woord apostolaat word nie gepoog om die apostelamp weer in die Kerk te herstel nie. Die Kerk staan op die fondament van die apostels, Efesiërs 2:20. Die Kerk moet aan die wêreld meedeel waar hierdie fondament te vinde is. Daarmee hang ook saam die woord *apostoliese opdrag* in hierdie artikel. En hierby moet ons nou nie dink aan die sekte wat hierdie naam vir hulle toegeëien het nie. Die Hervormde Kerk is gebou op die fondament van die apostels, en maak daarom met veel meer reg aanspraak op die naam. So het die Kerk van alle eeue dit ook ingesien en daarom word in die Geloofsbelydenis van Nicea, een van die belydenisse van ons Kerk (bl. 162 van Die Belydenisskrifte, Gebede en Formuliere van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika) dit so gestel: Ons glo een heilige, algemene en apostoliese Kerk.

Die Kerk is gestel in die wêreld, die Kerk het 'n opdrag in die wêreld en die Kerk het 'n volmag in die wêreld. Die Kerk moet egter onthou dat hierdie wêreld eiendom

van Christus is, en dat Hy voortdurend besig is om hieraan te arbei. Dan moet ons verder onthou dat die Kerk nie daar is terwille van homself nie, dog die Kerk het 'n taak, 'n dienende taak in die wêreld. Die Kerk moet getuie wees, getuig teenoor die volk Israel, teenoor die heidene en teenoor die wat vervreemd het van die Kerk. Ons Kerk het in die tyd wat agter lê hierdie opdrag van die Heer verwaarloos. Ons moet met skaamte ons skuld bely voor God. Hierdie opdrag het ons oorgelaat aan ander, aan die mense wat daarvoor gevoel het en daarin belanggestel het, aan 'n sukkelende genootskap uit lede van ons Kerk. Met die aanvaarding van die nuwe Kerkwet wil die Kerk die opdrag vervul, in gehoorsaamheid aan Christus. Die *Kerk* wil Christus bely en van Christus getuig in die wêreld.

As derde groot gedagte wat uitkom in die nuwe Kerkwet sou ons wil noem die ekumenisiteit, die algemeenheid van die Kerk. In Artikel XXIII lees ons: „Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, as openbaring van die een heilige, algemene, Christelike Kerk neem deel aan die ekumeniese arbeid in Suid-Afrika en in die wêreld."

Met die Kerkhervorming is die eenheid van die Kerk gebreek, omdat in die Rooms-Katolieke Kerk geen ruimte was vir die uitsluitlike heerskappy van Christus nie. Die bestaande Kerk moes hervorm word.

Die Hervormde Kerk het egter nog nooit voorgegee dat hy *die* Kerk is nie, die enigste, ware, saligmakende Kerk nie, maar bely dat hy openbaring is van die een heilige algemene Christelike Kerk. Ook in ons Kerk kom te voorskyn die een heilige Kerk. Dit kan ook op ander wyse te voorskyn kom.

In die laaste jare het die ekumeniese gedagte sterk op die voorgrond gekom. Die Wêreldraad van Kerke het ontstaan waarvan ook ons Kerk hom nie afsydig gehou het nie. 'n Groot getal Kerke, sowat 160, is tans daaraan verbonde. Aan daardie eenheid van die een heilige algemene Christelike Kerk, kan ons Kerk meewerk op sy eie wyse.

In hierdie drie, nl. die belydende, die apostoliese en die ekumeniese karakter van die Kerk soos uitgedruk in die

nuwe Kerkwet sien ons veral die verskil met die oue tot dusver geldende Wet.

Daar is verder nog talle afwykinge en verskille, wat ons in die bestek van een artikel nie kan behandel nie.

Wat sal nou die uitwerking van die nuwe Wet wees? Dit sal afhang van wat u en ek en ons almal saam as lede van die gemeente van Jesus Christus daarvan maak. Die Algemene Kerkvergadering het die Kerkwet aanvaar, eersdaags tree dit in werking in die gemeentes. Ons mag ons vreugde daarin vind dat ons gemeente van Jesus Christus is, dat ons lede van een Liggaam is, waarvan Hy die Hoof is. Ons mag Hom bely, ons mag sy getuies wees, ons mag lede wees van die een heilige, algemene Christelike Kerk.

E. S. MULDER.

Pretoria.

DIE INVLOED VAN NEDERLAND OP SUID-AFRIKA.

OP 6 April 1652 toe Jan van Riebeeck met sy Hollanders voet aan wal gesit het aan Kaap die Goeie Hoop, begin die invloed van Nederland op Suid-Afrika. Voor hulle voete het noordwaarts 'n groot uitgestrekte binneland gelê van honderde en nogmaals honderde vierkante myle van wuiwende grasvlakte, maar ook van rotseberge soos die Drakensberge en die Magaliesberge, van digbegroeide boswêrelde, maar ook van kale woestynagtige dele. Hierdie uitgestrekte wêrelddeel was bewoon deur Hottentotte en Boesmans, die oudste inwoners van Suid-Afrika. Die Bantoes het immers eers later vanuit Afrika suidwaarts beweeg om eindelik, nadat hulle sover hulle getrek het, dood en verderf onder die oudste naturellestamme gesaai het, hulle rieme styf te loop teen die handjievol Boere te Bloedrivier. Al hierdie bewoners van die Suid-Afrikaanse bodem het in barbaredom gelewe en het mekaar beroof en beveg, vermoor en uitgeroei.

Die taak van die klein blanke nedersetting aan die suidpunt van die Afrikaanse kontinent was 'n reusetaak wat alleen in die geloof aanvaar kon word. Maar van Riebeeck het geglo dat die nedersetting sonder God hulle taak nie sou kon volvoer nie. Daarom het hy dit biddend aanvaar en God gevra dat Hy genadiglik wil gee dat sy Naam bekend mag word en die Hervormde godsdiens verbrei mag word onder die inboorlinge van die land.

(a) Die Invloed van Nederland op Kerk en godsdiens in Suid-Afrika.

Toe ds. Johan van Arckel in 1665 predikant aan die Kaap geword het, het die kerklik-godsdienstige lewe sy eerste beslag in ons land gekry. Vanselfsprekend was die kerklik-godsdienstige lewe in Suid-Afrika van die begin af aan Nederland georiënteer. Die Nederlandse Staten-Bybel was die lig op die kansels waaruit die gemeente voorgelig is op die pad van Suid-Afrika. Dit was die maatstaf van goed en kwaad, die rigsnoer van die lewe. Dit was die troosboek vir die bedroefdes en terneergedruktes in lewe

en in sterwe. Dit was ook die leerboek van die jeug. In die huise en in die samekomste van die gemeente het die Nederlandse Psalms weerklink as 'n loflied tot eer van God. En vir ongeveer drie eeue het die Nederlandse Staten-Bybel en die Nederlandse Psalm- en Gesangboek rustig hulle invloed ten goede uitgeoefen op die Boerebevolking. So sterk was hierdie invloed dat vandag nog die spore daarvan onmiskenbaar is. Ons kerklike-godsdienstige lewe het wel Afrikaans geword, maar bly nietemin vir 75 en meer persent nog Nederlands georiënteer. Na driehonderd jaar is die Nederlandse invloed nog te sien in ons kerklike formuliere, ons kerkwette, ons kerklik-godsdienstige literatuur en gedagtewêreld ens.

Dit kan ook gesê word van ons teologie. Behalwe die Skotte was die grondlêërs en bouers van ons teologiese denke Nederlands en tot nou nog toe is die Nederlandse teologie ons teologie en is Nederlanders die teologiese skrywers wat ons lees.

En hierdie drie-eeuse Nederlandse beïnvloeding van ons kerklik-godsdienstige lewe en teologiese denke het deurgedring in ons hele volkslewe en diepe spore agtergelaat. Die calvinistiese nugterheid, die uithouvermoë veral in dae van teenspoed en sware beproewing, wat eie aan ons volk is, het ons te danke aan Nederlandse invloed.

Dis nie alleen in die Kaapprovinsie waar Nederlanders die fondamente van ons kerklik-godsdienstige lewe gelê het nie, maar ook in 'n mate in die Oranje-Vrystaat en Natal en vir die grootste mate in Transvaal.

Die eerste predikant in die O.V.S. was wel 'n Skot, tw. Andrew Murray, wat van 1849-1860 leraar in Bloemfontein was, maar daar was ook die Nederlanders soos P. A. C. van Heyningen wat vanaf 1866 tot 1893 in Winburg predikant was, G. Vondewall wat op Bloemfontein vanaf 1862-1870 gestaan het, H. van Broekhuizen wat in Winburg gearbei het van 1861-1866 en in Ficksburg van 1882 tot 1894.

In Natal het in die vroeër jare, behalwe die Amerikaanse predikant Daniel Lindley, ook die volgende Nederlandse leraars gewerk: H. E. Faure in Pietermaritzburg 1853-1859, D. P. M. Huet 1858-1860 in Ladysmith en 1860-1867 in

Pietermaritzburg, A. van Velden in Pietermaritzburg 1868-1879, H. F. Schoon 1883-1917 in Ladysmith.

In Transvaal was die Nederlandse invloed nog sterker. In 1853 word Dirk van der Hoff „die eerste leraar van Transvaal," want hy het bykans die hele Transvaal vanuit Potchefstroom bearbei. Enige jare later kom daar meer predikante uit Nederland soos A. J. Begeman in Pretoria, G. W. Smits en Dirk Postma in Rustenburg, N. J. van Warmelo in Zoutpansberg.

En nie alleen is deur Nederlanders die grondslae gelê van ons kerklik-godsdienstige lewe nie, maar ook van ons skoolwese.

(b) Die Invloed van Nederland op die onderwys in Suid-Afrika.

Die eerste onderwys onder die Oos-Indiese Kompanjie is begin in die vroegste dae van die Nederlandse nedersetting in die Kaap en het vir ongeveer anderhalf eeu ongesteurd voortgeduur. Ook toe die Kaap in die begin van die negentiende eeu in Engelse hande gekom het, het die invloed van die Nederlandse onderwys nog nagewerk in die Suide. In die Noorde was dit onbelemmerd. Die eerste skooltjie in Potchefstroom is deur die Nederlander, ds. Dirk van der Hoff, gestig. Die eerste skoolmeesters was almal Nederlanders. Ons noem hier die name van Spruyt, Van der Linde en Grimm, wat aldrie in Potchefstroom begin het. Hulle is gevolg deur talle Hollandse skoolmeesters wat in die dorpe en orals op die platteland hulle skole en skooltjies gehad het en die jeug van die land gevorm het vir die toekoms.

Die eerste Superintendent van Onderwys in Transvaal was die Nederlander W. J. van Gorcum wat in 1876 aangestel is en hy was nie die laaste Nederlander wat hierdie belangrike pos gevul het nie en so meegehelp het om die grondslae van die onderwys en opvoeding hier te lê. Ons dink hier aan dr. N. Mansvelt wat in 1892 Superintendent geword het en 'n nuwe onderwyswet opgestel het wat 'n groot verbetering op sy voorganger was.

Die skoolboeke in die Kaap en ook in die Republieke was natuurlik almal Nederlands soos die „Trap der Jeugd," die A.B.C.-boek, die Kort Begrip, die Borsluis-Vraeboek, die

„Kleine Gedichten voor Kinderen" deur H. van Alphen, „De Kleine Print-Bybel". Naas die Bybel, die Psalm- en Gesangboek het die meer gevorderde jeug ook kennis gemaak met die stigtelike lektuur van bv. à Brakel, Smytegelt, Sluyter, Hellenbroek, Lodensteyn en van Groenewegen.

(c) Die Invloed van Nederland op die Grondwette en die Regswese in Suid-Afrika.

Ook op hierdie terreine van die lewe is daar sterk Nederlandse invloede. Die ou grondwet van die O.V.S., sowel as die van die S.A. Republiek was albei die werk van Nederlanders. Die Vrystaatse konstitusie is in 1854 opgestel deur die Nederlander Groenendaal en die eerste grondwet van die S.A. Republiek deur sy landgenoot, J. Stuart.

Die Hollands-Romeinse Reg is ook van Nederlandse afkoms en so diep het dit hier wortel geskiet dat die Engelse Reg, nieteenstaande pogings hier en daar, dit nie kon verdring nie.

(d) Die Nederlandse Invloed op ons kuns in Suid-Afrika.

Die Kaaps-Hollandse boustyl, waarvan die mooie gewels die mees uitstaande kenmerk is, getuig, soos die naam reeds aantoon, van Hollandse invloed. Sover bly hierdie boustyl dan ook die enigste besondere kenmerk van ons boukuns. Maar die Nederlanders het nie alleen invloed op ons boukuns uitgeoefen nie, want ons mees beroemde beeldhouer was 'n Nederlander van geboorte, nl. Anton van Wouw, en ons mees beroemde skilder, nl. Pierneef is van Nederlandse ouers.

(e) Die Nederlandse Invloed op ons Taal.

Die Nederlandse- en Afrikaanse taal is eie-bloedfamilie van mekaar. Nie alleen is Afrikaans op Afrikaanse bodem uit Nederland gebore nie, maar Nederlands bly tot op sekere hoogte die voedingsbodem vir die jong Afrikaanse taal wat nog op- en uitgebou moet word en wat nog 'n groot tekort het aan baie woorde soos bv. vakterme. As die Afrikaanse taal nie vir hierdie tekort terugval op Nederlands nie, dan is daar niks wat sal verhoed dat Afrikaans almeer oorneem uit Engels. Ons taal is dan ook al meer as wat ons weet deurspek van Engelse woorde en uitdrukkinge. Ons noem 'n paar voorbeelde. Baie Afrikaners

en selfs uit die hoogste rakke van die geleerdes spreek teenswoordig as volg: daar het jy *jou* onderwyswette, *jou* geregshowe, *jou* staatsondersteunde skema. Die „jou" is natuurlik die Engelse „your." In Afrikaans is dit: daar het jy *die* onderwyswette, *die* staatsondersteunde skemas. 'n Mens sou ook „ons" i.p.v. „die" kan gebruik, nl. daar het jy *ons* onderwyswette ens., maar *jou* onderwyswette ens. kan heeltemaal nie. Dis vreemd aan ons taal.

So vind ons ook Engelse invloed op ons taal in die gebruik van die woord *angstig*. Iedereen op straat spreek bykans deesdae van: *angstig* om saam te gaan i.p.v. gretig om saam te gaan, of ek wil graag saam gaan. Met angstig in hierdie verband word natuurlik dieselfde bedoel as die Engelse woord „anxious," wat gretigheid insluit, terwyl angstig in Afrikaans vrees insluit. Angstig om saam te gaan beteken in slegte Afrikaans dus gretig om saam te gaan, terwyl dit in goeie Afrikaans beteken bangerig om saam te gaan. In albei hierdie gevalle gee die Nederlands vir ons die uitspraak wat die regte gebruik in Afrikaans is: „jou" of „die", „angstig" of „gretig" (graag). In Nederlands gebruik mens in eersgenoemde gevalle die woorde „de" en in tweede genoemde voorbeelde gretig of graag, maar in Engels is dit „your" en „anxious" onderskeidelik. Die kennis van Nederlands is ongetwyfeld 'n kragtige middel teen die indringing van Anglisismes in ons taal. Daar is ook wel sprake van Hollandismes in ons taal volgens die mening van sommige. Na ons beskeie mening bestaan die alleen by die ouer geslag Afrikaners wat geen Afrikaans op skool geleer het nie, en is gevolglik van verbygaande aard.

Ook in ons kanseltaal begin die Anglisismes al binne te dring. So hoor 'n mens al van „dit wat". (= Engels „that which"), bv. *dit wat* God ons in sy beloftes skenk i.p.v. *wat* God ons in sy beloftes skenk. Nederlands is ook *„wat"* bv. „wat God ons in zijn beloften schenkt is gewis en zeker."

Ook hoor 'n mens op die kansels van *„hierdie"* sonder 'n selfstandige naamwoord daarnaas, bv. *hierdie* is 'n ewige verbond (= Engels: „this is an everlasting covenant."). Bedoel word: hierdie verbond is ewig of is 'n ewige verbond.

Die invloed van Nederlands kan alleen suiwerend inwerk op ons jong taal.

Daar bestaan by 'n klein minderheid van ons volk 'n anti-Hollandse gevoel. Hoe dit verklaar moet word is moeilik om te weet. Sou dit nog naleef uit die dae van die Republiek toe Paul Kruger aan Nederlandse amptenare voorkeur gegee het bo amptenare uit die destydse Engelse Kaapkolonie en toe teleurgestelde Kapenaars 'n anti-Hollandse gees aangewakker het? Of moet dit miskien uit indirekte Engelse invloede verklaar word? Engeland en ook die Engelse pers in Suid-Afrika was altyd en is nog steeds nie gesteld op Nederlandse invloede in ons land nie. Daarom mog reeds vanaf 1815 geen Hollandse predikante in die Kaapkolonie meer aangestel word nie. En is hierdie anti-Hollandse gevoel van sommige Engelse onbewus oorgeneem deur sommige Afrikaners wat tog vir tweederde Nederlandse bloed in hulle are het? Of moet hierdie gevoel verklaar word uit 'n te enge nasionalisme by sommige Afrikaners wat uit oordrewe patriotiese oorwegings teen alle buitelanders is al kom laasgenoemdes ook uit die stamverwante Nederland?

Ons weet dit nie, maar wat wel 'n feit is, is dat 'n anti-Hollandse gevoel die verlede uit die oog verloor en ondankbaarheid teenoor wat Nederland en Nederlanders vir ons in die verlede beteken het, openbaar. Dit moet ten seerste betreur en teengegaan word en dankbaar moet gebruik gemaak word van die hulp en vriendskap wat Nederland en Nederlanders ons nog steeds bied. Met blydskap moet ons konstateer dat daar skynbaar 'n kentering kom soos blyk uit die kulturele ooreenkoms tussen Nederland en Suid-Afrika, die uitruil van geleerdes wat al verskillende kere plaasgevind het en die feit dat in verskillende groot stede komitees gevorm is om Nederlandse en ander immigrante in die Afrikaanse volkslewe te verwelkom.

Beter verhoudinge kan alleen Nederland en Suid-Afrika ten goede kom.

JOH. DREYER.

Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika.

Die Algemene Kerkvergadering:

Die Algemene Vergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika kom minstens een keer in drie jaar byeen (Art. 14 van die Kerkwet), en is saamgestel uit alle diensdoende predikante en hoogstens twee ouderlinge en een diaken uit elke gemeente, asook die professore in die teologie vanwë die Ned. Herv. Kerk, en die emeriti-predikante, beide met adviserende stem. Die laaste Algemene Kerkvergadering het in Maart 1951 saamgekom.

Die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering:

Ds. A. J. G. Oosthuizen (Voorsitter), Ds. T. F. J. Dreyer (Ccriba), Ds. S. Vermooten (Vise-Voorsitter), Ds. E. S. Mulder (Vise-Scriba), Ds. J. J. Prinsloo J.-sn., Ds. D. F. Erasmus en die volgende ouderlinglede: A. H. Visage, C. P. Engelbrecht, N. J. Grobler, J. H. S. Botha, P. J. Basson, J. G. Steyn, A. L. van Coller, C. L. Basson, H. A. Coetzee.

Die Raad van Finansies:

Prof. Dr. B. de Loor (Voorsitter), Ds. Abr. Ras (Vise-Voorsitter), Di. J. J. Prinsloo J.-sn., A. J. G. Oosthuizen, J. G. M. Dreyer (Scriba—Die Administrateur).

Die Pensioenraad:

Professor Dr. B. de Loor (Voorsitter), Ds. J. J. Prinsloo J.-sn. (Vise-Voorsitter), Di. G. P. J. Grobler, A. J. G. Oosthuizen en die here J. Hoogland en J. H. H. Janson (Sekretaris).

Die Kuratorium:

Ds. J. G. M. Dreyer (Voorsitter), Ds. J. J. Prinsloo G.-sn. (Scriba), Professor Dr. B. de Loor, Di. E. S. Mulder, D. F. Erasmus, J. J. Prinsloo J.-sn., S. Vermooten.

Die Raad vir Regsadvies:

Ds. E. S. Mulder, Oproeper, Proff. S. P. Engelbrecht, D. Pont, L. I. Coertze en Ds. J. J. Prinsloo, J.-sn.

Die Ondersteuningsraad:

Ds. P. W. Venter, Oproeper, Ds. P. J. Bierman, Ds. A. J. G. Oosthuizen, Diak. R. J. van Rensburg en drie lede van die Ned. Herv. Sustersvereniging.

Die Diakonale Raad:

Ds. P. W. Venter, Oproeper, Ds. P. J. L. Bierman, Diakens R. J. van Rensburg, W. J. Breytenbach en M. C. de Beer.

Die Raad vir Jeugwerk.

Ds. L. M. le Roux, Oproeper, Di. J. D. Storm, W. J. Roos, G. C. Coetzee, Oudl. C. G. Coetzee, C. G. de Groot en Diak. A. F. Pienaar.

Die Raad vir Opvoeding en Onderwys:

Ds. S. Vermooten, Oproeper, Prof. C. K. Oberholzer, Dr. F. C. Symington, Prof. C. H. Rautenbach, Di. C. S. van H. Steenekamp, Joh. Dreyer en S. E. Young.

Die Raad vir Hulpbehoewende Gemeentes:

Ds. Abr. Ras, Oproeper, Ds. C. S. van H. Steenekamp, Ds. A. J. Nolte, Di. W. P. van der Merwe, A. Brandt, P. M. Smith en N. J. van Schalkwyk.

Die Raad vir die Argief:

Die Algemene Argivaris (Prof. S. P. Engelbrecht), die Scriba van die Kommissie van die Algemene Kerkvergadering en die Administrateur van die Kerk.

Die Raad vir die Bestryding van Maatskaplike Euwels:

Ds. P. J. J. Venter, Oproeper, Di. J. J. Engelbrecht, W. M. Wolmarans, W. van Bergen, H. J. Geyser, J. A. Smit en C. G. Botha.

Die Raad vir Verskaffing en Verspreiding van Christelike Leesstof:

Dr. B. J. Engelbrecht, Oproeper, Di. P. J. Booysen, P. A. R. C. van Wyk, C. H. Muller, P. G. van Staden, J. D. H. Smit, D. B. Snyman en I. J. Joubert.

Die Raad vir Belydenis- en Liturgiese Geskrifte en Formuliere:

Prof. B. Gemser, Oproeper, Proff. S. P. Engelbrecht, H. P. Wolmarans, A. S. Geyser, A. van Selms, Ds. D. F. Erasmus en Ds. M. M. Grobler.

Die Raad vir Kerk en Publisiteit:

Ds. F. J. Z. Booysen, Oproeper, Di. W. F. Huyzers, T. N. H. Janson, W. J. Engelbrecht.

Die Raad vir Ouderlinge:

Oudl. A. H. Visage, Oproeper, Oudll. C. J. Moolman, D. J. de Villiers, M. C. P. Bosch en D. H. P. du Toit.

Die Raad vir Kerkmusiek:

Ds. D. F. Erasmus, Oproeper, Prof. A. van Selms, Mev. D. F. Erasmus, Mejj. B. Engel, R. Oberholzer en Willem Mathlener.

Die Raad vir die Bestryding van die Roomse Gevaar:

Prof. S. P. Engelbrecht, Oproeper, Di. S. P. van Rensburg, J. C. du Plessis, A. J. van Staden, H. M. E. Dreyer, P. J. Koekemoer en J. P. B. Venter.

Die Raad vir die Arbeid onder die Buitekerklikes:

Ds. J. J. Prinsloo, G.-sn., Oproeper, Di. P. W. A. Bierman, S. P. Viljoen, Thomas Dreyer, P. G. Geertsema, C. J. S. van Niekerk.

Die Raad vir Arbeid onder Israel:

Prof. A. van Selms, Prof. B. Gemser, Ds. G. J. J. Roos, Ds. D. J. du Toit.

Die Raad vir Arbeid onder die nie Christelike Volke:

Ds. W. J. Kemp, Oproeper, Di. Joh. Dreyer, G. P. J. Grobler, F. J. van Zyl, J. P. Labuschagne, G. J. van Jaarsveld, J. H. van Staden.

Die Kommissie vir die Opstel van die Kategisasieleerboek.

Prof. A. van Selms, Oproeper, Prof. C. K. Oberholzer en Ds. E. S. Mulder.

Die Redaksie van die Almanak:

Prof. S. P. Engelbrecht, Prof. A. van Selms, Ds. J. J. Prinsloo, G.-sn., en Br. J. H. H. Janson.

Die Redaksie van Die Hervormer:

Ds. Joh. Dreyer, Ds. D. F. Erasmus, Dr. P. S. Dreyer, Ds. F. J. van Zyl en Ds. F. van Oosten.

Die Korrespondent met Buitelandse Kerke:

Die Scriba van die Algemene Kerkvergadering, Ds. T. F. J. Dreyer.

Die Administrateur:

Mnr. J. H. H. Janson.
Kantoor: No. 3, Ned. Herv. Kerk-gebou, du Toitstraat, Pretoria. Foon 3-4226.

Kerklike Publikasies:

Die Almanak verskyn jaarliks, prys 2/6 per eksemplaar. „Die Hervormer" verskyn maandeliks. Intekengeld 3/6 per jaar.

KAAPSE PREDIKANTE VOOR 1814.

1665 Johan van Arckel, Kaapstad, 1665, oorlede 12 Jan. 1666.
1666 Johannes de Vooght, Kaapstad, 1666, na Batavia 1666.
1666 Petrus Wagtendorp, Kaapstad 1666, oorlede 15 Feb. 1667.
1667 Adrianus de Vooght, Kaapstad, 1667, na Batavia 1674, oorlede 1674.
1674 Rudolphus Meerlandt, Kaapstad, 1674, na Batavia 1676, oorlede 1699.
1676 Petrus Hulsenaar, Kaapstad 1676, oorlede 16 Des. 1677.
1678 Johannes Overnei, Kaapstad 1678, oorlede 4 Mei 1687.
1687 Johannes van Andel, Kaapstad 1687, na Batavia 1689, oorlede 1690.
1688 Pierre Simond, Drakenstein 1688, na Holland 1702.
1689 Leonardus Terwoldt, Kaapstad 1689, na Batavia 1693.
1694 Hercules van Loon, Kaapstad 1694, na Batavia 1695, Stellenbosch 1700, oorlede 26 Junie 1704.
1695 Petrus Kalden, Kaapstad 1695, na Holland 1708, Ceylon 1722—1737.
1702 Henricus Beck, Drakenstein 1702, Stellenbosch 1707, Kaapstad 1726, emeritus 1731, oorlede 1757.
1707 Engelbertus Franciscus le Bourcq, Drakenstein 1707, na Batavia 1708, oorlede 1748.
1708 Johannes Godefridus d'Ailly, Kaapstad 1708, oorlede 1726.
1714 Petrus van Aken, Drakenstein 1714, oorlede 1724.
1723 Lambertus Slicher, Kaapstad 1723, Drakenstein 1725, oorlede 1730.
1729 Franciscus le Sueur, Kaapstad 1729, emeritus 1746, oorlede 1757.

1731 Johannes Wilhelmus Hersogenraad, Drakenstein 1731, oorlede 27 April 1736.
1732 Henricus Cock, Kaapstad 1732, na Holland 1742, oorlede 1777.
1732 Salomon van Echten, Stellenbosch 1732, Drakenstein 1738, na Holland 1753, oorlede 1771.
1738 Wilhelm van Gendt, Stellenbosch 1738, oorlede 14 Oktober 1744.
1743 Arnoldus Mauritius Meyring, Tulbach 1743, oorlede 1757.
1745 Rugter Andreas Weerman, Swartland 1745, na Batavia 1748.
1746 Ruardus Cloppenburg, Kaapstad 1746, na Holland 1748, oorlede 1751.
1746 Petrus van der Spuy, Kaapstad 1746, Drakenstein 1753, emeritus 1781, oorlede 1809.
1747 Eduard Arentz, Stellenbosch 1747, oorlede 1749.
1750 Christiaan Benjamin Voltelen, Swartland 1750, Kaapstad 1755, oorlede 25 Maart 1758.
1752 Henricus Kroonenburg, Kaapstad 1752, emeritus 1778, oorlede 24 April 1779.
1753 Johannes Appeldoorn, Stellenbosch 1753, oorlede 29 Sept., 1772.
1754 Gerhardus Croeser, Kaapstad 1754, Swartland 1755, oorlede 26 Mei 1770.
1752 Remmerus Harders, Tulbach 1757, emeritus 1775, oorlede 1807.
1758 Johannes Fredericus Bode, Kaapstad 1758, oorlede 29 Julie 1784.
1760 Johannes Petrus Serrurier, Kaapstad 1760, emeritus 1804, oorlede 3 Feb. 1819.
1774 Daniel Goldbach, Swartland 1774, oorlede 19 Maart 1783.
1777 Philippus Kuys, Stellenbosch 1777, oorlede 29 Jan. 1785.
1777 Johannes Abraham Kuys, Tulbach 1777, Kaapstad 1794, oorlede Jan. 1799.
1781 Christiaan Fleck, Kaapstad 1781, oorlede 25 Oktober 1820.
1784 Robert Nicolaas Aling, Drakenstein 1784, oorlede 24 April 1800.
1785 Meent Borcherds, Kaapstad 1785, Stellenbosch 1786, emeritus 1830, oorlede 28 Feb. 1832.
1786 Petrus Johannes van der Spuy, Swartland 1786, Drakenstein, 1806, oorlede 2 April 1807.
1786 Helperus Ritzema van Lier, Kaapstad 1786, emeritus 1793, oorlede 21 Maart 1793.
1792 Johann Heinrich von Manger, Graaff-Reinet 1792, Swellendam 1798, Kaapstad 1802, emeritus 1839, oorlede 2 Mei 1842.
1794 Michiel Christiaan Vos. Tulbach 1794 tot 1802, Swartland 1810, Caledon 1811, emeritus 1818, oorlede 26 Feb. 1825.
1798 Hendrik Willem Ballot, Graaff-Reinet 1798, Swellendam 1802. Tulbach 1803, oorlede 1814.
1803 Johannes Schütz, Swellendam 1803—1813, Graaff-Reinet 1815—1818.
1806 Johannes Jacobus Kicherer, Graaff-Reinet 1806, Tulbach 1815, oorlede 1825.
1810 Johann Wilhelm Ludwig Gebhardt, Drakenstein 1810, emeritus 1823, oorlede 12 Okt. 1825.
1811 Jacobus Scholtz, Swartland 1811, oorlede 9 Nov. 1827.
1813 Tobias Herhold, George 1813, Drakenstein 1823, Stellenbosch 1831, oorlede 10 Des. 1857.

VROEERE PREDIKANTE SEDERT 1853:

(Die eerste predikante onder die Voortrekkers was die Sendelinge Erasmus Smit en Daniël Lindley.)

1853 D. van der Hoff, Potchefstroom 1853, oorlede 1881.
1861 A. J. Begemann, Pretoria 1861, emeritus 1872, oorlede 1925.
1861 G. W. Smits, Rustenburg 1861, emeritus 1886, oorlede 1894.
1864 N. J. van Warmelo, Zoutpansberg 1864, Heidelberg 1868 (verenig 1885, oorlede 1892).
1864 P. A. C. van Heyningen (Lydenburg 1859) onder die Kerkverband van die Ned. Herv. Kerk 1864 (Kroonstad 1866, emeritus 1894, oorlede 1904).
1875 D. P. Ackerman, Wakkerstroom 1875 (verenig 1885, oorlede 1916).
1875 L. G. F. Biccard (Greytown 1861), Zoutpansberg 1875 (verenig 1885, oorlede 1900).
1876 J. C. de Vries (Hulpprediker Sutherland 1870, Du Toitspan 1873), Zeerust 1876 (Laingsburg 1884, emeritus 1894, oorlede 1906).
1876 H. S. Bosman, Pretoria 1876 (verenig 1885, emeritus 1926, oorlede 1933).
1883 C. W. du Toit (Hanover 1869, Pearston 1875, Kruisvallei 1876), Potchefstroom 1883, emeritus 1918, oorlede 1932.
1887 M. J. Goddefroy (Lage Zwaluwe 1887, Yselmonde 1880, Achlum 1882), Pretoria ca. 1887, Middelburg 1905, emeritus 1917, oorlede 1920).
1891 Jac. van Belkum (Varik 1877, Steenwijk 1882, Zierikzee 1889), Rustenburg 1891, Heidelberg 1903, emeritus 1927, oorlede 1933.
1895 A. Lagerwey (Ankeveen 1881, Helenaveen 1884, Hoogeloon 1886, Maasluis 1889), Heidelberg ca. 1895, oorlede 1898.
1896 C. Spoelstra (Zoeterwoude 1894, Pretoria ca. 1896 (Ned. Herv. Kerk verlaat 1897, Heino 1899, eervol ontslaan 1904, oorlede 1918.)
1898 J. Beyer (Lemele 1881, IJselmuiden 1883, Hierden 1886, Harderwijk 1888, Eemnes Binnen 1890), Zeerust 1898, Standerton 1899 (na Holland terug 1900, Beek 1902, Nuenen 1905, emeritus 1907; oorlede 1929).
1899 A. Murray (Standerton 1876, Jacobsdal, O.V.S. 1880), Ventersdorp 1899, Rustenburg 1904, emeritus 1921, oorlede 1930.
1904 L. E. Brandt (Niezijl 1901), Soutpansberg ca. 1904, Johannesburg 1908, Vereeniging ca. 1923, Kensington—Turffontein 1930, oorlede 1939.
